
# Die Ou Testament in 12 lesse.



# Inhoudsopgawe


1. Inleiding. ..... 8
   a. Ek hoor. ..... 8
   b. Ek sien. ..... 9
      i. Tydlyne. ..... 9
      ii. Oorsig oor die Ou Testament. ..... 10
   c. Ek glo. ..... 11
   d. Ek vertel. ..... 12
   e. Ek verheerlik. ..... 13
   f. Indeling van die lesse. ..... 13
2. Die Oergeskiedenis. ..... 14
   a. Ek hoor. ..... 14
   b. Ek sien. ..... 17
      i. Inleiding. ..... 18
      ii. Die begin. ..... 18
      iii. Die sondeval. ..... 18
      iv. Kain, Abel en die volgende geslagte. ..... 19
      v. Die vloed. ..... 19
      vi. Die toring van Babel. ..... 19
   c. Ek glo en gehoorsaam. ..... 19
   d. Ek vertel en verheerlik. ..... 21
3. Die aartsvaders. ..... 23
   a. Ek hoor. ..... 23
   b. Ek sien. ..... 24
      i. Inleiding. ..... 25
      ii. Abraham ..... 25
      iii. Isak ..... 26
      iv. Jakob ..... 27
      v. Josef ..... 28
   c. Ek glo en gehoorsaam. ..... 29
   d. Ek vertel en verheerlik. ..... 30
4. Die uittog. ..... 32
   a. Ek hoor. ..... 32
   b. Ek sien. ..... 33

i. Inleiding. ....................................................................................33
ii. Moses opgelei en geroep....................................................................34
iii. Die tien plae. ..............................................................................35
iv. Verbond by Sinai. .........................................................................36
v. Die bou van die tabernakel..................................................................36
vi. Levitikus: Versoening en heiligheid. ......................................................37
c. Ek glo en gehoorsaam. ..........................................................................38
d. Ek vertel en verheerlik. ..........................................................................40
5. Die woestyntog verhale.............................................................................42
a. Ek hoor.....................................................................................................42
b. Ek sien .....................................................................................................43
i. Inleiding. ....................................................................................44
ii. Die volk vertrek vanaf Sinai..................................................................44
iii. Die Kades krisis. ..........................................................................44
iv. Korag se opstand.............................................................................44
v. Die koperslang. ................................................................................45
vi. Deuteronomium.................................................................................45
c. Ek glo en gehoorsaam. ..........................................................................46
d. Ek vertel en verheerlik. ..........................................................................48
6. Die inname van die land en die rigters tydperk.........................................49
a. Ek hoor.....................................................................................................49
b. Ek sien. ....................................................................................................50
i. Inleiding. ....................................................................................50
ii. Inname van die land. ........................................................................51
iii. Verdeling van die land......................................................................53
iv. Rigters...........................................................................................53
v. Rut. ...............................................................................................55
c. Ek glo en gehoorsaam. ..........................................................................55
d. Ek vertel en verheerlik. ..........................................................................56
7. Die verenigde koninkryk. ...........................................................................58
a. Ek hoor.....................................................................................................58
b. Ek sien. ....................................................................................................59
i. Inleiding. ....................................................................................59
ii. Oorgang van rigters na konings ...........................................................60

iii. Saul en Dawid ....61
iv. Dawid se sukses ....62
v. Dawid se probleme ....62
vi. Koning Salomo ....63
c. Ek glo en gehoorsaam. ....64
d. Ek vertel en verheerlik. ....65
8. Die verdeelde koninkryk. ....67
a. Ek hoor. ....67
b. Ek sien ....67
i. Inleiding ....67
ii. Die Ryk verdeel. ....69
iii. Elia in tyd van Agab (Noord) en Josafat (Suid). ....69
iv. Jona in tyd van Jerobeam II (Noord) en Ussia (Suid). ....70
v. Jesaja in tyd Hiskia (Suid) en Noordelike Ryk se val. ....71
vi. Jeremia in tyd van Suidelike Ryk se val. ....72
c. Ek glo en gehoorsaam. ....74
d. Ek vertel en verheerlik. ....75
9. Die ballingskap. ....77
a. Ek hoor. ....77
b. Ek sien ....78
i. Inleiding ....78
ii. Wegvoering 1: Daniël en sy vriende. ....79
iii. Wegvoering 2: Koning Jojagin, Esegiël en Mordegai. ....79
iv. Wegvoering 3: Jerusalem val en die tempel verbrand. ....80
v. Gedurende die ballingskap. ....81
vi. Naby die einde van die ballingskap. ....81
c. Ek glo en gehoorsaam ....82
d. Ek vertel en verheerlik ....83
10. Terugkeer uit Ballingskap. ....85
a. Ek hoor. ....85
b. Ek sien. ....87
i. Inleiding. ....87
ii. Afkondiging 1, Kores. Herbou die tempel (Esra 1-4:23, Nehemia 7:5-12:7). ....88
iii. Afkondiging 2: Darius. Maak die bouwerk klaar (Esra 4:24-6:22). ....88

iv. Afkondiging 3: Esra, gaan verfraai die tempel (Esra 7-10). 90
v. Afkondiging 4: Nehemia, gaan herstel die mure. (Nehemia 1-7:4, 12:8-13:31). 90
vi. Ester en Maleagi. 91
vii. 400 jaar van stilte. 91
c. Ek glo en gehoorsaam. 92
d. Ek vertel en verheerlik. 93
11. Ander boeke. 94
a. Ek hoor. 94
b. Ek sien 95
i. Inleiding 95
ii. Wysheid in Job 95
iii. Wysheid in Spreuke 97
iv. Wysheid in Prediker 98
v. Hooglied 99
vi. Psalms 99
c. Ek glo en gehoorsaam 101
i. God, die Vader is die bron daarvan: 101
ii. Christus is die onderwerp van die wysheid: 101
iii. Die Heilige Gees is die gewer van die wysheid: 101
d. Ek vertel en verheerlik 102
12. Samevatting 103
a. Ek hoor. 103
b. Ek sien 104
i. Voorbeskik: Alles tot Sy eer. 105
ii. Skepping tot God se eer. 106
iii. Sondeval: Eie eer. 106
iv. 'n Volk uit aartsvaders om Hom te eer. 106
v. Uittog verhale tot Sy eer. 106
vi. Woestyntog verhale tot Sy eer. 106
vii. Inname tot rigters 107
viii. Konings: Vir ewig op die troon. 107
ix. Verdeelde ryk. 107
x. Ballingskap ter wille van Sy Naam. 108
xi. Terugkeer: Prioriteite tot my eer. 108

xii. Ander boeke ..... 108
xiii. Nuwe Testament ..... 108
c. Ek glo en gehoorsaam ..... 109
d. Ek vertel en verheerlik ..... 110
13. Aanhangsel 1: Riglyne vir kleure gebruik. ..... 112
14. Aanhangsel 2: Detail tydlyn, konings en profete. ..... 113

# 1. Inleiding.

## a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

Onse Vader in die hemel, as ons nou met twaalf lesse twaalf groot treë deur die Ou Testament gaan gee, open ons oë deur U Gees dat ons U werk, deur U Seun Jesus Christus sal raaksien in die boeke van Moses, die Profete en die Psalms. Help ons om dit te glo, gehoorsaam daaraan te wees, ander daarvan te vertel en U daarvoor te verheerlik. Amen.

Ons lees saam uit Lukas 24:

*13En kyk, juis op dié dag was twee van hulle op pad na 'n dorp met die naam Emmaus, sestig stadion van Jerusalem af. 14Hulle het met mekaar gepraat oor al hierdie dinge wat gebeur het.*

*15 Terwyl hulle so praat en bespiegel, kom Jesus self nader en loop saam met hulle, **16maar** hulle oë is verhinder om Hom te herken. 17Hy sê toe vir hulle: "Waaroor loop julle so met mekaar en redeneer?" Hulle het gaan staan, hulle gesigte somber. 18Een van hulle, met die naam Kleopas, het Hom geantwoord: "Is u die enigste vreemdeling in Jerusalem wat nie weet van die dinge wat in hierdie dae in die stad gebeur het nie?" 19Hy vra hulle: "Watter dinge?" En hulle antwoord Hom: "Dit wat gebeur het met Jesus van Nasaret, 'n profeet, magtig in woord en daad in die oë van God en die hele volk, 20en hoe die leier priesters en ons volksleiers Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom laat kruisig het. 21Ons het bly hoop dat dit Hy is wat Israel gaan verlos. Maar intussen is dit nou al die derde dag vandat dit gebeur het. 22 Sommige vroue uit ons geledere het ons boonop ontstel. Hulle was vanoggend vroeg by die graf, 23en toe hulle sy liggaam nie vind nie, het hulle kom vertel dat hulle 'n visioen gesien het van engele wat sê dat Hy leef. 24 'n Paar van ons het na die graf gegaan en dit net so aangetref soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie."*

*25Toe sê Hy vir hulle: "O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het! 26Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? " 27 Hierna het Hy begin om al die Skrifte oor Hom, vanaf Moses en die Profete, vir hulle uit te lê.*

*28Toe hulle nader kom aan die dorpie waarheen hulle op pad was, het Jesus voorgegee dat Hy verder wil reis. 29Maar hulle het sterk by Hom aangedring: "Bly by ons, want dit is amper aand, en die dag is reeds verby." Hy het toe ingedraai om by hulle oor te bly.*

*30 Terwyl Hy saam met hulle vir ete aangeleun het, het Hy brood geneem, die seën gebed uitgespreek, dit gebreek en vir hulle gegee. 31Toe is hulle oë geopen, en hulle het Hom herken. Hy het egter uit hulle sig verdwyn. 32En hulle het vir mekaar gesê: "Was ons harte nie brandend in ons toe Hy met ons langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?"*

*33Hulle het onmiddellik opgestaan en na Jerusalem teruggekeer, waar hulle die elf, en die ander saam met hulle, bymekaar gevind het. 34 En hulle het gesê: "Die Here is werklik uit die dood opgewek en het aan Simon verskyn!" 35Hulle verduidelik toe wat op die pad gebeur het, en hoe Hy met die breek van die brood aan hulle bekend geword het.*

*36Terwyl hulle nog besig was om oor hierdie dinge te praat, staan Hy self tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!" 37 Verskrik en beangs, het hulle gedink dat hulle 'n gees sien. 38Maar Hy sê vir hulle: "Waarom is julle ontsteld, en waarom kom daar twyfel in julle harte op? 39Kyk na my hande en my voete, dit is Ek self! Vat aan my, en kyk – 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie." 40Nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en voete. 41Omdat hulle dit van vreugde steeds nie kon glo nie en verbaas was, sê Hy vir hulle: "Het julle iets te ete hier?" 42 En hulle het Hom 'n stuk geroosterde vis gegee. 43Hy het dit geneem en dit voor hulle geëet.*

*44Daarna het Hy vir hulle gesê: "Dit was my woorde wat Ek tot julle gerig het toe Ek nog saam met julle was, dat alles wat in die Wet van Moses en die Profete en die Psalms oor My geskryf is, vervul moet word. " 45Daarop het Hy hulle verstand daarvoor geopen om die Skrifte te verstaan, 46en vir hulle gesê: "So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin, 48 en getuies van hierdie dinge wees. 49 En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur. Maar bly julle in die stad totdat julle met krag uit die hoogte toegerus word."*

*50Daarna het Jesus hulle uit die stad gelei, tot by Betanië. Hy het sy hande opgehef en hulle geseën. 51 Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan, en is in die hemel opgeneem. 52Hulle het Hom aanbid, en met groot blydskap na Jerusalem teruggekeer. 53En hulle het God voortdurend in die tempel terrein bly prys. (Lukas 24).*

**b. Ek sien.**

**i. Tydlyne.**

Vir ons om 'n teks te verstaan moet ons eers die konteks raaksien. Ons moet verstaan waar ons in die Bybel is. Ons moet ook raaksien watter ander gedeeltes in die Bybel vertel dieselfde verhaal. As ons dit verstaan, moet ons kyk wat net voor en net na die gedeelte gebeur sodat ons die konteks van die gedeelte verstaan. Eers daarna kan ons die teks gedeelte dieper bestudeer.


Om te sien waar ons in die Bybel is, gaan ons gebruik maak van tydlyne. Omdat ons in elke les van tydlyne gebruik gaan maak, kom ons spandeer bietjie meer tyd om tydlyne te verduidelik.

Die bokant van 'n tydlyn:

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4000vC | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 2948vC | | | | | | | | | | | | | 2348vC | | | | 2182vC | | | | | | |
| 4000 | 3960 | 3920 | 3880 | 3840 | 3800 | 3760 | 3720 | 3680 | 3640 | 3600 | 3560 | 3520 | 3480 | 3440 | 3400 | 3360 | 3320 | 3280 | 3240 | 3200 | 3160 | 3120 | 3080 | 3040 | 3000 | 2960 | 2920 | 2880 | 2840 | 2800 | 2760 | 2720 | 2680 | 2640 | 2600 | 2560 | 2520 | 2480 | 2440 | 2400 | 2360 | 2320 | 2280 | 2240 | 2200 | 2160 | 2120 | 2080 | 2040 | 2000 | |
| Adam | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Noag | | | | | | | | | | | | | Vloed | | | | Toring van Babel | | | | | | |

Bo aan 'n tydlyn gee ons tye soos bv. 2948vC. Die v.C. beteken voor Christus. So, 2948vC beteken dit is twee duisend negehonderd agt en veertig jaar voor Christus. As ons af beweeg in die tydlyn sien ons dit is die jaar waarin Noag gebore is. Soortgelyk kan ons aflees dat die vloed in 2348vC plaasgevind het.

In al die lesse is elke prentjie net een tydlyn. Die tydlyn hieronder is 'n uitsondering. Bo aan is die eerste 2000 jaar van die Bybel – die Oergeskiedenis. Ons sal daarna kyk in les 2. Die volgende tydlyn hanteer die tweede 2000 jaar van die Bybel – die res van die Ou Testament.




Die jare tel af van links na regs na 0 toe wanneer Jesus gebore is. (Terloops, Jesus is eintlik in 4vC gebore, maar ons gaan nie nou in die detail daarvan in nie).

Ons sal aan die einde van al die lesse weer kyk na die detail van die tydlyn, want dan sal ons dit baie beter verstaan. Vir nou, wil ons net 'n paar dinge uitlig:

1. Bo aan die tydlyne is daar altyd die skaal wat groter indelings van die tydlyn aandui.
2. Net onder dit is kleiner blokkies. Dit wys hoeveel jaar elke blokkie op die skaal vir die spesifieke tydlyn is. In hierdie geval is dit 40 jaar.
3. Onder aan die tydlyn is daar altyd Bybelboeke om te wys waar in die Bybel die gebeure opgeskryf is. As die skaal in meer detail is vir die spesifieke les, word hoofstuk nommers ook gewys.
4. Die middelste gedeelte wys dan die gebeure. Die volgorde loop van links na regs en bo na onder.

### ii. Oorsig oor die Ou Testament.

So, hoe ons hierdie tydlyn moet lees, is soos volg:

Die verhaal begin by Abraham en vertel dan van Isak, Jakob, en Josef. In Josef se tyd is hulle na Egipte. Job het in dieselfde tyd geleef. Dit alles lees ons in Genesis 12-50. Die opsommende beskrywing daarvan is Verbond tot uittog – 'n tydperk van 430 jaar.

Eksodus tot Deuteronomium vertel vir ons van die Uittog uit Egipte. Daarna lees ons hoe die land ingeneem is in die boek Josua. Na die inname kry ons die rigters tydperk en die boek Rut vind plaas in dieselfde tyd.

Ons ontmoet vir Samuel aan die einde van die Rigters tyd. Saul was die eerste koning, daarna Dawid en toe Salomo. Hierdie geskiedenis word vertel in die boeke Samuel, Konings en Kronieke. Dawid het baie van die Psalms geskryf en Salomo het Spreuke, Prediker en Hooglied geskryf, so daardie boeke is in dieselfde tydperk.

Na Salomo het die Ryk verdeel in twee: Die Noordelike Ryk en die Suidelike Ryk. Die volk was ongehoorsaam en profete is na hulle toe gestuur. Die Noordelike Ryk is in 921vC in ballingskap weggevoer en het nooit weer teruggekeer nie. Die Suidelike Ryk is in 586vC weggevoer. Klaagliedere is in daardie tyd geskryf. Na sewentig jaar van ballingskap, het hulle teruggekeer. Die tempel en die stad se mure is in hierdie tyd herbou. Die boeke Esra, Nehemia en Ester vertel van hierdie tyd. Die Ou Testament eindig hier.

Na hierdie gebeure word daar vir honderde jare nie iets in die Bybel opgeskryf nie. Die Nuwe Testament begin by Christus se geboorte by ongeveer 0vC. Die vier Evangelies, Matteus, Markus, Lukas en Johannes vertel van Jesus se lewe op aarde.

Handelinge tot Judas vertel van die verspreiding van die Evangelie en die Bybel eindig met die boek Openbaring wat vertel wat in die toekoms gaan gebeur.

Die hoofstuk wat ons saam gelees het, kom uit Lukas. Dit is dus in die Nuwe Testament. Die boeke Matteus, Markus en Johannes vertel dieselfde verhaal. Kom ons kyk nou in meer detail na die hoofstuk wat ons saam gelees het en verduidelik waarom ons 'n Nuwe Testament hoofstuk lees as ons kursus gaan oor die Ou Testament.

**c. Ek glo.**

Kom ons kyk wat in Lukas 24 gebeur het. Ons het in vers 13 begin lees: *juis op dié dag.*

Die verse net voor dit het vertel dat dit op die Sondag was – drie dae nadat Jesus gekruisig was. Die twee mense is op pad huis toe. Moedeloos, want hulle het so gehoop dat Jesus die koning sou wees wat die Romeinse juk sou afgooi. Terwyl hulle oor al die dinge gesels het, het Jesus by hulle aangesluit, maar hulle het hom nie herken nie. Nadat hulle hom vertel het wat gebeur het, antwoord hy:

*25Toe sê Hy vir hulle: "O, julle wat so sonder begrip is, met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gesê het! 26Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? " 27 Hierna het Hy begin om al die Skrifte oor Hom, vanaf Moses en die Profete, vir hulle uit te lê.*

Sien julle – Hy wys hulle daarop dat hulle moes glo wat die profete al lankal oor Hom voorspel het. Dan begin hy om vir hulle te wys hoe die Ou Testament (Moses en die Profete) vooruit gewys het na Hom.

Later, terwyl hulle saam geëet het, het hy die brood gebreek (soos hy by die instelling van die nagmaal gedoen het). Juis toe lees ons die woorde: *31Toe is hulle oë geopen, en hulle het Hom herken.*

Sien julle wat hier gebeur het? Die Heilige Gees het hulle die Woord laat verstaan.

**d. Ek vertel.**

Wat was hulle reaksie:

*33Hulle het onmiddellik opgestaan en na Jerusalem teruggekeer, waar hulle die elf, en die ander saam met hulle, bymekaar gevind het. 34 En hulle het gesê: "Die Here is werklik uit die dood opgewek en het aan Simon verskyn!"*

Na hulle gehoor, gesien en geglo het, het hulle gaan vertel. In hierdie laaste verse in Lukas sien ons hoe Jesus ook aan die dissipels verskyn het. Ons sien presies dieselfde patroon herhaal hier. Jesus het vir hulle gewys hoe die Ou Testament na Hom vooruit gewys het. Hy deel die Ou Testament op in drie dele: Die Wet van Moses, die Profete en die Psalms.

*"Dit was my woorde wat Ek tot julle gerig het toe Ek nog saam met julle was, dat alles wat in die Wet van Moses en die Profete en die Psalms oor My geskryf is, vervul moet word.*

Weer sien ons hoe die Gees deur die Woord werk en hulle geglo het:

*45Daarop het Hy hulle verstand daarvoor geopen om die Skrifte te verstaan,*

En dan kry hulle die opdrag om te gaan vertel:

*46en vir hulle gesê: "So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, 47en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin, 48 en getuies van hierdie dinge wees. 49 En kyk, Ek sal die belofte van my Vader na julle stuur. Maar bly julle in die stad totdat julle met krag uit die hoogte toegerus word."*

Hier sien ons ook dat hulle die krag sou ontvang om te vertel van die Heilige Gees.

Ons gaan daarom elke les indeel in die patroon van Lukas 24:

Ek hoor: Ons gaan luister na die Woord van die Here.

Ek sien: Ons gaan die tydlyne gebruik om die konteks te verstaan.

Ek glo en gehoorsaam: Ons gaan biddend na die teks gedeelte se gebeure kyk en vertrou dat die Gees ons oë sal oopmaak om dit te verstaan, sodat ons kan glo. Ons sal ook besin hoe die geloof dan oorgaan in gehoorsaamheid.

Ek vertel: As ons met die Lewende Waer gevul word, wil ons oorloop om ander te vertel.

Ek verheerlik: Lukas 24 eindig met die woorde:

*52Hulle het Hom aanbid, en met groot blydskap na Jerusalem teruggekeer. 53En hulle het God voortdurend in die tempel terrein bly prys.*

### e. Ek verheerlik.

Efesiërs 1 maak dit duidelik dat God ‘n vooraf bestemde plan het en die einddoel daarvan dat ons Hom sal verheerlik:


*3Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus!*
*Dit is Hy wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel. 4So het Hy*
*ons voor die grondlegging van die wêreld in Hom uitgekies,* ***sodat*** *ons heilig en onberispelik in*
*liefde voor Hom sou wees, 5nadat Hy ons voorbestem het om ons deur Jesus Christus as sy*
*kinders aan te neem, soos Hy dit volgens sy wil goedgedink het,* ***6tot*** *lof van die heerlikheid*
*van sy genade, waarmee Hy ons in die Geliefde begenadig het.*

*7In Hom het ons die bevryding deur sy bloed, die vergewing van ons oortredings uit die rykdom*
*van sy genade, 8wat Hy oorvloedig aan ons geskenk het, saam met alle wysheid en insig. 9Hy*
*het die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak, soos Hy dit goedgedink en in Christus*
*voorgeneem het, 10om die volheid van die tye te bestuur, en om alle dinge – die dinge in die*
*hemel en die dinge op die aarde – onder een Hoof in Christus saam te bring,*

*11In Hom is ons ook as erfgename uitverkies, voorbestem volgens die voorneme van die Een*
*wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur,* ***12sodat*** *ons, wat van die begin af ons hoop op*
*Christus gevestig het, kan bestaan* ***tot*** *lof van sy heerlikheid. 13In Hom is julle, toe julle die*
*woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het,*
*verseël met die Heilige Gees, wat beloof is. 14Die Gees is die waarborg van ons erfenis, om*
*ons los te koop as God se eiendom,* ***tot*** *lof van sy heerlikheid.* (Efesiërs 1).

### f. Indeling van die lesse.

Die lesse is so ingedeel: Tot by les 5 gaan ons kyk na die boeke van Moses, die volgende 5 lesse gaan ons na die profete kyk en een les na die Psalms. Die laaste les sal weer alles saamvat.



## 2. Die Oergeskiedenis.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

*O almagtige God, Skepper van hemel en aarde, ons erken as ons U Woord lees, het ons nie die vermoë om dit self te verstaan nie. Daarom bid ons dat U vandag ons ore sal open as U met ons praat en ons oë sal open om raak te sien hoe die konteks dit verlig. Maak ons harte ontvanklik om U beloftes daarin te glo. Werk met U Gees in ons harte en verander ons harte sodat ons sal verander om daaraan gehoorsaam te wees. Ja, Here maak ons U dissipels wat weer ander dissipels maak. Maar bo alles Here, gee dat ons dit nie vir onsself en ons eie voordeel sal wil doen nie, maar tot U eer alleen. Amen.*

Ons gaan in elke les eers 'n kort perikoop uit die Nuwe Testament lees en dan een kern hoofstuk of deel uit die gedeelte van Ou Testament afdeling wat ons in die les wil behandel. Dan gaan ons eers die konteks gee en weer terugkom na die teks gedeeltes wat ons aan die begin gehoor het om dit te verstaan, glo en die toepassing daarin vir ons raak te sien.

Ons lees saam uit Johannes 1:1-5 en enkele verse uit Romeine 1:

*1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2Hy was in die begin by God. 3 Alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie. 4In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. 5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie. (Johannes 1).*

*18Die toorn van God word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtigheid te probeer onderdruk, 19 aangesien dit wat van God geweet kan word, aan hulle bekend is. God het dit immers aan hulle bekend gemaak. 20 Want sy onsigbare eienskappe, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar. Gevolglik is hulle sonder verontskuldiging; 21want alhoewel hulle God ken, het hulle Hom nie as God geëer of gedank nie. Inteendeel, hulle denke het sinloos geword en hulle onverstandige harte is verduister. 22 Alhoewel hulle beweer dat hulle wys is, het hulle dwaas geword. 23 Hulle het naamlik die heerlikheid van die onsterflike God verruil vir 'n afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. (Romeine 1).*

Ons kan hierdie Nuwe Testament tekste net werklik verstaan as dit belig word uit die Ou Testament, so kom ons begin by die begin en lees Genesis 1 saam:

*1 In die begin het God die hemel en die aarde geskep. 2 Die aarde was woes en leeg, en donkerte was oor die oerwater. Maar die Gees van God het oor die water gesweef,*

**[Dag 1]** *3 en God het gesê: "Laat daar lig wees!" En daar was lig. 4God het gesien dat die lig goed was. God het toe die lig en die donker van mekaar geskei. 5God het die lig dag genoem en die donker het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was oggend – **dag een.***

**[Dag 2]** *6 God het gesê: "Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen water en water." 7God het die gewelf gemaak, en Hy het die water wat onder die gewelf was, geskei van die water wat bo die gewelf was. Dit het toe so gebeur. 8God het die gewelf hemel genoem. En dit was aand en dit was oggend – **'n tweede dag.***

**[Dag 3]** *9 God het gesê: "Laat die water wat onder die hemel is, op een plek bymekaarkom, sodat die droë grond sigbaar word." Dit het toe so gebeur. 10God het die droë grond 'land' genoem en die versamelplek van die water het Hy 'see' genoem. God het gesien dat dit goed is.11 God het gesê: "Die land moet groen plante laat uitspruit – gewasse wat saad gee, bome wat op die land vrugte dra, vrugte volgens elkeen se aard, vrugte waarin hulle saad is." Dit het toe so gebeur. 12Die land het toe groen plante voortgebring, gewasse wat saad gee volgens elkeen se aard, en bome wat vrugte dra waarin hulle saad is, volgens elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is.13En dit was aand en dit was oggend – **'n derde dag.***

**[Dag 4]** *14God het gesê: "Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om skeiding te maak tussen dag en nag. Hulle moet daar wees vir tekens en vir vaste tye, en vir dae en jare. 15Hulle moet daar wees as ligte aan die hemelgewelf om lig te gee op die aarde." Dit het toe so gebeur. 16 God het die twee groot ligte gemaak, die groot lig om te heers oor die dag, en die klein lig om te heers oor die nag, en ook die sterre. 17God het hulle aan die hemelgewelf geplaas om lig te gee op die aarde, 18 en om te heers oor die dag en die nag, en om skeiding te maak tussen die lig en die donker. God het gesien dat dit goed is. 19En dit was aand en dit was oggend – **'n vierde dag.***

**[Dag 5]** *20God het gesê: "Laat die water wemel met lewende wesens, en laat voëls oor die aarde vlieg langs die hemelgewelf." 21God het volgens hulle aard die groot seediere geskep en al die lewende wesens wat rondbeweeg, waarvan die water wemel, en alle vlieënde voëls, volgens elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is. 22God het hulle geseën deur te sê: "Wees vrugbaar, word meer en vul die water in die seë; en laat die voëls meer word op die land." 23En dit was aand en dit was oggend – **'n vyfde dag.***

**[Dag 6]** *24God het gesê: "Laat die land lewende wesens voortbring volgens elkeen se aard: mak diere, kruipende diere en wilde diere van die land, volgens elkeen se aard." Dit het toe so gebeur. 25God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens elkeen se aard, die mak diere volgens elkeen se aard, en al die diere wat op die grond kruip volgens elkeen se aard. God het gesien dat dit goed is.*

*26 God het gesê: "Laat **Ons** mense maak na ons beeld, as ons afbeelding, **sodat** hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg." 27God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep. 28 God het hulle geseën; God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, vermeerder, vul die aarde en onderwerp dit. Heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg."*

*29 God het gesê: "Kyk, Ek gee vir julle al die gewasse wat saad dra, wat op die oppervlakte van die hele aarde is, en al die bome waaraan daar vrugte is, wat saad dra. Vir julle sal dit as voedsel dien. 30 En vir al die diere van die aarde en vir al die voëls van die hemel en alles wat rondbeweeg op die aarde waarin lewensasem is, gee Ek al die groen gewasse as voedsel." Dit het toe so gebeur. 31 God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed. En dit was aand en dit was oggend – **die sesde dag.** (Genesis 1)*

**[Dag 7]** *1 So is die hemel en die aarde en alles wat daarby hoort, voltooi. 2 God was op die sewende dag klaar met sy werk wat Hy gedoen het; en Hy het op die sewende dag gerus van al*

*sy werk wat Hy gedoen het. 3God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar, want op dié dag het Hy gerus van al sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak.* (Genesis 2).

Terwyl ons so geluister het, kon ons hoor hoe drie temas herhaal het:

1. *God het gesê:* Elke keer hoor ons die magtige stem van God en dan gebeur dit soos Hy sê.
2. *God het gesien dat dit goed is.* Na feitlik elke dag hoor ons die refrein dat dit goed was. Op die sesde kyk kyk God na alles en bevestig dit was baie goed. God het alles perfek gemaak.
3. *En dit was aand en dit was oggend – **die x-de dag.*** Daar was 'n vaste ritme van sewe dae. Dag 1 maak God die ruimte vir die dinge wat op dag 4 geskep is. Dag 2 vir dag 5 en dag 3 vir dag 6. Die hoogtepunt is dag 7. Die dag van rus en almal saam in die teenwoordigheid van God.

'n Ander belangrike ding wat ons raakgesien het, is dat God mense gemaak het na sy beeld. As ons die standbeeld van iemand wat al oorlede is sien, kan ons sien hoe hy gelyk het. So ook, as mense na ons kyk, moet hulle God sien. Ons lewens moet tot Sy eer wees, dat mense Sy heerlikheid kan sien. Ongelukkig weet ons dit is nie so nie. Hoekom nie, wat het dan gebeur? Kom ons lees ook Genesis 3:

*1 Die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het. Hy het vir die vrou gevra: "Is dit werklik so dat God gesê het julle mag nie van enige boom in die tuin eet nie?" 2 Die vrou het die slang geantwoord: "Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, 3maar oor die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê, 'Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanraak nie, anders sterf julle.' " 4 Die slang sê toe vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie. 5 Maar God weet dat die dag wanneer julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God, wat goed en kwaad ken."*

*6 Die vrou sien toe dat die boom goed was om van te eet, dat dit 'n lus was vir die oog, en dat die boom begeerlik was om 'n mens insig te gee. Sy het van die vrugte daarvan geneem, dit geëet en ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. 7 Al twee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is. Hulle het vyeblare aaneengeryg en vir hulle lendeskorte gemaak.*

*8 Hulle hoor toe die geluid van die Here God wat in die tuin rondstap in die middagkoelte. Die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9 Die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" 10 Hy het geantwoord: "Ek het U in die tuin hoor beweeg, en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip." 11Hy vra toe: "Wie het vir jou vertel dat jy naak is? Het jy van die boom geëet waaroor Ek jou beveel het dat jy nie daarvan mag eet nie?" 12 Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U gegee het om aan my sy te wees, sy is die een wat vir my van die boom gegee het, en ek het geëet." 13 Die Here God vra toe vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" Die vrou het geantwoord: "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet."*

*14 Toe sê die Here God vir die slang: **"Omdat** jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die mak diere en al die diere van die veld; op jou pens sal jy seil, en stof sal jy eet, solank jy leef. 15 Vyandskap sal Ek tussen jou en die vrou stel, en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop aanval, en jy sal sy hakskeen aanval."*

*16 Vir die vrou het Hy gesê: "Ek sal jou swaarkry met jou swangerskap baie erger maak; met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jou begeerte wees, maar hy sal oor jou heers."*

*17 Vir die mens het Hy gesê: **"Omdat** jy geluister het na jou vrou se stem, en geëet het van die boom waarvan Ek jou beveel het, 'Jy mag nie daarvan eet nie!' is die grond deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef; 18dorings en dissels sal dit vir jou laat uitspruit, en jy sal veldplante eet. 19Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."*

*20Die mens het sy vrou "Eva" genoem, want sy is die een wat die moeder geword het van almal wat lewe. 21Die Here God het daarna vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek.*

*22Toe sê die Here God: "Kyk, die mens het soos een van **Ons** geword deur goed en kwaad te ken. Nou moet hy net nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en vir altyd bly lewe nie. " 23Die Here God het hom toe weggestuur uit die tuin van Eden om die grond waaruit hy geneem is, te gaan bewerk. 24Hy het die mens uitgedryf en aan die oostekant van die tuin van Eden gerubs laat woon, met 'n flikkerende swaard wat heen en weer beweeg, om die pad na die boom van die lewe te bewaak.* (Genesis 3).

Hier is dit dan ook belangrik om 'n paar dinge uit te lig:

Adam en Eva het die waarheid verruil vir 'n leuen. Luister net wat God gesê het in Genesis 2:


*16 Die Here God het die mens beveel: "Van **al** die bome van die tuin mag jy na hartelus eet, 17 **maar** van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wanneer jy daarvan eet, sal jy beslis sterf." (Genesis 2).*

God sê net van een boom mag jy nie eet nie. Satan sê van al die bome... God sê jy sal beslis sterf, Satan sê jy sal beslis nie sterf nie... Satan gebruik God se woorde en verdraai dit. Adam en Eva, verruil die Waarheid vir die leuen. In plaas van om God se eer te soek, Sy beeld te vertoon, het hulle eie eer gesoek. Satan laat hulle begeer om soos God te wil wees.

Die uitkoms: Die verhouding met God is verbreek. Hulle is uit Eden uitgestuur. Die res van die Bybel gaan nou oor hoe hierdie verhouding herstel kan word.

**b. Ek sien.**

Ons gaan in elke les, nadat ons die Woord gehoor het, eers saam kyk na die konteks waarin die gedeelte voorkom. Ons doen dit met die hulp van tydlyne – prentjies wat vir ons tydsaanduidings gee. Die eerste 11 hoofstukke van Genesis noem ons die Oergeskiedenis. Ons tydlyn lyk so:




## i. Inleiding.

Al ons ander tydlyne gee tydsaanduidings van die hoeveelheid jare voor Christus. In die oergeskiedenis, beskou ons Adam se geboorte as jaar 0 en tel van daar af vorentoe soos wat die geslagsregisters in hierdie hoofstukke vir ons inligting gee. Ons doen dit so om te erken dat daar baie verskillende opinies oor die tydperke is. Daar is byvoorbeeld baie debatte of die skepping werklik gedoen is in sewe 24 uur dae. Waarskynlik nie – die son, maan en sterre is eers op dag 4 gemaak, so dae van 24 uur het eers daar begin. Psalm 90 beklemtoon dan 'n duisend jaar vir God soos een dag is. Dit is daarom belangrik dat ons nie vasval in teorieë van evolusie en tyd in hierdie Oertydperk nie. Die 7 dae kan 7 lang tydperke gewees het. Ons moet egter raaksien en erken: God het alles gemaak. Hy openbaar vir ons in Sy Woord alles wat ons nodig het om te verstaan. Hy is so almagtig, hy kan selfs ook so volwasse skepping in een dag gemaak het!

Kyk boaan ons tydlyn: As ons die tydlyn teken met net dit wat in die Bybel staan, loop hierdie tydperk oor 2000 jaar. As ons dan na die gebeure kyk, lees ons van links na regs en bo na onder. Onderaan ons tydlyn kan ons aflees waar in die Bybel ons kan lees van die gebeure. Kom ons gebruik daarmee saam ons prentjies om die storie raak te sien:

## ii. Die begin.



Die skepping was die begin van alles soos ons saam gelees het in Genesis 1. Die prentjie gee iets van hoe die mense die wêreld gesien het. Die aarde is van die waters geskei. God is bo in die hemel en onder die aarde en onder die waters is die doderyk. In Eden was hulle in God se teenwoordigheid.

## iii. Die sondeval.

Kort daarna sien ons die sondeval soos ons saam gelees het uit Genesis 3. Die verhouding met God is verbreek en aan die oostekant van Eden is die toegang tot die tuin bewaak. Van

hier af aan is die soeke hoe om in God se teenwoordigheid te kan wees. In Psalms (soos Psalm 24) hoor ons die versugting: Wie kan teen die berg van die Here opgaan?

**iv. Kain, Abel en die volgende geslagte.**

In Genesis 4 sien ons die verhaal van Kain en Abel. Hebreërs 11 getuig dat Abel gelowig geoffer het. Ons lees hier van die eerste moord en hoe Kain verder oos trek - verder weg van God af.

Genesis 5 gee die eerste geslagsregister. So kan ons raaksien Adam het 930 jaar geleef. Dit is amper die helfte van die hele 2000 jaar! Noag is nie lank na hy dood is gebore nie. Hy het weer 950 jaar geleef – amper die hele tweede helfte van die 2000 jaar! Dit sou dus net een persoon tussen Adam en Noag nodig gehad het om hom die hele storie van die skepping af te kon vertel en net een persoon tussen Noag en Abraham om hom die hele storie van die tweede helfte van die 2000 jaar.

**v. Die vloed.**

Genesis 6-9 vertel die verhaal van die vloed. Ons sien hoe die mens net nog verder en verder van God af weg beweeg het – die hele aarde was sondig en korrup. God het daarom die hele aarde skoon gewas met die vloed. Hebreërs 11 lig uit dat Noag se geloof Hom gered het. So sien ons hom bo op die berg Ararat waar hy die Here aanbid en die Here ‘n nuwe verbond met beloftes aan Noag maak.

**vi. Die toring van Babel.**

Die oergeskiedenis sluit af met nog geslagsregisters en die verhaal van die toring van Babel. By die toring van Babel wou die mens self opklim na God toe. Hulle soeke is egter nie God nie, maar hulle eie eer. God verwar toe hulle taal en so versprei hulle die wêreld in – nog verder weg van God af.

Die oergeskiedenis is ‘n saagtand prentjie van begin, val en straf en weer begin:

A. Skepping (Gen 1,2)

B. Val en straf van Adam (Gen 3)

C. Nuwe begin (Gen 4,5)

D. Val en straf met vloed (Gen 6)

c. Nuwe begin (Gen 8-10)

b. Val en straf met die toring van Babel (Gen 11:1-9)

a. Nuwe begin (Gen 12 en verder – dit behandel ons in die volgende les)

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Kom ons kyk nou weer na die Nuwe Testament tekste waarmee ons geopen het:

*1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. 2Hy was in die begin by God. 3 Alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie. 4In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. 5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie. (Johannes 1).*

Ons moet ook daarmee saam vers 14 lees:

*14En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy **heerlikheid** aanskou, 'n **heerlikheid** soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid. (Johannes 1).*

Noudat ons die die Woord in die Ou Testament gehoor het, open God, deur Sy Gees, ons oë om raak te sien:

Johannes begin sy evangelie met dieselfde woorde as Genesis 1: In die begin.

In Genesis 1:1 het ons gesien die Gees het oor die waters gesweef en in Genesis 1:26 lees ons: *26 God het gesê: "Laat **Ons** mense maak ...*

Johannes vertel ons hier dat Jesus (die Woord soos Johannes 1:14 bevestig) reeds in die begin by God was en dat alles deur Hom ontstaan het. Ons sien dus dat die Drie-eenheid reeds voor die skepping bestaan het. God praat en Sy Woord skep. Daar is lig op dag 1 voor die son van dag 4, en Johannes 1:4 bevestig in Hom was lewe en die die lewe was die lig vir die mense. Maar Hy bevestig dat die Woord self ook God was.

- Ons kan dus glo God is die skepper van hemele en aarde.
- Ons glo in God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat daar was voor die skepping. God is ewig. Hy was nog altyd daar, Hy is nou en Hy sal vir ewig wees.
- Ons glo God het deur die Seun geskep.

In Romeine het ons gelees:

*18Die toorn van God word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtigheid te probeer onderdruk, 19 aangesien dit wat van God geweet kan word, aan hulle bekend is. God het dit immers aan hulle bekend gemaak. 20 Want sy onsigbare eienskappe, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar.*

***Gevolglik** is hulle sonder verontskuldiging; 21want alhoewel hulle God ken, het hulle Hom nie as God geëer of gedank nie. Inteendeel, hulle denke het sinloos geword en hulle onverstandige harte is verduister. 22 Alhoewel hulle beweer dat hulle wys is, het hulle dwaas geword.*

*23 Hulle het naamlik die heerlikheid van die onsterflike God verruil vir 'n afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. (Romeine 1).*

Noudat ons in Genesis 3 van die sondeval gelees het, verstaan ons waar sonde vandaan kom. Die mens kan in die skepping God se werk, sy ewige krag en goddelikheid sien, maar hulle onderdruk die waarheid. Hulle verruil die waarheid vir die leuen. Alhoewel hulle na Sy beeld gemaak is met die doel om Hom te eer, soek hulle hulle eie eer. Hulle verruil die heerlikheid van God vir afbeeldings van ander dinge.

Romeine 3 gaan selfs verder:

*12 Almal het afgedwaal; saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie… 23…Almal het trouens gesondig, en die eer aan God ontbreek by hulle. (Romeine 3).*

- Ons glo: Om die heerlikheid van God vir iets anders te verruil, is sonde.
- Die kern van sonde is dat ons, ons eie eer soek in die plek van God se eer.
- Almal is sondig, ons bely daarom ons is ook sondig en skuldig – ons verdien God se straf.
- Ook vir ons is die ingang na Eden bewaak – ons kan nie ingaan nie.

Gelukkig eindig die Bybel nie hier nie, soos ons die res van die Ou Testament lees, sal ons God se plan raaksien om weer hierdie verbreekte verhouding te herstel en ons toegang te gee. Genesis 3:15 wys juis vooruit na Jesus Christus: *15 Vyandskap sal Ek tussen jou en die vrou stel, en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop aanval, en jy sal sy hakskeen aanval."* Soos ons die res van die Ou Testament lees, sal dit al duideliker en duideliker word.

Waartoe roep hierdie gedeelte jou op? Wat is die dinge waarin jy jou eie eer meer soek as die eer van God?

**d. Ek vertel en verheerlik.**


Kom ons verheerlik God met 'n opsommende gedig:



**Begin (Genesis 1-2).**
Uit woeste waters skep Hy lig, lug en land
'n lewensruimte vir diere, mens en plant
om in Sy heerlike teenwoordigheid
as Sy beeld te wandel tot in ewigheid.



**Sondeval (Genesis 3).**
Die waarheid is vir die leuen verruil
en in skaamte het hulle vir God geskuil.
Hulle is uit Sy teenwoordigheid verban,
'n soeke na herstel van hier af aan…



**Kaïn en Abel (Genesis 4).**
Buite Eden het hulle God deur offers ontmoet,
maar jaloesie lei tot Abel se dooie liggaam, bebloed.
Kaïn is verder oos, weg uit God se teenwoordigheid,
en so kring die sonde net verder en verder uit…



**Vloed (Genesis 5-9).**
Die mensdom se sonde is nie vergeef:
Met vloedwaters is hulle uitgewis.
Maar Noag, het naby God geleef,
en sy ark het op die berg gaan rus.



**Toring (Genesis 10-11).**
Nog verder oos, weg van God, kom hulle saam:
Kom ons maak vir onsself ‘n naam:
Ons bou ‘n stad wat tot in die hemel gaan!
Maar God maak dat hulle mekaar nie verstaan…

**Eie eer (Romeine 1).**
God gee hulle oor aan drange van die hart:
Hul liggame met onsedelikheid onteer,
hulle harte is vir die waarheid verhard
wat in plaas van die Skepper, skepsels eer.

**Toepassing**
As jy dan besef: Hy is Skepper, Heer,
hoe gaan jy Hom met jou lewe eer?
Jy moet teen jou soeke na eie eer stry
en sommer nou knielend dit bely…

## 3. Die aartsvaders.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

O Skepper van hemel en aarde, U wat gesê het laat daar lig wees en daar was lig, verlig ook nou so ons harte as ons U Woord open. Laat ons U beloftes sien, maar meer nog laat ons dit glo. Laat daardie geloof oorgaan in gehoorsaamheid sodat ons U volg as ons U roep. Staan ons by in tye van swaarkry en beproewing, want ons weet U is in beheer en besig om U raadsplan uit te voer.

Amen.

Kom ons lees saam uit Hebreërs 11:

*1Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie. 2Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar met lof aangaande die mense van ouds getuig is 3 Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Gevolglik het dit wat gesien word, nie uit die sigbare ontstaan nie...*

*8 Deur geloof was Abraham gehoorsaam toe hy geroep is om uit te trek na 'n plek wat hy as erfenis sou ontvang, en hy het weggetrek, sonder om te weet waarheen hy gaan. 9 Deur geloof het hy as bywoner in die land van die belofte gaan bly, soos in 'n vreemde land, en het hy in tente gewoon saam met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die argitek en boumeester is. (Hebreërs 11).*

Daarmee saam lees ons uit Genesis 12:

*1Die Here het vir Abram gesê: "Gaan weg uit jou land, weg van jou familie en jou ouerhuis, na die land wat Ek jou sal wys.*

*2" Ek sal jou 'n groot nasie maak; Ek sal jou seën en jou naam groot maak, **sodat** jy 'n seën sal wees. 3 Ek sal hulle seën wat jou seën, maar wie jou verwens, sal Ek vervloek. En deur jou sal al die groot families van die aarde geseënd wees. "*

*4Abram het gegaan, soos die Here vir hom gesê het, en Lot het saam met hom gegaan. Abram was vyf-en-sewentig jaar oud met sy vertrek uit Haran. 5 Abram het Sarai, sy vrou, en Lot, sy broerskind, geneem, ook al die besittings wat hulle bekom het, en al die mense wat hulle in Haran verkry het. Hulle het vertrek om na die land Kanaän te gaan en het in die land Kanaän aangekom. 6Abram het deur die land getrek tot by die plek Sigem, tot by die akkerboom van Morê. Die Kanaäniete was toe in die land.*

*7 Die Here verskyn toe aan Abram en sê: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land." Hy het toe daar 'n altaar gebou vir die Here wat aan hom verskyn het. 8Hy het daarvandaan verder getrek na die heuwelland oos van Bet-El, en sy tente opgeslaan tussen Bet-El aan die westekant en Ai aan die oostekant. Daar het hy vir die Here 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep. 9Toe het Abram algaande verder getrek in die rigting van die Negev. (Genesis 12).*

En laastens lees ons ook saam uit Genesis 15:

*1 Ná verloop van tyd het die woord van die Here tot Abram gekom in 'n visioen: "Moenie bang wees nie, Abram! Ek is 'n skild vir jou. Jou loon is baie groot."*

*2Maar Abram het gesê: "Here, my Heer, wat sal U vir my gee? Kinderloos gaan ek heen. Die erfgenaam van my huis is Eliëser van Damaskus." 3Abram het ook gesê: "Kyk, vir my het U nie 'n nageslag gegee nie. Kyk, 'n seun uit my huishouding gaan my erfgenaam wees."*

*4 Maar kyk, die woord van die Here kom toe tot Abram: "So iemand sal nie jou erfgenaam wees nie, slegs een wat uit jou liggaam voortkom, hy sal jou erfgenaam wees." 5 Toe neem Hy Abram na buite en sê: "Kyk maar op na die hemel en tel die sterre – as jy in staat is om hulle te tel!" En Hy sê vir hom: "So sal jou nageslag wees."*

*6 Hy het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken.*

*7 Die Here het vir hom gesê: "Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs uitgelei het om aan jou hierdie land te gee om dit in besit te neem."*

*8 Hy het gevra: "Here, my Heer, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?"*

*9Toe sê die Here vir hom: "Bring vir My 'n drie jaar oud verskalf, 'n drie jaar oud bok, 'n drie jaar oud skaapram, 'n tortelduif en 'n jong duif."*

*10 Abram het dit alles vir Hom gebring en middeldeur gesny. Toe plaas hy die dele teenoor mekaar. Die voëls het hy egter nie deurgesny nie. 11Roofvoëls het op die dooie diere toegesak, maar Abram het hulle verwilder. 12Toe die son besig is om onder te gaan, het 'n diep slaap Abram oorval. Meteens oorval skrik, 'n groot duisternis, hom.*

*13 Die Here sê toe vir Abram: "Weet baie goed dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal daardie mense moet dien, en dié sal hulle verdruk, vierhonderd jaar lank. 14 Maar ook die nasie vir wie hulle moet dien, gaan Ek oordeel. Daarna sal hulle uittrek met 'n menigte besittings. 15 Wat jou betref, jy sal in vrede na jou voorouers gaan en op 'n hoë ouderdom begrawe word. 16 Die vierde geslag sal hierheen terugkeer. Want die Amoriete se sondeskuld het nog nie sy volle maat bereik nie."*


*17Toe die son ondergegaan het, en dit skemerdonker was – kyk, toe is daar die rook van 'n oond en die vuur van 'n fakkel wat tussen daardie stukke deurbeweeg. 18 Op daardie dag het die Here met Abram 'n verbond gesluit: "Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier – 19die gebied van die Keniete, Kenissiete, Kadmoniete, 20Hetiete, Feresiete, Refaïete, 21Amoriete, Kanaäniete, Girgasiete en Jebusiete."*

**As kern vers vir hierdie les wil ons uitlig: *6 Hy het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken.***

**b. Ek sien.**

Soos ons nou al geleer het, moet ons eers na die konteks kyk om ons teks te verstaan. Ons het in die vorige les tyd in die Oergeskiedenis gespandeer in Genesis 1-11. Oor hierdie 2000 jaar het ons gesien God begin alles deur te skep, maar die mens val in sonde. Ons het weer gelees van 'n nuwe begin met Set, maar die mens sondig so dat God die wêreld skoon gewas het met die vloed en nuut begin het met Noag. Maar dan sien ons die mense soek weer hulle eie eer en bou die toring van Babel. As God dan hulle taal verwar trek hulle weg. So in hierdie

2000 jaar trek die mense al verder weg van God af. Hier in Genesis 12, maak God weer 'n nuwe begin met die aartsvader Abraham. Kom ons kyk na ons tydlyn van hierdie tydperk van die aartsvaders:




### i. Inleiding.

Heel bo aan ons tydlyn sien ons die skaal loop van 2000 jaar voor Christus tot 1500vC. Elke blokkie verteenwoordig 10 jaar. Galasiërs 3 help ons om die tydperk van 430 jaar raak te sien:

*16En die beloftes is aan Abraham en sy Saad toegesê. Daar staan nie "en aan die sade" soos wat 'n mens na baie sou verwys nie, maar soos wat 'n mens na een verwys: "en aan jou Saad" – dit is Christus. 17Dit is wat ek bedoel: Die wet wat vierhonderd-en-dertig jaar later gekom het, maak nie die verbond wat vroeër deur God bekragtig is, kragteloos, en daardeur die belofte tot niet nie. 18Immers, as die erfenis op die wet berus, berus dit nie meer op die belofte nie. Maar God het dit uit genade vir Abraham deur 'n belofte geskenk.* (Galasiërs 3).

Onthou die tydlyn werk so:

Die gebeure loop van links na regs en bo na onder. Heel onder kry ons die hoofstukke in Genesis waar ons van die gebeure kan lees. So kom ons blaai deur die Bybel en sien die storie en luister na nog so 2 of drie gedeeltes om die oorsig te kry.

### ii. Abraham

Die Here het Abraham geroep toe hy 75 jaar oud was en 'n eensydige verbond met hom gesluit met beloftes van 'n groot nageslag en dat hy die land sal verkry. Abraham het die beloftes geglo en so deel daaraan gekry:

*6 Hy het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken.*

Na 'n ruk het Abraham en Sara hulle eie plan probeer maak en Ismael is by sy slavin gebore. Die Here het egter bevestig dat 'n seun by Sara gebore sou word. Abraham moes 25 jaar wag en op 100 jaar, toe dit al onmoontlik was, is sy seun Isak eers gebore.

**iii. Isak.**

Kom ons lees nou saam uit Genesis 22:

*1 Ná verloop van tyd het God Abraham op die proef gestel. "Abraham!" het Hy vir hom gesê; en hy het geantwoord: "Hier is ek." 2 Toe sê God: "Neem jou seun Isak, jou enigste, wat jy liefhet; gaan dan na die gebied van Moria, en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal wys."*

*3 Abraham het vroeg die oggend sy donkie opgesaal, twee van sy dienaars met hom saamgeneem, en ook sy seun Isak. Hy het die hout vir 'n brandoffer gekloof, gereedgemaak en vertrek na die plek waaroor God met hom gepraat het. 4Op die derde dag het Abraham opgekyk en die plek in die verte gesien. 5Toe sê Abraham vir sy dienaars: "Bly julle hier met die donkie! Ek en die seun wil daarheen gaan. Ons wil aanbid en sal dan na julle terugkom."*

*6 Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak se skouer gesit; hy het die kole vuur en die mes gevat. So het hulle twee saam geloop. 7Isak sê toe vir Abraham, sy vader: "Pa!" En hy antwoord: "Ja, my seun?" Toe sê hy: "Hier is die kole vuur en die hout, maar waar is die lam vir die brandoffer?" 8 Abraham het geantwoord: "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." So het hulle twee saam geloop.*

*9 Toe hulle aankom by die plek wat God vir hom gewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou en die hout reggepak. Hy het sy seun, Isak, vasgebind en hom op die altaar neergelê, bo-op die hout. 10Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag. 11 Maar die Engel van die Here het na hom uit die hemel geroep en gesê: "Abraham, Abraham!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" 12 "Moenie jou hand na die seun uitsteek nie," het Hy gesê, "en moenie enigiets aan hom doen nie! Want nou weet Ek dat jy vir God ontsag het. Jy het nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou nie."*

*13Toe Abraham opkyk, sien hy: Daar is 'n enkele ram wat aan sy horings vasgevang is in 'n bos! Abraham gaan toe en neem die ram. Hy het hom as 'n brandoffer gebring in die plek van sy seun. 14Abraham het daardie plek genoem, Die Here voorsien, sodat vandag nog gesê word: "Op die berg van die Here sal voorsien word. "*

*15Die Engel van die Here het daarna 'n tweede keer uit die hemel na Abraham geroep 16 en gesê: "By Myself sweer Ek," is die uitspraak van die Here, "omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou het nie, 17 sal Ek jou ryklik seën, en jou nageslag so geweldig vermeerder soos die sterre aan die hemelruim en soos die sand wat langs die seestrand is. Jou nageslag sal die stadspoorte van hulle vyande in besit neem. 18 Al die nasies van die aarde sal wens om so geseënd te wees soos jou nageslag, omdat jy na my stem geluister het."*

*19Abraham het toe teruggekeer na sy dienaars, en hulle het opgestaan en saam met hom na Berseba gegaan. Abraham het in Berseba bly woon.* (Genesis 22).

Ons sien hier hoe Abraham se geloof in gehoorsaamheid oorgaan. Hy slaag die geloofstoets en God voorsien 'n plaasvervangende ram.

### iv. Jakob

Vyf en tagtig jaar na Abraham al die belofte gekry het, het hy steeds net een seun gehad. Isak was op hierdie stadium al sestig jaar oud. Hy was al twintig jaar getroud, maar kinderloos. Ons lees dan in Genesis 25:

*21 Isak het by die Here gepleit ter wille van sy vrou, want sy was onvrugbaar. Die Here het hom verhoor, en Rebekka, sy vrou, het swanger geword. 22 Die kinders in haar het mekaar weggestoot. Toe sê sy: "As dit so is, waarom moet juis ek dit oorkom?" Sy het gegaan om die Here te raadpleeg. 23 Die Here het vir haar gesê: "Twee nasies is in jou moederskoot, en twee volke – uit jou liggaam sal hulle uitmekaar gaan. Die een volk sal sterker wees as die ander volk, en die oudste sal die jongste dien."*

*24Toe haar tyd aanbreek om geboorte te gee, is daar 'n tweeling in haar moederskoot! 25 Die eerste een het uitgekom, asof met 'n mantel van hare, heeltemal rooibruin. Hulle het hom Esau genoem. 26 Daarna het sy broer uitgekom, met sy hand wat aan Esau se hakskeen vashou. Hulle het hom toe Jakob genoem. Isak was sestig jaar oud by hulle geboorte.* (Genesis 25).

Jakob se naam beteken bedrieër. Hy het sy broer Esau bedrieg en so sy eersgeboortereg verkry. Hy het sy pa Isak bedrieg en so Esau se seën verkry. Esau wou hom toe dood maak en hy moes vlug. Ons lees hoe God aan hom verskyn het:


*10Jakob het uit Berseba vertrek en na Haran gegaan. 11Hy kom toe by 'n plek en oornag daar, want die son was al onder. Hy het een van die klippe van die plek geneem, dit as sy kopstut neergesit en op daardie plek gaan lê. 12 Hy droom toe: Kyk, daar is trappe wat op die aarde staan, waarvan die bopunt na die hemel reik. Daar was boodskappers van God wat daarlangs op- en afgaan! 13 En kyk, die Here staan bo-aan die trappe en sê: "Ek is die Here, die God van jou voorvader Abraham, en die God van Isak. Die grond waarop jy lê – aan jou en jou nageslag gee Ek dit. 14Jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde. Jy sal uitbrei na die weste, die ooste, die noorde en die suide. Deur jou en jou nageslag sal al die groot families van die aarde geseënd wees. 15 Kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou beskerm oral waar jy gaan. Ek sal jou laat terugkeer na hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou beloof het."*

*16 Jakob het uit sy slaap wakker geword en gesê: "Waarlik, die Here is op hierdie plek en ek, ek het dit nie besef nie!" 17Hy het bang geword en gesê: "Hoe vreesaanjaend is hierdie plek nie! Dit is niks anders as die huis van God nie. Dit is die poort na die hemel!"*

*18 Jakob het die oggend vroeg opgestaan en die klip wat hy as 'n kopstut neergesit het, geneem en dit as 'n gedenksteen opgerig. Hy het olie oor die bopunt daarvan uitgegiet. 19 Hy het die plek Bet-El genoem; maar die naam van die dorp was vroeër Lus.*

*20 Jakob het toe 'n gelofte afgelê: "As God met my sal wees en my sal beskerm op hierdie pad waarop ek nou gaan, en vir my kos gee om te eet en klere om aan te trek, 21en ek ongedeerd terugkeer na my familie, dan sal die Here my God wees, 22 en sal hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, 'n huis van God wees; en ek sal van alles wat U vir my gee, getrou tiendes aan U afstaan."* (Genesis 28).

In die vreemde land het hy getrou met Lea en Ragel. Lea het vir hom kinders verwek, maar Ragel was kinderloos. Uit jaloesie het Ragel haar slavin vir Jakob as vrou gegee en op haar beurt het Lea dieselfde gedoen. So is daar uit die vier vroue, deur jaloesie, uiteindelik 11 seuns gebore. Die tydlyn prentjie som vir ons op watter kinders is uit watter vrou gebore.




Op die pad terug is die twaalfde seun gebore en hulle sou die 12 stamme van Israel word.

Die Here het twee keer aan Jakob verskyn en sy naam van Jakob na Israel verander. Dit sou dan ook die naam van die volk word.

**v. Josef**

Josef se verhaal wys duidelik hoe God in beheer is van alles wat gebeur. Die verhaal begin met Josef se drome en sy broers se jaloesie. Hy word dan as slaaf verkoop, in die tronk gegooi en uiteindelik weer deur drome onderkoning. Elke keer lees ons hoe God by hom was. In die sewe goeie jare is kos opgegaar en twee jaar in die droogte in het sy broers kom kos koop. Toe hulle die tweede keer terugkom lees ons:

*1Josef kon hom nie langer bedwing voor almal wat langs hom staan nie, en roep toe uit: "Stuur*
*almal uit, weg van my af!" Daar het niemand anders by hom gestaan toe Josef hom aan sy*
*broers bekend gemaak het nie. 2Hy het hardop begin huil. Die Egiptenare het dit gehoor, ja,*
*ook die huis van die farao het dit gehoor. 3 Toe sê Josef vir sy broers: "Ek is Josef. Leef my pa*
*nog?" Sy broers kon hom nie antwoord nie, want hulle het verbysterd voor hom gestaan. 4*
*Josef sê toe vir sy broers: "Kom tog nader na my!" Hulle het nader gegaan, en toe sê hy: "Ek is*
*Josef, julle broer; julle het my verkoop om na Egipte geneem te word. 5 Maar moet julle nou nie*
*ontstel en julleself verwyt omdat julle my verkoop het en ek hier beland het nie; want dit is vir*
*die behoud van lewens dat God my voor julle uit gestuur het. 6Ja, daar was nou al twee jaar*
*lank hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin daar nie geploeg of geoes sal word*
*nie. 7Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle nakomelinge te vestig op aarde, en om*
*julle in die lewe te hou met die oog op 'n groot uitredding. 8Dus, dit is nie julle wat my hierheen*
*gestuur het nie, maar God. Hy het my as 'n vader vir die farao aangestel, as 'n heer vir sy hele*
*huishouding en 'n regeerder oor die hele Egipteland. 9 Maak gou en trek op na my pa. Sê vir*
*hom, 'So sê u seun Josef: "God het my aangestel as heer oor die hele Egipte. Trek af na my toe.*
*Moenie talm nie! 10 Kom woon in die Gosenstreek, sodat pa naby my kan wees – pa en pa se*
*kinders en kleinkinders, en ook pa se kleinvee en beeste en alles wat aan pa behoort. 11 Ek*
*sal pa daar van kos voorsien, want daar gaan nog vyf jaar lank hongersnood wees. Anders*
*verarm pa – pa, pa se huis en almal wat aan pa behoort." '* (Genesis 45).

Jakob en sy familie, altesaam 70 mense, het so na Egipte getrek. Jakob het in Egipte gesterf en weer hoor ons Josef se getuienis:

*15 Toe Josef se broers besef dat hulle vader nou dood is, sê hulle: "As Josef 'n wrok teenoor*
*ons koester, gaan hy ons beslis terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom aangedoen het."*
*16Hulle het toe vir Josef laat weet: "U vader het voor sy dood opdrag gegee, 17 'So moet julle*
*vir Josef sê: "Vergewe tog asseblief die oortreding van jou broers en hulle misstap – dat hulle*

*jou soveel kwaad aangedoen het." ' Dus, vergewe dan asseblief die oortreding van die dienaars van die God van u vader." Josef het gehuil toe hulle met hom praat.*

*18 Sy broers het ook self gegaan, voor hom neergeval en gesê: "Kyk, ons is u slawe." 19 Maar Josef het vir hulle gesê: "Moenie bang wees nie, want is ek in God se plek? 20 Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad, met die doel om te doen wat vandag gebeur – om 'n groot volk aan die lewe te hou. 21 Dus, moenie bang wees nie! Ek self sal julle en julle afhanklikes van kos voorsien." So het hy hulle getroos en mooi met hulle gepraat.* (Genesis 50).

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Kom ons kyk weer na die gedeelte in die Nuwe Testament waarmee ons geopen het en hoofstukke 12 en 15 wat ons gehoor het en beleef dan saam hoe die konteks wat ons gesien het, ons nou help om die deel beter te verstaan. Hebreërs 11 het begin met die opsomming van geloof:

*1Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie. 2Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar met lof aangaande die mense van ouds getuig is 3 Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Gevolglik het dit wat gesien word, nie uit die sigbare ontstaan nie...*

Hierdie geskiedenis van die Aartsvaders leer ons baie van geloof. Vers 1 se hier dit is die sekerheid van dinge wat nie gesien word nie. Ja, die sekerheid van dinge wat God vir ons in Sy Woord vertel wat reeds gebeur het en ook die beloftes wat nog gaan gebeur. Kyk net hoe bevestig Hebreërs 11 vir ons hoe hierdie Aartsvaders in geloof geleef het:

Die verhaal het in Genesis 12 begin met Abraham wat geroep was:

*8 Deur geloof was Abraham gehoorsaam toe hy geroep is om uit te trek na 'n plek wat hy as erfenis sou ontvang, en hy het weggetrek, sonder om te weet waarheen hy gaan. 9 Deur geloof het hy as bywoner in die land van die belofte gaan bly, soos in 'n vreemde land, en het hy in tente gewoon saam met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die argitek en boumeester is.* (Hebreërs 11).

Dis so wonderlik om te sien dat Abraham al verder kon sien as net die beloofde land Kanaän. Hy het die stad verwag wat fondamente het wat God beplan. Die ewige beloofde land. Ek en jy moet ook glo ons is oppad na daardie selfde land!

Die volgende deel waarna ons gekyk het was Isak se offer gebeure. Kyk net wat sê Hebreërs hier oor Abraham se geloof:

*17 Deur geloof het Abraham, toe hy getoets is, Isak as offer aangebied, en was hy op die punt om sy enigste te offer – hy wat die beloftes ontvang het, 18aan wie gesê is, "Deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag wees" 19– omdat hy gereken het dat God die mag het om ook uit die dood op te wek, waaruit hy, figuurlik gesproke, hom ook terugontvang het.* (Hebreërs 11).

Sien julle dit raak – Abraham het nie net geglo aan die toekomstige ewige beloofde land nie, maar ook aan die opstanding uit die dood. Daar staan: Hy het geglo dat God mag het om uit die dood op te wek! Ja, ook ons kan so onwrikbaar glo dat daar opstanding uit die dood is.

Hierdie gebeure van Isak se offer en die plaasvervangende ram wys baie duidelik vooruit na Jesus Christus. Hy was die offer wat in ons plek geslag is. Hy is die een wat die dood oorwin het en uit die graf opgestaan het, sodat ook ons uit die dood kan opstaan. Hy is die een wat opgevaar het na die hemel en daar vir ons plek gereed maak. Ons moet dan ook die belofte glo dat Hy weer kom om ons te kom haal om vir ewig by God te wees in die stad waarvan Hy die argitek en boumeester is. Onthou jy, in Genesis 12:3 was een van die beloftes dat deur Abraham al die families van die aarde geseën sou word. Die Nuwe Testament wys hoe Jesus uit Abraham se nageslag gebore is en Hy is dan die vervulling van hierdie belofte!

Die laaste deel waarna ons gekyk het was Josef se geskiedenis. Dit bevestig vir ons God is besig om Sy plan uit te voer. Hy het die gesin met 12 seuns bewaar en in Egipte laat vermeerder en so Sy volk bymekaar gemaak. Hy sal ons ook so bewaar totdat Hy weer kom om ons te kom haal.

Ons kernvers in Genesis 15 was: ***6 Hy* [Abraham] *het die Here geglo. En Hy het dit vir hom as geregtigheid toegereken.***

Mag jy ook hierdie wonderlike beloftes glo en so God se geregtigheid, deur Jesus Christus ontvang.

Waartoe roep hierdie gedeelte jou op? Hoe gaan jou geloof, soos die aartsvaders sin oorgaan in dade van gehoorsaamheid?

**d. Ek vertel en verheerlik.**

As afsluiting, verheerlik ons God weer met 'n opsommende gedig:



**Abraham (Genesis 12-14).**
Trek weg, na die weste, uit jou land
en weg van jou familieverband.
Ek sal jou 'n groot nasie maak
en jy sal van groot betekenis raak.




**Verbond (Genesis 15-19).**
Jou nageslag so baie soos die sterre daarbo,
dit is die belofte waarin jy moet glo.
Abraham glo toe daardie teken
en dis hom tot geregtigheid gereken.



**Isak (Genesis 20-24).**
"Gaan na die berg en offer jou enigste seun."
Op groot geloof moes Abraham toe steun.
"Pa, die lam wat ons moet slag kan ek nie sien?"
"My seun, God sal sy eie offerlam voorsien..."



**Jakob (Genesis 25-35).**
Jakob bedrieg Esau en moes uit die land vlug.
By Bet-El, huis van God, ‘n leer na die hemel, sy gesig.
Uit jaloesie tussen vier vroue wat hy bemin
het die twaalf stamme van Israel begin.



**Josef (Genesis 36-50).**
Die stamvaders het Josef as slaaf verkoop
met geboeide voete het hy na Egipte geloop.
Op daardie stadium het hy nog nie verstaan
dat dit oor die voortbestaan van God se volk sou gaan.

**Geloof (Hebreërs 11:1).**
Die definisie van geloof: Om te glo
is om seker te wees van wat ons hoop daarbo,
om oortuig te wees van wat ons nie sien nie:
ja, van beloftes wat ons nie verdien nie!

**Toepassing.**
Gaan jy ook soos Abraham God se beloftes glo,
in gehoorsaamheid jou roeping volg van bo?
Gaan jy ook soos Josef bely God is in beheer
as onverstaanbare dinge met jou gebeur?

## 4. Die uittog.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

O God, U het alles gemaak. U onderhou alles deur U magtige hand. U het ‘n verbond met Abraham gesluit en so ‘n volk vir U begin. Open nou ons oë om U almag te sien in die Uittog verhaal. Help ons ook om U besondere weg tot versoening vir U verbondskinders raak te sien, maar nie net dit nie, verander ook ons harte dat die versoening tussen U en ons vir ons elkeen iets persoonlik sal word sodat ons ook die vrymoedigheid sal hê om in U troonsaal in te gaan in gebed. Vul ons so deur U Gees dat ons U daardeur sal verheerlik.

Amen.

Kom ons begin met ‘n paar verse uit Hebreërs 10:

*19Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, 20langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam, 21en ons het 'n groot Priester oor die huis van God. 22Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water.* (Heb 10).

As kern hoofstuk, kom ons lees Levitikus 16 saam:

*1 Die Here het met Moses gepraat ná die dood van Aäron se twee seuns, toe hulle voor die Here nader gekom en gesterf het. 2 Die Here het vir Moses gesê: “Praat met jou broer, Aäron. Hy mag nie enige tyd in die heiligdom agter die voorhangsel voor die versoendeksel ingaan wat op die ark is nie, sodat hy nie sterf nie, want Ek verskyn in die wolk bo die versoendeksel.*

*3“ Aäron moet met die volgende in die heiligdom ingaan: 'n jong bul as reinigingsoffer en 'n ram as brandoffer. 4 Hy moet 'n heilige priester rok van linne aantrek, 'n linnebroek oor sy onderlyf dra, hom met 'n linnelyfserp omgord en vir hom 'n linnetulband ombind. Dit is heilige klere. Hy moet sy lyf met water afspoel en dit dan aantrek. 5 Uit die volksvergadering van die Israeliete moet hy twee bokramme vir 'n reinigingsoffer en 'n skaapram vir 'n brandoffer neem.* Verse 6 to 14 beskryf dan hoe Aäron eers vir homself versoening moet doen. Ons lees verder van vers 15 af:

*15“ Daarna moet hy die bok wat vir die reinigingsoffer van die volk bedoel is, keelaf sny en die bloed agter die voorhangsel inneem. Hy moet met die bloed doen wat hy met die bul se bloed gedoen het en dit op die versoendeksel en ook voor die versoendeksel sprinkel. 16 So doen hy versoening vir die heiligdom vanweë die onreinheid van die Israeliete en hulle oortredings, ja, al hulle sondes. Net so doen hy dit vir die Tent van Ontmoeting wat tussen hulle met hulle onreinheid opgeslaan is. 17 Geen mens mag in die Tent van Ontmoeting wees wanneer hy ingaan om in die heiligdom versoening te doen nie, totdat hy uitkom en klaar versoening gedoen het vir homself, sy huis en die hele geloofsgemeenskap van Israel.*

*18“ Daarna moet hy uitgaan na die altaar wat voor die Here is en ook daarvoor versoening doen. Hy moet van die bul se bloed en van die bok se bloed neem en dit aan al die horings van*

*die altaar smeer. 19Hy moet van die bloed met sy vinger sewe maal op die altaar sprinkel en dit reinig en heilig, vanweë die onreinheid van die Israeliete.*

*20"Wanneer die versoening vir die heiligdom, die Tent van Ontmoeting en die altaar afgehandel is, moet hy die lewendige bok naderbring. 21 Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê, en dan oor die bok belydenis doen van al die skuld van die Israeliete, en al hulle oortredings, ja, al hulle sondes. Hy moet die sondes so op die kop van die bok lê en hom dan, deur 'n man wat vooraf aangewys is, die woestyn in stuur. 22 Die bok dra op hom al hulle skuld na 'n onherbergsame gebied. Die man moet die bok in die woestyn loslaat.*

Verse 23-28 beskryf dan weer reinigings handelinge na die versoening gedoen is. Ons lees weer verder vanaf vers 29:

*29 " Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle geld: Die tiende dag van die sewende maand moet julle julle verootmoedig en nie julle daaglikse werk doen nie, die gebore Israeliete sowel as die vreemdelinge wat tussen julle woon. 30 Want op daardie dag moet Aäron vir julle versoening doen om julle te reinig van al julle sondes. Voor die Here moet julle rein wees. 31 Dit geld vir julle as 'n buitengewone Sabbat. Julle moet julle verootmoedig. Dit is 'n voorskrif wat altyd geld. 32 Die priester wat in die plek van sy vader as priester gesalf en gewy is, moet die versoening doen. Hy moet linneklere aantrek, die klere van die heiligdom, 33 en vir die Allerheiligste versoening doen. Vir die Tent van Ontmoeting en die altaar moet hy versoening doen. Hy moet ook vir die priesters en al die mense van die geloofsgemeenskap versoening doen. 34 Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle geld: Een keer per jaar moet daar vir die Israeliete versoening gedoen word vir al hulle sondes."*

*Aäron het toe gedoen wat die Here Moses beveel het.*


Die kern vers is: ***29 " Dit is 'n voorskrif wat altyd vir julle geld: Die tiende dag van die sewende maand moet julle julle verootmoedig en nie julle daaglikse werk doen nie, die gebore Israeliete sowel as die vreemdelinge wat tussen julle woon. 30 Want op daardie dag moet Aäron vir julle versoening doen om julle te reinig van al julle sondes. Voor die Here moet julle rein wees.***

**b. Ek sien.**

**i. Inleiding.**

Kom ons stap nou met groot treë deur hierdie geweldige ryk gedeelte om die hele verhaal raak te sien en so die konteks van ons kern hoofstuk en vers raak te sien voor ons dan weer biddend saam kyk na die Skrif gedeeltes waarna ons geluister het.

Ons begin met ons tydlyn om die oorsig raak te sien:




### ii. Moses opgelei en geroep.

Die eerste verse van Eksodus spring oor ‘n paar honderd jaar waar die volk in slawerny in Egipte verdruk was. Farao wou die volk se getalle groei onderdruk en het beveel alle seuntjies moet in die Nyl verdrink word. Moses se ma het hom in ‘n mandjie weggesteek en so het hy die Farao se dogter se aangenome seun geword.

Van hier af ontvou die verhaal hom oor 120 jaar:

Die eerste 40 jaar word Moses opgelei in die Farao se paleis, want hy sou later met ‘n Farao moes kom onderhandel.

Die tweede 40 jaar word Moses opgelei deur 40 jaar skape op te pas in die woestyn. Hy sou hierna die volk moes lei vir 40 jaar in die woestyn.

Die 80 jaar word beskryf in Eksodus 1-2.

In Eksodus 3 sien Moses ‘n brandende bos wat nie uitbrand nie. Toe Moses nader gaan om dit te ondersoek het God daar aan hom verskyn en hom geroep om die volk te gaan uitlei. God het homself hier aan Moses geopenbaar:

*13 Moses het vir God gesê: “Kyk, as ek by die Israeliete kom en vir hulle sê, ‘Die God van julle voorvaders het my na julle gestuur,’ en hulle vra my dan, ‘Wat is sy naam?’ wat moet ek vir hulle sê?” 14 God sê toe vir Moses: “Ek Is Wie Ek Is.” Hy sê toe ook: “So moet jy die Israeliete antwoord, ‘Ek Is het my na julle gestuur.’ ” 15God het weer vir Moses gesê: “So moet jy vir die Israeliete sê, “ ‘Die Here, die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle gestuur.’ Dit is my Naam vir altyd; dit is my gevierde Naam van geslag tot geslag*. (Eksodus 3).

Hy is die Verbondsgod. Die een wat altyd was, nou is en in die toekoms altyd sal wees.

### iii. Die tien plae.

Moses is toe Egipte toe en deur 'n reeks van tien plae oor 40 dae openbaar God homself nog verder as die magtige God wat magtiger is as die gode van Egipte. Hy is ook die God wat in beheer is van die natuur en mense. Hy het vooraf gesê Hy sal Farao se hart verhard en op die wyse sy almag wys.

In Genesis 1 het ons gesien God skep lig nog voor die son gemaak is. In Openbaring lees ons dat daar in die Nuwe Jerusalem nie 'n son sal wees nie. Die heerlikheid van die Here sal die lig wees. Hierdie woord vir lig is 'n ander woord as die woord wat vir die lig van die son gebruik word. Die eerste keer wat ons weer hierdie woord kry, is tydens die plaag van drie dae duisternis. Ons lees daar die hele land was donker, maar by die volk Israel was daar lig. Dan word hierdie woord vir lig gebruik. Dit beteken dus die heerlikheid van God het die lig vir die volk gebring!

In Eksodus 12, kry ons die tiende plaag. Dit is ook 'n besondere hoofstuk. Op die 14de van die eerste maand, moes die volk 'n lam slag en sy bloed aan die deurkosyn smeer:

*11Dit is hoe julle dit moet eet: met heupe omgord, julle sandale aan julle voete en julle wandelstokke in julle hande. Julle moet dit haastig eet. Dit is die Pasga van die Here.12"Ek sal daardie nag deur Egipteland gaan en alle eersgeborenes in Egipteland tref, mens en dier. Oor al die gode van Egipte sal Ek oordele voltrek. Ek is die Here. 13 Die bloed sal vir julle as 'n teken dien aan die huise waarin julle is. Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. Daar sal by julle geen plaag deur die vernietiger wees wanneer Ek Egipteland tref nie.*

*14" Hierdie dag moet vir julle dien as 'n herinneringsdag; julle moet dit as 'n fees ter ere van die Here vier. As 'n voorskrif wat altyd vir julle nageslagte geld, moet julle die dag feestelik vier.* (Eksodus 12).

Almal wat geglo het en dit gedoen het, se seun is gered, maar by al die ander huise in die hele Egipte het die eersgeborene om middernag gesterf. Die woorde *Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan.*

Die ESV vertaling vertaal dit so: *It is the Lord's Passover. 12For I will pass through the land of Egypt that night, and I will strike all the firstborn in the land of Egypt, both man and beast; and on all the gods of Egypt I will execute judgments: I am the Lord. 13The blood shall be a sign for you, on the houses where you are. And when I see the blood, I will pass over you...*

In Engels word die Pasga Passover genoem. Hoekom? Want hier staan: *I will pass through the land, but when I see the blood, I will pass over.* So, as die Here die bloed sien gaan Hy verby – dit is die betekenis van die Pasga. Hier kry hulle dan ook die opdrag om elke jaar hierdie tyd die Pasga te vier.

Na die tiende plaag het Farao die volk laat trek. Kort daarna het hy egter sy plan verander en hulle agterna gesit. Met die Farao aan die een kant en die Rooisee aan die ander kant was die volk vasgekeer. God het homself weer op 'n dramatiese wyse openbaar. Eers was Hy sigbaar teenwoordig in die wolk en vuurkolom en daarna het Hy die see oopgekloof en die volk kon droogvoets deurtrek. Hierdie wonder word baie in die res van die Bybel aangehaal om God se almag te beskryf.

In Eksodus 15 besing die volk God se lof met 'n lied: *11" Wie is soos U onder die gode, Here? Wie is soos U, majestueus in heiligheid, ontsagwekkend in lofwaardige dade? U wat wonders doen, 12U het u regterhand uitgestrek; die aarde het hulle ingesluk. 13"Deur u troue liefde sal U die volk lei wat U gered het. Deur u krag sal U hulle begelei na u heilige woonplek.* (Eksodus 15).

**iv. Verbond by Sinai.**

Na die Rooisee was die volk in die woestyn. God openbaar Homself ook daar deur brood uit die hemel (manna) en water uit 'n rots te voorsien. In Eksodus 19 kom die volk by die berg Sinai aan, vyftig dae na hulle uit Egipte vertrek het. Kyk op die bokant van die tydlyn: Van Eksodus 19, reg deur Levitikus tot by Numeri 9 is die volk by die berg Sinai en dit alles is die tydperk van een jaar.

Hier openbaar God Homself as die heilige God. Die volk mag nie teen die berg opgegaan het nie:

*16 Op die derde dag, toe dit oggend word, was daar donderslae en weerlig en 'n swaar wolk oor die berg, en ook die baie harde geluid van 'n ramshoring. Die hele volk in die kamp het gebewe. 17 Moses het die volk uit die kamp uitgelei om God te ontmoet. Hulle het by die voet van die berg gaan staan. 18Die hele berg Sinai het in rook gestaan, omdat die Here in vuur daarop neergedaal het. Die rook het opgestyg soos rook uit 'n oond. Die hele berg het hewig geskud, 19en die geluid van die ramshoring het algaande baie harder geword. Moses het gepraat, en God het hom met 'n donderslag geantwoord.*

*20 Toe die Here op die berg Sinai neergedaal het, op die kruin van die berg, het die Here vir Moses na die kruin van die berg geroep, en Moses het opgeklim. 21Die Here het vir Moses gesê: "Gaan af en waarsku die volk, anders breek hulle deur die grens na die Here om te kyk, en kom daar baie van hulle om. 22Ook die priesters wat gewoonlik die Here nader, moet hulleself heilig, anders slaan die Here hulle uitmekaar."* (Eksodus 19).

Van hoofstuk 20 tot 24 sien ons hoe God die verbond, wat Hy met met die aartsvaders gesluit het, hier nou ook met die volk sluit. Die eerste stap van 'n verbond was dat die oorwinnende koning Homself aan sy onderdane openbaar. Dit het op kragtige wyse in die voorafgaande hoofstukke gebeur en word so opgesom in Eksodus 20:

*1 Toe het God al hierdie woorde gespreek: 2" Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het.*

Dan gee Hy vir hulle die voorskrifte van die verbond, die Tien gebooie. Die eerste vier gebooie gaan oor liefde tot God en die laaste 6 oor liefde tot jou naaste.

Die derde stap van die verbond was die aanvaarding deur die onderdane. Ons lees daarvan in Eksodus 24: *3 Moses het gegaan en aan die volk al die woorde van die Here, en al die bepalings oorgedra. Die hele volk het eenstemmig geantwoord en gesê: "Alles wat die Here gesê het, sal ons doen."* (Eksodus 24).

**v. Die bou van die tabernakel.**

Van Eksodus 25 tot 40 word vertel hoe die tabernakel gebou is. Hebreërs beskryf dit opsommend so:

*1Die eerste verbond het bepalings vir aanbidding gehad, asook 'n heiligdom wat aards was. 2Die voorste tent was toegerus met die kandelaar, en die tafel met die vertoonbrode, en is die "Heilige" genoem. 3 En agter die tweede tempelgordyn was 'n tent, wat die Allerheiligste genoem is; 4dit het die goue altaar vir die reukwerk bevat en die verbondsark, wat aan alle kante met goud oorgetrek was. Daarbinne was die goue kruik met manna, en die staf van Aäron wat gebot het, asook die tafels van die verbond; 5en bo-op was die gerubs van heerlikheid, wat die versoendeksel oorskadu het.* (Hebreërs 9).

Die verhaal word onderbreek as die volk sondig, deur 'n goue kalf te maak. Moses het hier as tussenganger opgetree en God het Sy toorn afgewend en die verbond is weer hernu. Die verhaal loop op na sy hoogtepunt in Eksodus 40 as die tabernakel klaar gebou is:

*34 Die wolk het die Tent van Ontmoeting bedek en die heerlikheid van die Here het die tabernakel gevul. 35Moses kon nie in die Tent van Ontmoeting ingaan nie, omdat die wolk daaroor vertoef het en die heerlikheid van die Here die tabernakel gevul het.*

*36Wanneer die wolk van die tabernakel af opgeneem is, het die Israeliete, op al hulle trekskofte, kamp opgebreek. 37Maar as die wolk nie opgeneem is nie, het die volk nie kamp opgebreek nie, tot die dag dat dit weer opgeneem is. 38Want die wolk van die Here was bedags oor die tabernakel en snags was daar vuur in, sigbaar vir die hele huis van Israel, op al hulle trekskofte.* (Eksodus 40).

Ons sien hier hoe God in die Tabernakel ingetrek het en so die heeltyd by Sy volk teenwoordig was. Soos wat die wolk bo op die berg God se teenwoordigheid gesimboliseer het, het die wolk bo-op die tabernakel God se teenwoordigheid gesimboliseer. Dit klink asof die soeke van die mens, om in God se teenwoordigheid te kon kom, so opgelos is. Maar ons lees in vers 35 dat selfs Moses nie in die Tent van Ontmoeting kon ingaan nie. Hoe kan ons dan ooit in die Here se heiligdom ingaan, in Sy heilige en heerlike teenwoordigheid wees?

**vi. Levitikus: Versoening en heiligheid.**

Dit is dan wat die eerste deel van Levitikus aanspreek. Reinigings voorskrifte word gegee sodat die volk en die priesters hulle kan heilig. Hulle moet skoon wees om voor God te verskyn. Die offerdiens word dan ook ingestel.

Die bou dan op na die hoogtepunt van die Groot Versoendag. Die simboliek van die twee ramme is baie kragtig. Die eerste ram word binne die tempel ingeneem en die binnekant word gereinig met sy bloed. Aäron, as hoëpriester, het dan die Allerheiligste binnegegaan en so versoening met God bewerk vir die volk se sonde. Die sonde van die volk is simbolies op die kop van die tweede ram oorgedra en uit die kamp uit weggestuur. So is die volk van binne en buite gereinig. So kon hulle in God se teenwoordigheid bly bestaan, maar net soos by die berg Sinai, kon net die hoëpriester die allerheiligste binne gaan, die priesters die heilige en die res van die volk kon net die voorhof binnegaan.

Die tweede deel van Levitikus gaan oor God se heiligheid en hoe die mense daarom ook heilig moes lewe. As hulle met God versoen is, kan hulle nie net meer lewe soos hulle wil nie, hulle moet verander om meer en meer heilig te lewe.

In hierdie gedeelte word die feeste dan ook vir die volk deurgegee. Kortliks het die feeste so gewerk:

Die fees in die eerste maand, die Pasga:

- In die eerste maand op die 14de, was dit die Paasfees.
- Vir 7 dae mag hulle net ongesuurde brood geët het.
- Op die 17de, is die eerste gerf gebring.

Die fees in die derde maand, die Pinksterfees.

- In Engels is dit "pentacost" genoem. Penta beteken vyf. Die fees is vyftig dae na die eerste gerf op die 17de gebring is, gevier
- Dit het die gee van die wet op Sinai herdenk.

Die fees in die sewende maand, die Groot Versoendag en die Huttefees:

- Op die 10de die Groot Versoendag.
- Op die 15de dag, vir 'n week was die die huttefees. Tydens die fees het die volk in hutte gebly om so terug te dink aan die tydelike verblyf in die woestyntog tydperk.

Later sou daar ook 'n fees bykom in die tiende maand wat die ballingskap sou herdenk.

En nog later dan ook 'n fees, genoem die Purim fees, in die 12de maand wat die verlossing van die volk in koningin Ester se tyd sou herdenk.

Die eerste 9 hoofstukke van Numeri gee verdere instruksies en word daar voorbereiding gedoen om te trek. Dit eindig waar die volk weer Pasga vier, een jaar na hulle uit Egipte vertrek het.

Terloops, Eksodus 40:1 wys daarop dat die tempel opgerig is op die eerste dag van die eerste maand. Pasga is gevier op die 14de dag. Numeri 2:1 wys weer daarop dat God met Moses gepraat het op die eerste dag van die tweede maand. So, die hele Levitikus is in hierdie een maand.

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

In die Oergeskiedenis het ons gesien hoe die volk uit Eden moes gaan en nie kon teruggaan nie. Die mense het al hoe verder oos, weg van God af, beweeg. Van hier af was die vraag: Hoe kan die mens weer in God se teenwoordigheid terugkom? In hierdie les, kan die vraag so gevra word: Wie mag teen die Here se berg opgaan? Vandag sal ons die vraag so vra: Wie kan in die hemel ingaan?

Met die Aartsvader verhale het ons gesien dat God weer 'n nuwe begin maak. Deur Abraham se geloof, kon hy die berg Moria opgaan en het daar God se teenwoordigheid ervaar. Die plaasvervangende ram het voor uitgewys na Jesus Christus wat gekruisig sou word.

Hier, in Eksodus, sien ons hoe God Abraham se belofte van 'n groot nageslag vervul het en hoe hulle uit slawerny uitgelei word, oppad terug na die beloofde land.

By die berg Sinai het God sy heiligheid duidelik openbaar. Die volk mag glad nie teen die berg opgegaan het nie. Ons het ook gesien dat die volk nie verby die voorhof van die tabernakel mag gegaan het nie. Net die hoëpriester kon in die Allerheiligste ingaan. Kan ons dan nooit in God se teenwoordigheid wees nie?

Ons is nou gereed om weer die teks te lees waarmee ons begin het:

*19Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, 20langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam, 21en ons het 'n groot Priester oor die huis van God.* ***22Laat ons daarom ingaan*** *met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water.* (Hebreërs 10).

Nou verstaan ons soveel beter hoe groot voorreg dit is om met vrymoedigheid te mag ingaan in die heiligdom. In die Ou Testamentiese gedeeltes mag die volk, en sou ek en jy, glad nie kon binnegaan nie. Die voorhangsel het die toegang versper.

Mense wat dit oortree het, het dood neergeval of die aarde het hulle ingesluk! Hoekom kan ons glo dat ons nou kan ingaan? Hierdie teks gee drie redes:

1) *deur die bloed van Jesus.* Ons kan ingaan, want Jesus het die toegang met sy bloed betaal. Sien jy hoe die bloed aan die deurkosyn by die 14de plaag voor uitgewys het na Jesus se bloed. Die paaslam was geslag op die 14de van die eerste maand. Nou is dit so wonderlik as ons besef dat Jesus, die Paaslam op Pasga gekruisig is op die 14de van die eerste maand. Daarom gaan God ook nou by ons sonde verby ("Passover"). Daarom kan ons vrymoedigheid hê om in te gaan – ons is van die sondeskuld verlos.
2) *langs 'n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen*. Ons kan ingaan want Jesus het die pad vir ons oopgemaak. Ons lees in Markus 15 en Lukas 23 dat die voorhangsel van die tabernakel geskeur het. Die skeiding tussen God en sy mense is verwyder. Sien jy wat daar staan hoe Hy die die pad oopgemaak het: *dit is deur sy liggaam.* Hy het nie net gesterf nie, maar Hy het ook opgestaan en opgevaar en self die heiligdom binnegegaan. In die Johannes evangelie sê Jesus: Ek is die weg!
3) *en ons het 'n groot Priester oor die huis van God.* Ons kan ingaan want Jesus, ons Hoëpriester het vir ons, een finale keer, versoening gedoen op die Groot Versoendag. Luister net hoe beskryf Kolossense dit: *17Hy* [Jesus] *het voor alles bestaan, en in Hom hou alles stand. 18Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk. Hy is die oorsprong, die Eersgeborene uit die dood, sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem; 19 want God het dit goedgevind om die hele volheid in Hom te laat woon, 20en om deur Hom alles, ja, alles op aarde en in die hemel, met Homself te versoen, deurdat Hy vrede gebring het deur sy bloed aan die kruis. 21Ook julle was voorheen van Hom vervreem, ja, vyandiggesind teenoor Hom, op grond van julle slegte dade; 22maar nou het Hy julle deur sy menslike liggaam met Homself versoen,* ***sodat*** *Hy julle, deur sy dood, heilig en sonder foute en onberispelik* ***voor Hom*** *kan stel.* (Kolossense 1).

As hierdie drie redes ons dan laat glo dat ons in die heiligdom kan ingaan, wat moet ons doen? Die teks sê: ***Laat ons daarom ingaan!*** Ja, ons kan ingaan en dit met vrymoedigheid doen.

Die drie redes wat ons hierbo gesien het, hoekom ons mag ingaan word opgevolg met vier dinge wat beskryf hoe ons daardeur verander is om te mag ingaan:

*1)* *met 'n opregte hart,* - ons wil van harte ingaan.
*2)* *in volle geloofsekerheid,* - ons glo dit wat Jesus vir ons gedoen het gee ons toegang.
*3)* *met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete,* - ons is skoon van binne.

4) *en ons liggame gewas met skoon water* - ons is skoon van buite.

Glo dit, en gaan God se troonsaal binne met gebed! Dank Hom vir die voorreg. Verheerlik Hom vir Sy genade.

**d. Ek vertel en verheerlik.**

Kom ons verheerlik die Here, met 'n opsommende gedig:




**Moses opgelei en geroep (Eksodus 1-3).**
God het sy volk in Egipte vergaar,
maar as slawe is hul verdruk toe daar.
Moses is geroep: "Ek is wat Ek is:
Verlossing van die Verbondsgod, gewis!



**Die tien plae (Eksodus 4-14).**
Vir die negende keer
wou Farao nie leer:
Dood van eersgeborenes laat ouers in pyn,
maar net vir dié sonder bloed aan die kosyn...



**Die verbond by Sinai (Eksodus 15-24).**
Deur die Rooisee en toe manna in die woestyn.
By die berg Sinai het die Heilige aan hul verskyn.
Met kliptafels gee Hy Sy verbond vir hul,
die volk is met ontsag vir Hom vervul.



**Die tabernakel (Eksodus 25-40).**
In die Heilige, 'n kandelaar wat skyn op die brode.
Tot die ark in die Allerheiligste was toegang verbode.
Die tabernakel is met 'n wolk omhul
en met God se heerlikheid gevul.



**Vereistes en versoening (Levitikus – Numeri 9).**
Deur voorskrifte is die volk gerein,
want sondige mense kan nie voor Hom verskyn.
Die hoëpriester mag in die Allerheiligste bely,
sodat die volk vergifnis en versoening kon kry.

**Versoening (Kolossense 1).**
Versoening kom deur sy bloed,
want Hy het vir ons sondes vergoed.
Ja, deur Sy bloed aan die kruis
kan ons in vrede woon is Sy huis!

**Toepassing.**
Uit sonde slawerny is ons bevry,
verbondsbeloftes het ons gekry.
Laat ons nou met vrymoedigheid nader,
tot God, ons hemelse Vader.

## 5. Die woestyntog verhale.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

Almagtige hemelse Vader, U het U al aan ons geopenbaar as die Skepper en die Verbondsgod wat met wonders U volk uitgelei het en ons ook so uit sonde slawerny uitgelei het. Help ons om, as ons U Woord oopmaak, te verstaan wat dit beteken om U so te vertrou dat ons U ewige rus sal binnegaan. O Here, uit ons eie kan ons dit nie doen nie. Verlig en verander ons harte om dit raak te sien, te glo en te doen.

Amen.

Kom ons lees 'n paar verse uit II Korinthiërs 4:

*3 As ons evangelie dan tog nog versluier is, is dit versluier vir dié wat verlore gaan, 4vir die ongelowiges wie se denke deur die god van hierdie bedeling verblind is,* ***sodat*** *die lig van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, nie oor hulle skyn nie. 5*
*Ons verkondig immers nie onsself nie, maar Jesus Christus as Here, en onsself as julle diensknegte, ter wille van Jesus.* ***6Want*** *God wat gesê het, "Laat daar uit die duisternis lig skyn," dit is Hy wat in ons harte geskyn het om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, in die aangesig van Jesus Christus.* (II Korinthiërs 4).

Ons lees ook uit Numeri 14:

*1 Die hele volksvergadering het toe hard uitgeroep en die volk het daardie hele nag gekerm. 2*
*Al die Israeliete het by Moses en Aäron gemor en die hele volksvergadering het vir hulle gesê: "Het ons maar in Egipteland gesterf; of het ons maar in hierdie woestyn gesterf! 3 Waarom*
*bring die Here ons na hierdie land, net om deur die swaard te val? Ons vroue en ons jong kinders gaan buit word! Is dit nie vir ons beter om na Egipte terug te keer nie?" 4 Hulle sê toe*
*vir mekaar: "Kom ons wys 'n leier aan en gaan terug na Egipte."*

*5Moses en Aäron het op hulle gesigte neergeval voor die hele byeenkoms van die volksvergadering van die Israeliete. 6Josua, seun van Nun, en Kaleb, seun van Jefunne, twee van dié wat die land verken het, het hulle klere geskeur 7 en vir die hele volksvergadering van*
*die Israeliete gesê: "Die land wat ons deurkruis het om dit te verken, is 'n buitengewoon goeie land. 8As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons in hierdie land inneem en dit vir ons gee – 'n*
*land wat oorloop van melk en heuning. 9 Teen die Here moet julle net nie in opstand kom nie.*
*Julle moenie bang wees vir die volk van die land nie, want hulle is 'n maklike prooi vir ons. Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die Here is met ons. Moenie vir hulle bang wees nie."*

*10 Toe die hele volksvergadering dreig om hulle met klippe dood te gooi, het die heerlikheid van die Here in die Tent van Ontmoeting aan al die Israeliete verskyn.*

*11 Die Here het vir Moses gesê: "Hoe lank gaan hierdie volk My nog minag? Hoe lank gaan hulle My nie vertrou nie, ten spyte van al die tekens wat Ek onder hulle gedoen het? 12 Ek gaan*
*hulle met pessiekte tref en hulle onterf. Dan sal Ek jou 'n nasie maak, groter en sterker as hulle."*

*13Daarop het Moses vir die Here gesê: "Die Egiptenare sal dit hoor – U het immers hierdie volk met u krag uit hulle midde laat wegtrek – 14en dan sal hulle dit vir hierdie land se inwoners vertel. Hulle het gehoor dat U, Here, onder hierdie volk teenwoordig is en dat U, Here, van aangesig tot aangesig aan hulle verskyn het en dat u wolk bo hulle bly – ja, dat U in 'n wolkkolom bedags voor hulle uitgaan en in 'n vuurkolom snags. 15As U dan hierdie volk soos een man om die lewe bring, sal die nasies wat van u roem gehoor het, sê, 16'Dit is omdat die Here nie in staat was om hierdie volk in die land in te bring wat Hy met 'n eed aan hulle beloof het nie, dat Hy hulle in die woestyn omgebring het. '*


*17Daarom dan, laat die krag van my Heer tog groot wees, soos U gesê het, 18" 'Die Here is geduldig en oorvloedig in troue liefde. Hy skeld sondeskuld en oortreding kwyt, maar laat beslis niks ongestraf nie; Hy laat kinders tot die derde en vierde geslag boet vir die skuld van voorouers.'*

*19 "Vergewe asseblief die sondeskuld van hierdie volk volgens die grootheid van u troue liefde, soos U hierdie volk van Egipte af tot hier kwytgeskeld het."*

*20 Die Here het gesê: "Ek vergewe, soos jy versoek. 21 Maar aan die ander kant, so seker as wat Ek leef, en so seker as wat die heerlikheid van die Here die hele aarde vul, 22niemand van al die manne wat my heerlikheid en my tekens gesien het wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, en My nou al tien keer uitgedaag het, en na my stem nie geluister het nie, 23sal die land sien wat Ek aan hulle voorouers met 'n eed beloof het nie. Ja, almal wat My minag, sal dit nie sien nie. 24 Maar wat my dienskneg Kaleb betref, omdat hy 'n ander gees openbaar het, en My met volharding gevolg het, sal Ek hom inbring in die land waarheen hy gekom het. Sy nageslag sal dit in besit neem.*

**b. Ek sien**

Kom ons kyk nou weer na die konteks van die hoofstuk wat ons gelees het, sodat ons uiteindelik ook ons teks kan verstaan.



### i. Inleiding.

In die uittog verhaal het God Homself openbaar as die almagtige God wat Sy volk uit slawerny uitgelei het. Die hele eerste jaar was hulle by Sinai en dit het opgeloop tot die hoogtepunt van die Groot Versoendag. God het Hom ook openbaar as die Heilige God en feeste en rituele ingestel hoe die volk Hom moes aanbid.

### ii. Die volk vertrek vanaf Sinai.

In Numeri 9 sien ons die volk vier die tweede Pasga en kry dan die opdrag om te vertrek. Die volk kla eers oor manna en God gee vir hulle soveel kwartels dat dit 'n meter hoog vir 'n kilometer rondom die kamp lê. Die volk was so gulsig dat hulle siek geword het en van hulle gesterf het daarvan.

Ons lees dan ook hoe Aäron en Miriam hulle teen Moses verset en God Moses as die leier bevestig.

### iii. Die Kades krisis.

Kort hierna kom hulle by Kades aan. Dit is op die rand van die beloofde land. Hulle stuur 12 verkenners, een uit elke stam, om te kyk hoe die land ingeneem moet word. Met hulle terugkoms het Josua en Kaleb gesê dit is 'n land van melk en heuning – hulle moet intrek. Die ander 10 het egter gesê die land is vol reuse. Hulle kan nie intrek nie. Dan vertel hoofstuk 14 wat ons saam gelees het die verhaal. Die gevolg was dat God hulle gestraf het en hulle moes uiteindelik 40 jaar in die woestyn swerf:

*32Maar wat julle betref, julle dooie liggame sal in hierdie woestyn val. 33En julle kinders sal veertig jaar lank herders in die woestyn wees. Hulle sal die gevolge van julle ontrouheid moet dra totdat julle lyke in die woestyn vergaan het. 34Volgens die getal dae wat julle die land verken het, naamlik veertig dae, sal julle sondeskuld moet dra, 'n jaar vir elke dag – dus veertig jaar lank.* ***Dan*** *sal julle weet wat dit beteken om My te dwarsboom.'* (Numeri 14).

### iv. Korag se opstand.

In Numeri 33 sien ons 'n kort opsomming van die 17 kampplekke waar die volk gestop het oor die 17 jaar. In hierdie tyd lees ons hoe Korag, Datan en Abiram in opstand gekom het teen Moses en Aäron. Hulle het gevoel almal is heilig en kan ook in die tempel ingaan en dien. Die uiteinde van daardie verhaal was dat die aarde hulle ingesluk het:

*28 Moses het gesê: "Hieraan sal julle weet dat die Here my gestuur het om al hierdie werke te doen, dat dit nie uit my eie is nie. 29As hierdie mense soos elke ander mens sterf, die lot van elke mens hulle ook tref, het die Here my nie gestuur nie. 30 Maar as die Here iets nuuts skep, as die aarde sy mond oopsper en hulle verswelg met alles wat aan hulle behoort, sodat hulle lewend na die doderyk afdaal, sal julle weet dat hierdie mense die Here geminag het."*

*31 Net toe hy al hierdie woorde klaar gesê het, het die grond onder hulle oopgeskeur. 32Die aarde het sy mond oopgemaak en hulle en hulle huisgesinne verswelg – ja, al die mense wat aan Korag behoort, en al hulle besittings. 33Hulle en alles wat aan hulle behoort, het lewend afgedaal na die doderyk. Die aarde het oor hulle toegegaan en hulle het verdwyn uit die midde van die geloofsgemeenskap.* (Numeri 16).

### v. Die koperslang.

Aan die einde van die 40 jaar lees ons van nog een van vele opstande. Die Here stuur dan slange en 'n klomp mense het gesterf. Ons lees daarvan in Numeri 21: *Moses het toe vir die volk gebid. 8 Die Here het vir Moses gesê: "Maak vir jou 'n slang en sit dit op 'n paal, dan sal elkeen wat gepik is en daarna kyk, bly leef." 9Moses het toe 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit. Wanneer 'n slang iemand pik, en hy kyk na die koperslang, het hy bly leef.* (Numeri 21).

### vi. Deuteronomium.

Aan die einde van die veertig jaar, is die volk weer op die rand van die beloofde land. Die hele boek Deuteronomium speel daar af. Die boek is drie toesprake van Moses, wat ook weer die drie stappe van verbondsvernuwing is:

- Toespraak 1: Wat God gedoen het (Deuteronomium 1-3).

In hierdie gedeelte herhaal baie van die geskiedenis, want Moses vertel wat God gedoen het in die verlede. Hoe Hy hulle uit slawerny uitgelei het.

- Toespraak 2: Wat God van die volk verwag (Deuteronomium 4-26).

In hierdie gedeelte herhaal baie van die voorskrifte, want Moses bevestig vir die volk wat God verwag: Die bepalings van die verbond. Kom ons lees byvoorbeeld 'n paar verse saam uit Deuteronomium 6:

*4" Luister, Israel, die Here is ons God, die Here alleen. 5 Jy moet die Here jou God met hart en siel liefhê en met al jou krag. 6 En hierdie woorde wat ek vandag vir jou voorskryf, moet jy op die hart dra. 7 Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan. 8 Bind dit as 'n teken om jou hand en laat dit 'n versiering op jou voorkop wees. 9Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en op jou stadspoorte.* (Deuteronomium 6).

- Toespraak 3: Wat God gaan doen (Deuteronomium 27-34).

Hier word die verbond hernu en kyk Moses vooruit, sê vir die volk wat God gaan doen en wat die implikasies van gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God gaan wees.

*1 Dit is die bepalings van die verbond wat die Here Moses beveel het om met die Israeliete te sluit in die land Moab, afgesien van die verbond wat Hy met hulle by Horeb gesluit het. 2 Moses het die hele Israel byeengeroep en vir hulle gesê: "Julle het self alles gesien wat die Here in Egipteland voor julle oë gedoen het aan die farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land – 3die groot teistering wat jou eie oë gesien het, ja, daardie tekens van mag en groot wonders. 4 Tot vandag toe het die Here nie vir julle insig gegee om te verstaan nie, oë om te sien en ore om te hoor nie. 5Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn gelei. Julle klere aan julle lywe het nie verslyt nie. Jou sandale aan jou voete het ook nie verslyt nie. 6Brood het julle nie geëet nie, en wyn of sterk drank het julle nie gedrink nie, **sodat** julle kon verstaan dat Hy die Here, julle God is.* (Deuteronomium 29).

*11" Ja, hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te moeilik nie en dit is nie ver weg nie. 12 Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê, 'Wie sal vir ons na die hemel opgaan, sodat*

*hy dit vir ons kan gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan uitvoer?' 13Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê, 'Wie sal vir ons oorgaan tot oorkant die see, sodat hy dit vir ons kan gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan uitvoer?' 14Nee, die woord is baie naby jou – in jou mond en in jou hart,* ***sodat*** *jy dit kan uitvoer.* (Deuteronomium 30).

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Vanaf die tyd wat die mens uit Eden moes gaan en die verhouding met God verbreek is, het die mens bly smag om weer in Sy teenwoordigheid in te mag gaan. Die uittog verhaal het in besonder gewys hier die volk weer gereinig kon word en met Hom versoen kon word. Die oproep was dan ook vir ons om dit te glo en in te gaan in Sy heiligdom.

Hier, met die woestyntog verhaal is dit dan amper ongelooflik. Na dit alles kom die volk by die beloofde land aan, maar glo God se belofte nie en kon nie in die beloofde land ingaan nie. Ons sien hoe die volk telkens in opstand kom en hoe God, elke keer weer straf. Korag is selfs deur die aarde ingesluk!

Hoor ook die waarskuwing vir ons vandag uit Hebreërs 4:

*1Laat ons daarom versigtig wees, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan, nog bly staan, dat dit nie mag blyk dat een van julle agtergebly het nie.* ***2Want*** *net soos aan hulle, is die goeie boodskap ook aan ons verkondig.* ***Maar*** *die boodskap wat hulle gehoor het, het hulle nie gebaat nie, omdat hulle nie deur die geloof verenig is met dié wat dit wel gelowig aangehoor het nie. 3Ons wat tot geloof gekom het, gaan immers wel die rus in – soos Hy gesê het, "So het Ek in my toorn gesweer, 'Hulle sal beslis nie in my rus ingaan nie!' " al was God se werke reeds vanaf die grondlegging van die wêreld afgehandel.* (Hebreërs 4).

Net soos die volk, het ons die uitnodiging om God se rus binne te gaan, maar ons moet Sy beloftes glo en in afhanklikheid en met vertroue op die pad loop wat Hy daarheen gebaan het. Hoe gebeur dit dan dat die volk God se almag sien, Sy beloftes kry, die versoening aangebied word, maar tog steeds nie glo nie?

Die verhaal van die slang op die paal ontsluit vir ons die rede. Die mense wat gepik was moes gelowig opkyk om gered te word. Johannes haal dit in Johannes 3 aan as hy vir Nikodemus die wedergeboorte verduidelik:

*3Jesus het hom geantwoord: "Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." …*

*7Moenie daaroor verbaas wees dat Ek vir jou gesê het, 'Julle moet van bo gebore word' nie. 8Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." …*

*14En net soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die Mens verhoog word,* ***15 sodat*** *elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe sal hê."* ***16Want*** *so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het,* ***sodat*** *elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.* (Johannes 3).

Sonder die wedergeboorte kan 'n mens nie Jesus Christus se sterwe, opstanding, hemelvaart se betekenis en waarde sien nie. Die ongelowige mens kan die koninkryk van God nie sien nie. So persoon kan hierdie blye boodskap nie glo nie.

In die vorige les het ons gelees hoe die volk 50 dae na die Pasga gebeure by die berg Sinai aankom. Daar het hulle die wet op kliptafels gekry. In die Nuwe Testament is die Heilige Gees uitgestort 50 dae na die kruisigings gebeure – weereens is God so in beheer dat die geskiedenis van 1500 jaar gelede presies vooruit gewys het na wat werklik vervul sou word. Jeremia en Esegiël het geprofeteer dat mense se klip harte na harte van vlees verander sal word. Dit is presies wat gebeur as die Heilige Gees jou hart verander – as jy wedergebore word.

Kom ons kyk weer na die teks waarmee ons geopen het en leer hoe gebeur die wedergeboorte:

*3 As ons evangelie dan tog nog versluier is, is dit versluier vir dié wat verlore gaan, 4vir die ongelowiges wie se denke deur die god van hierdie bedeling verblind is,* ***sodat*** *die lig van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, nie oor hulle skyn nie. 5 Ons verkondig immers nie onsself nie, maar Jesus Christus as Here, en onsself as julle diensknegte, ter wille van Jesus.* ***6Want*** *God wat gesê het, "Laat daar uit die duisternis lig skyn," dit is Hy wat in ons harte geskyn het om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, in die aangesig van Jesus Christus.* (II Korinthiërs 4).

Die hoofstuk net voor hierdie gedeelte het die verhaal vertel van hoe Moses sy gesig moes versluier soos wat die geblink het toe hy van die berg Sinai afgekom het. Hier gaan hy aan met daardie tema en wys hoe Satan steeds mense se oë versluier om die evangelie, die blye boodskap te sien en te glo.

Die teks hier sê spesifiek wat hulle nie gesien het nie: *die lig van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.*

So, tot ons nie wedergebore is nie, kan ons die lig van die Evangelie nie sien nie. Ons kan die heerlikheid van Christus, die beeld van God nie sien nie. Ons kan nie sien dat daar niks anders meer waardevol in die hele wêreld is nie.

Hoe word ons dan weergebore?

***6Want*** *God wat gesê het, "Laat daar uit die duisternis lig skyn," dit is Hy wat in ons harte geskyn het om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, in die aangesig van Jesus Christus.*

Met dieselfde kragtige woorde waarmee God lig geskep het, nog voor daar son was, laat Hy lig in ons harte skyn. Dis net so groot wonder as die skeppingswonder. Onthou jy nog ons het gesien dat die lig in Genesis 1:3 die lig van God se heerlikheid is. Dit was ook die lig wat die volk gesien het met die tien plae se drie dae duisternis. Hier sê hy dit ook: *om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God.*

God is die een wat, deur Sy Gees ons die wedergeboorte laat kry. Dit verlig ons harte sodat ons Sy heerlikheid kan sien. As ons dit sien, dan glo ons Sy beloftes en dan word ons so verander dat ons in afhanklikheid en vertroue die pad sal loop. Dan sal ons ook die rus ingaan.


**d. Ek vertel en verheerlik.**

Kom ons verheerlik God weer met 'n opsommende gedig.



**Vertrek vanaf Sinai (Numeri 10-12)**

Die wolk het van die tabernakel af opgegaan:
Die betekenis: " Trek agter My aan!"
Die volk het oor die manna begin kla,
en kry toe meer kwartels as wat hulle kon dra.



**Die Kades krisis (Numeri 13-14).**

Die verspieders het uitgegaan:
"Ons kan die reuse nie verslaan!"
Vir veertig jaar woestyn swerf verdien,
nie een van hulle sou die land sien.




**Korag se opstand (Numeri 16-17).**

Korag: Ons is ook heilig, ons wil self dien.
Deur die aarde ingesluk, is wat die volk toe sien.
Wie moet as priesters dien is wat julle vra?
Aäron se staf het die amandels gedra.



**Die koperslang (Numeri 21).**

Ons is sat vir die slegte kos wat U ons gee...
Hy stuur toe giftige slange en straf hul daarmee.
Kyk na die koperslang op die paal:
Redding word deur geloof bepaal.



**Moses se drie toesprake (Deuteronomium).**

Julle staan nou hier op die rand
van die lank beloofde land.
Oor ongehoorsaamheid sal vervloeking reën,
maar gehoorsaamheid sal lei tot Sy seën.

**Wedergeboorte (I Korinthiërs 4).**

Die ongelowige se oë is vir die waarheid verblind.
Al hoe die mens die Woord se betekenis vir jou kan vind:
God moet die Lig van wedergeboorte in jou hart laat skyn,
dan sal die kennis van die heerlikheid van God daarin verskyn!

## 6. Die inname van die land en die rigters tydperk.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam.

O God, U is die Skepper en Onderhouer. Ja, U is die Verbondsgod wat vir U ‘n volk bymekaargemaak het en hulle uit slawerny uitgelei het. U het hulle deur die woestyn gelei tot in die beloofde land. Open nou ons oë dat ons sal verstaan hoe dit ook na Christus wys en hoe daardie beloftes vandag nog vir ons geld. Verander ons harte soos Ragab sin om te glo en dan te doen en so deel te word van U volk.

Amen.

Ons lees ‘n paar verse uit I Korinthiërs 15:

*20Maar nou, Christus ís opgewek uit die dood – die eersteling [the firstfruits, ESV] van die ontslapenes. **21 Want** aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens. 22Want soos almal deur Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word; 23 maar elkeen volgens 'n bepaalde orde: as eersteling [the firstfruits, ESV] Christus, daarna, met sy koms, hulle wat aan Christus behoort.* (I Korinthiërs 15).

Ons lees ook saam uit Josua 5.

*1Toe al die konings van die Amoriete aan die westekant van die Jordaan en al die konings van die Kanaäniete langs die see hoor dat die Here die water van die Jordaan voor die Israeliete laat opdroog het totdat hulle deurgetrek het, het hulle harte ineengekrimp, sodat hulle nie meer moed gehad het vir die Israeliete nie.*

*2In dié tyd het die Here vir Josua gesê: “Maak vir jou klipmesse en besny weer die Israeliete 'n tweede keer. ” 3Josua het toe vir hom klipmesse gemaak en die Israeliete besny by Ghibeat Ha-araloot. 4En dit is die rede waarom Josua die besnydenis moes doen: Die hele volk wat uit Egipte getrek het, die mans, al die krygsmanne, is op pad in die woestyn dood, gedurende die uittog uit Egipte. 5Die hele volk wat weggetrek het, was immers besny; maar al die volksgenote wat in die woestyn gebore is terwyl hulle op pad was, gedurende hulle uittog uit Egipte, is nie besny nie. 6Want veertig jaar lank het die Israeliete in die woestyn rondbeweeg, totdat die hele nasie krygsmanne wat uit Egipte weggetrek het, tot niet was, hulle wat nie na die stem van die Here geluister het nie, vir wie die Here gesweer het dat Hy hulle nie die land sal laat sien wat die Here aan hulle voorvaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie – 'n land wat oorloop van melk en heuning. 7Maar hulle kinders het Hy in hulle plek gestel. Dit is hulle wat Josua besny het, want hulle was onbesnede, omdat hulle nie op pad besny is nie. 8Toe die hele volk klaar besny is, het hulle net waar hulle was in die kamp gebly, totdat hulle gesond was.9Die Here het vir Josua gesê: “Vandag het Ek die bespotting van Egipte van julle afgewerp.” Daarom is die naam van hierdie plek Gilgal; dit is vandag nog so.*

*10Terwyl die Israeliete by Gilgal gekamp het, het hulle op die veertiende dag van die maand teen die aand die Pasga gevier in die vlaktes by Jerigo. 11Die dag ná die Pasga, presies op daardie dag, het hulle van die vrug van die land geëet – ongesuurde brood en gebraaide koring. 12 Die manna het opgehou die dag ná hulle van die vrug van die land geëet het. Daar was nie*

*meer manna vir die Israeliete nie.* *Hulle het in daardie jaar van die opbrengs van die land Kanaän geëet.* (Josua 5).

**b. Ek sien.**

**i. Inleiding.**

Kom ons kyk nou weer na die konteks van die hoofstuk wat ons gelees het, sodat ons uiteindelik ook ons teks kan verstaan.


Sover het ons gekyk na die oergeskiedenis en gesien dat God alles goed gemaak het om in Sy teenwoordigheid te leef, maar die sondeval van die mens het daardie verhouding verbreek. God beloof reeds hier dat Jesus Christus die Satan se kop sal vermorsel.

God het ‘n nuwe begin gemaak en ‘n verbond met Abraham gesluit. Abraham het die beloftes geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken. Deur hom sal al die al die nasies van die aarde geseën word en dit is vervul in Jesus Christus.

God het sy volk uit slawerny gered, ‘n verbond met hulle gesluit by Sinai. Daar het hulle Sy voorskrifte gekry, die tabernakel gebou en is godsdienstige wette vir reiniging en versoening ingestel. Net deur Jesus Christus se versoeningswerk is daar vir ons toegang tot die heiligdom.

Toe die volk die beloofde land moes ingaan, het hulle nie op God vertrou nie. Hulle moes toe nog 40 jaar deur die woestyn swerf. As ons nie wedergebore word nie, sal ons ook nie God se beloftes glo en die rus kan ingaan nie.

Kom ons kyk nou na die volgende tydperk: Die inname en rigters tydperk.




I Konings 6 help ons om ons tydlyn se aantal jare reg te kry: *1 In die vierhonderd-en-tagtigste jaar ná die uittog van die Israeliete uit Egipteland, in die vierde jaar van Salomo se regering oor Israel, in die maand Sif – dit is die tweede maand – het hy die tempel vir die Here begin bou* (I Konings 6).

So, vanaf die uittog tot Salomo die tempel gebou het was 480 jaar. Ons het reeds gekyk na die tydperk in die woestyn – dit was veertig jaar. Ons sal ook nog sien dat Saul en Salomo elk 40 jaar konings was. Salomo het die tempel gebou in sy vierde jaar, so die tydperk wat ons nou gaan deurwerk was 480 - 4 [Salomo] – 40 [Dawid] – 40 [Saul] – 40 [woestyn] = 356 jaar.

Binne in dit het ons nog ‘n vers wat help om die tydlyn reg te kry: *26Israel woon nou al driehonderd jaar lank in Gesbon en sy omliggende dorpies, in Aroër en sy omliggende dorpies en in al die dorpe wat langs die Arnon lê. Waarom het julle dit nie gedurende dié tyd van ons afgeneem nie?* (Rigters 11).

In die 40ste jaar in die woestyn, net voor hulle die beloofde land binnegegaan het, het Israel Gesbon ingeneem. So van daar af tot by Jefta was 300 jaar. Dit beteken daarom dat die rigters na Jefta, insluitende Simson en dan ook die oorgangstyd van Eli en Samuel alles in 56 jaar moes gebeur het. Dit is ook hoekom die tydlyn wys dat Samuel en Simson in tyd oorvleuel.

Kom ons kyk nou na die gebeure in die tydperk:

**ii. Inname van die land.**

Die boek van Josua begin met God wat Josua aanstel as die nuwe leier van die Israeliete, wat Moses opvolg. God verseker Josua dat Hy met hom sal wees, net soos Hy met Moses was. In hoofstuk 2 stuur Josua spioene na die land toe. Ragab, die prostituut het uit geloof hulle weggesteek en gehelp om te ontvlug.

Hoofstuk 3 vertel van 'n beslissende oomblik toe die Israeliete, onder leiding van Josua, by die Jordaanrivier aangekom het. Hierdie keer, in teenstelling met die vorige generasie wat getwyfel het, toon die mense geloof in God se beloftes. Terwyl die priesters die Ark van die Verbond dra, tree hulle in die rivier in, en wonderbaarlik is die rivier oopgekloof sodat die Israeliete op droë grond die beloofde land binne kon loop. Ons lees dan van twaalf klippe ter herinnering:

*20 Daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het Josua in Gilgal opgerig. 21Hy het vir die Israeliete gesê: “As julle kinders in die toekoms vir hulle ouers vra, ‘Wat beteken hierdie klippe?’ 22dan moet julle aan julle kinders verduidelik, ‘Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek.’ 23 Want die Here julle God het die water van die Jordaan voor julle laat opdroog, totdat julle deurgetrek het, soos wat die Here julle God gedoen het met die Rietsee wat Hy voor ons laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het,* ***24 sodat*** *al die volke van die aarde mag weet dat die hand van die Here sterk is,* ***en sodat*** *julle altyd vir die Here julle God ontsag sal hê.” (Josua 4).*

Dit bring ons dan by die teks gedeelte waarna ons saam geluister het. Ons sien die eerste twee dinge wat die volk doen toe hulle die land binnekom:

1. **Besnydenis:** Die eerste ding wat die volk gedoen het toe hulle die land binne gegaan het was die besnydenis. Dit was die teken van die verbond wat in die tyd van Abraham ingestel is.
2. **Die Pasga:** Die tweede ding wat die Israeliete gedoen het, was om die fees van die Pasga op die veertiende dag van die eerste maand te vier. Hierdie fees het gedien as 'n herinnering aan hoe God hulle veertig jaar gelede uit die slawerny in Egipte gered het. Die Pasga was 'n belangrike gebeurtenis in Israel se geskiedenis, omdat dit hul

bevryding uit die slawerny aangedui het en die begin van hul reis na die beloofde land. Selfs tot vandag toe bly die Pasga 'n belangrike viering in die Joodse tradisie.

In die Gereformeerde tradisie word hierdie twee dinge sakramente genoem: Die besnydenis (in die vorm van doop) en die Heilige Nagmaal (as 'n voortsetting van die Pasga), word steeds beoefen as simbole van die verbondsverhouding tussen God en Sy mense.

Dan lees ons:

*11Die dag ná die Pasga, presies op daardie dag, het hulle van die vrug van die land geëet – ongesuurde brood en gebraaide koring. 12 Die manna het opgehou die dag ná hulle van die vrug van die land geëet het. Daar was nie meer manna vir die Israeliete nie. Hulle het in daardie jaar van die opbrengs van die land Kanaän geëet.* (Josua 5).

Die manna het opgehou! Na 40 jaar van elke dag manna optel en eet was daardie bron van voedsel skielik weg. Die mens het nog die oggend opgestaan om hulle daaglikse brood op te tel en toe is dit weg, Wat nou?

Maar God is presies in beheer. Dis hoekom daar ook staan: *presies op daardie dag,*

Kom ons lees Levitikus 23: *9Die Here het vir Moses gesê: 10" Praat met die Israeliete en sê vir hulle, 'Wanneer julle in die land kom wat Ek vir julle gaan gee en julle die graanoes insamel, moet julle die eerste gerf van julle graanoes na die priester bring. 11Hy moet die gerf voor die Here aanbied dat dit tot julle voordeel strek. Op die dag ná die Sabbat moet die priester dit aanbied*. (Levitikus 23).

Dit was presies op die dag wat God gevra het die eerste gerf moet aan Hom gegee word. Dit was presies op die dag wat die eerste gerf die eerste keer in die beloofde land geoes sou word.

Met geloof en vertroue in God se beloftes het die Israeliete om Jerigo gestap, en die mure van die stad het geval, wat gelei het tot die verowering van die land. Omdat Ragab geglo het, is net sy en haar gesin gered – 'n heidense vrou wat by God se volk gevoeg is.

Hoofstukke 7 tot 12 van die boek Josua vertel hoe die res van die beloofde land deur die Israeliete verower is. Hierdie tydperk is gekenmerk deur verskeie gevegte en oorwinnings, wat God se ingryping en krag in hul militêre verowerings uitlig.

In hoofstuk 7 het die Israeliete 'n terugslag by die stad Ai ervaar as gevolg van die sonde van Agan, wat verbode buit uit Jerigo geneem het. God het Israel verantwoordelik gehou vir hierdie ongehoorsaamheid, maar nadat Agan se sonde hanteer is, kon die Israeliete oorwinning behaal in opvolgende gevegte.

In hoofstukke 9 en 10 het die omliggende nasies bang geraak vir die vordering van Israel en gepoog om alliansies te vorm. Josua is deur die Gibeoniete bedrieg om 'n verbond met hulle te sluit. Ten spyte hiervan het die Israeliete hul kant van die verdrag nagekom en die Gibeoniete beskerm toe ander nasies hulle wou aanval.

Josua 10 vertel van 'n wonder toe Josua tot God gebid dat die son tydens 'n kritieke geveg teen die Amoritiese konings stil moes staan. God het Josua se gebed beantwoord, en die son het stil gestaan totdat die Israeliete die oorwinning behaal het!

### iii. Verdeling van die land.

Na ongeveer 7 jaar van gevegte, beskryf hoofstukke 13-22 die verdeling van die land aan die 12 stamme en die vestiging van asiel stede. Dit was 'n bevestiging dat God sy belofte aan Abraham vervul het: *45Nie 'n woord van al die goeie beloftes wat die Here aan die huis van Israel gemaak het, het onvervuld gebly nie; alles is vervul.* (Josua 21).

Die boek Josua sluit af met 'n toespraak wat deur Josua aan die volk van Israel gegee is. Hierdie toespraak dien as 'n herinnering en aansporing vir die Israeliete om gehoorsaam te bly aan die verbond van God, net soos Moses gedoen het voor sy dood in die laaste hoofstukke van die Pentateug. Dit is ook in die vorm van 'n hernuwing van die verbond:

Hy vertel eers vir die volk wat God gedoen het: *14Kyk, ek loop vandag die pad van almal op aarde. Erken met julle hele hart en julle hele wese dat nie een woord van al die goeie beloftes wat die Here julle God teenoor julle uitgespreek het, onvervuld gebly het nie; alles is vir julle vervul, nie een woord daarvan het onvervuld gebly nie.* (Josua 23). Hoofstuk 24:1-13 vertel dit dan in detail.

Dan beskryf hy wat God van hulle verwag: *14" **Daarom dan,** julle moet ontsag hê vir die Here; dien Hom met opregtheid en getrouheid. Verwyder die gode wat julle voorvaders anderkant die Rivier en in Egipte gedien het, en dien die Here. 15 Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies julle dan vandag wie julle wil dien, óf die gode anderkant die Rivier wat julle voorouers gedien het, óf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Maar ek en my huis, ons sal die Here dien."* (Josua 24).

Dan kry ons die aanvaarding van die volk: *16Hierop het die volk geantwoord en gesê: "Nooit sal ons die Here verlaat deur ander gode te dien nie; **17want** die Here ons God, Hy is die Een wat ons en ons voorouers uit Egipteland, uit die plek van slawerny, laat optrek het, en wat voor ons oë hierdie groot tekens van mag gedoen het. Hy het ons bewaar op die hele pad waarlangs ons gegaan het, en onder al die volke waar ons deurgetrek het. 18Die Here het al die volke voor ons uitgedryf en die Amoriete wat in die land gewoon het. Ook ons sal die Here dien, **want** Hy is ons God."* (Josua 24).

### iv. Rigters.

Op die tydlyn prentjie is 'n golf van groen en rooi geteken. Dit beskryf die siklus wat in elke rigter se geskiedenis gebeur het. Rigters 2 beskryf hierdie siklus. Kom ons lees dit saam:

*1Die Engel van die Here het van Gilgal af opgegaan na Bogim en gesê: "Toe Ek julle uit Egipte laat optrek het en julle gebring het na die land wat Ek met 'n eed aan julle voorvaders beloof het, het Ek gesê, 'Ek sal nooit my verbond met julle verbreek nie, 2maar julle mag nie 'n verdrag sluit met die inwoners van hierdie land nie. Hulle altare moet julle afbreek. ' Maar julle het nie na my stem geluister nie. Waarom het julle so opgetree? 3En Ek sê ook vir julle, 'Ek sal hulle nie voor julle uitdryf nie. Hulle gaan vir julle strikke word en hulle gode sal vir julle 'n valstrik word. ' "*

*4Nadat die Engel van die Here hierdie woorde vir al die Israeliete gesê het, het die volk hardop gehuil. 5Hulle het daardie plek toe Bogim genoem, en daar vir die Here offers geslag.*

*6 Josua het die volk weggestuur, en die Israeliete het elkeen na sy erfdeel gegaan om die land in besit te neem. 7Die volk het die Here gedien gedurende Josua se leeftyd, en ook gedurende*

*die leeftyd van die oudstes wat lank ná Josua nog geleef het, hulle wat al die groot dade van die Here gesien het wat Hy vir Israel gedoen het. 8Josua, seun van Nun, die dienskneg van die Here het op die ouderdom van honderd-en-tien jaar gesterf. 9Hulle het hom begrawe in die gebied van sy erfdeel in Timnat-Geres, wat in die heuwelland van Efraim geleë is, noord van die berg Gaäs.*

*10 Nadat ook daardie hele geslag met hulle voorouers verenig is, het daar 'n ander geslag ná hulle opgestaan wat nie die Here geken het, en ook nie die dade wat Hy vir Israel gedoen het nie.*

Sien julle net een geslag later, het hulle God nie meer geken nie. Die opdrag om die nageslag te vertel wat die klippe beteken is nie, nagekom nie. Die gevolg was dramaties:

*11Die Israeliete het toe gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here; hulle het die Baäls gedien. 12Hulle het die Here, die God van hulle voorouers, wat hulle uit Egipteland laat wegtrek het, verlaat, en agter ander gode aangeloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was. Hulle het voor hulle in aanbidding neergebuig en die Here uitgetart. 13 Hulle het die Here verlaat en Baäl en die Astartes gedien.*

***14Die toorn van die Here** het teen Israel ontbrand. Hy het hulle oorgelewer in die hand van plunderaars, en dié het hulle geplunder. Hy het hulle oorgelewer in die hand van hulle vyande rondom hulle. Hulle kon nie meer standhou voor hulle vyande nie. 15In al die veldtogte wat hulle onderneem het, was die hand van die Here teen hulle, ten kwade, net soos die Here gesê het, ja, net soos die Here vir hulle gesweer het.*

***Maar** wanneer die nood vir hulle op sy hoogste was, 16het die Here rigters laat opstaan. Hulle het die volk dan verlos uit die hand van dié wat hulle geplunder het. 17Ook na hulle rigters het hulle nie geluister nie, want hulle het agter ander gode aan gehoereer en voor hulle in aanbidding gebuig. Hulle het gou afgewyk van die pad wat hulle voorouers gevolg het in gehoorsaamheid aan die Here se gebooie. Hulle het nie so opgetree nie.*

*18Wanneer die Here vir hulle rigters laat opstaan het, was die Here met die rigter, en het Hy hulle verlos uit die hand van hulle vyande solank die rigter geleef het. Die Here het hulle immers jammer gekry vanweë hulle gekreun oor dié wat hulle verdruk en onderdruk het. 19Maar wanneer die rigter sterf, het hulle nog meer ontaard as hulle ouers deur agter ander gode aan te loop, hulle te dien en voor hulle in aanbidding te buig. Hulle het nie enige van hulle dade en hardnekkige optrede laat vaar nie.*

*20Dan het **die toorn van die Here** teen Israel ontbrand, en Hy het gesê: "Omdat hierdie nasie my verbond wat Ek hulle voorvaders opgelê het, oortree het, en nie na my stem geluister het nie, 21 sal Ek ook nie voortgaan om enigiemand voor hulle te verdryf nie – nie enige van die nasies wat Josua laat oorbly het toe hy dood is nie – 22om Israel sodoende deur hulle te toets: Gaan hulle by die Here se paaie hou deur daarop te loop soos hulle voorouers daarby gehou het, of nie?"*

***23Daarom** het die Here daardie nasies met rus gelaat deur hulle nie dadelik te verdryf nie. Hy het hulle ook nie in Josua se hand oorgegee nie.* (Rigters 2).

Die hoofstuk begin en eindig deur te bevestig dat God Sy volk getoets het. Vir meer as 300 jaar, rigter na rigter, het die volk die toets gefaal en agter afgode aangeloop. Dan ontbrand die

Here se toorn en word hulle deur ‘n ander volk onderdruk. Uiteindelik kom hulle dan tot inkeer en bid tot God. God rig dan ‘n rigter op en verlos die volk. Vir een geslag dien hulle God weer, maar sodra die rigter sterf, herhaal die siklus homself weer.

Die boek Rigters word opgesom deur sy laaste vers: *25In daardie tyd was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë (Rigters 21)*

**v. Rut.**

Die boek Rut vind plaas in die dieselfde tyd as die rigters – ongeveer die tyd van Gideon. Die kort boekie vertel hoe Rut, as ‘n heidense vrou, God as haar God aangeneem het. Dit vertel van die losser Boas wat met haar trou en hoe sy en haar skoonma, Naomi, herstel is van armoede tot in ‘n huwelik waarin hulle grond behou kon word. Die boekie sluit af om te wys dat Dawid uit haar nageslag gebore sou word.

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Ons is nou gereed om weer die teks te lees waarmee ons geopen het. Ons begin ‘n paar verse voor dit:

*16Want as dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. 17En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs, en is julle steeds in julle sondes. 18Dan is ook diegene wat in Christus ontslaap het, verlore. 19Indien ons hoop slegs vir hierdie lewe op Christus gevestig is, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.*

*20Maar nou, Christus ís opgewek uit die dood – die eersteling [“the firstfruits”, ESV] van die ontslapenes. **21 Want** aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens. 22Want soos almal deur Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word; 23 maar elkeen volgens 'n bepaalde orde: as eersteling [“the firstfruits”, ESV] Christus, daarna, met sy koms, hulle wat aan Christus behoort.* (I Korinthiërs 15).

Ons het in die boek Josua gelees dat die volk die eerste dag na die Sabbat, dit is die sondag, die eerste gerf moes bring. I Korinthiërs 15 beskryf Jesus as die eersteling, in die ESV as die “firstfruit”. Hy is die eerste saad wat uit die dood ‘n gerf geword het en na God toe gebring is. Dit het ook presies op die Sondag gebeur. Dit is hoekom die boek Josua ook so spesifiek uitgelig het op watter dag die manna opgehou het.

Net so seker as wat die eerste gerf geoes is, net so seker sal die res van die oes kom. Net so seker as wat Christus uit die dood opgestaan het en opgevaar het na die hemel, net so seker sal ons opstaan en die hemel binnegaan. Net so seker as wat die volk die beloofde land binnegegaan het, net so seker sal ons ook die beloofde land binnegaan. Net so seker as wat God al sy beloftes aan die volk gehou het, net so seker sal Hy al Sy beloftes aan ons ook hou!

Die boek Rigters waarsku ons, dat ons tot dan getoets word. Dat geslag na geslag in hierdie siklus van ontrou verval. Te midde van dit, moet ons getrou bly. Deur die boek Rut bevestig God, dat Hy in beheer is van die geskiedenis totdat Hy weer kom. Ook vir ons het Hy ‘n Losser, Jesus Christus gestuur. Hy is die Bruidegom van ons, die kerk as Sy bruid. Kyk net hoe wys die boek Matteus dit vir ons:

*5Salmon het Boas by Ragab verwek, Boas het Obed by Rut verwek, Obed het Isai verwek 6en Isai het Dawid, die koning, verwek…*

Sien jy dat Ragab, die eens prostituut wat die verkenners gehelp het, die ma was van Boas waarmee Rut getrou het. Albei die heidense vroue is in Jesus se geslagslyn.

*17Al die geslagte dan van Abraham tot by Dawid was veertien geslagte, en van Dawid tot by die wegvoering na Babilon veertien geslagte, en van die wegvoering na Babilon tot by die Christus veertien geslagte (Matteus 1).*


Ons kan God maar net loof en prys dat Hy so in beheer is van die geskiedenis, dat Hy sy beloftes hou en ons daarom verseker kan weet dat ons ook die beloofde land sal binnegaan.

**d. Ek vertel en verheerlik.**

Kom ons verheerlik God met 'n opsommende gedig:



**Inname van die land (Josua 1-12).**
Oorwinning kom nie uit eie krag -
alles is net deur God se mag!
So het God die weg gebaan
dat hulle al die volke verslaan.



**Verdeling van die land (Josua 13-22).**
Josua se einde is 'n afskeidspreek,
wat hul herinner wat maak en breek.
God het alles gedoen wat Hy beloof
die volk moet Hom nou dien en loof.



**Rigters Suid en Noord (Rigters 1-5).**
Otniël, Ehud en Samgar – Suid,
hierdie siklus was wyd versprei.
Debora en Barak in die Noord,
ja, dieselfde siklus in elke oord.



**Rigters sentraal en oos (Rigters 6-12).**
Abimelek, Tola en Jaïr – sentraal,
daar ook Gideon se unieke verhaal.
Jefta, het in die Ooste kom red,
maar daar sy dogter se lewe verwed.



**Rut.** (Gelees by Pinksterfees, 3e maand.)
Dood. Dood tref Naomi se hele gesin.
Sorg. Rut se sorg vir Naomi begin.
Sorg. 'n Losser, Boas, vir Rut versorg.
Lewe. Só Naomi se nageslag geborg.



**Simson en opsomming (Rigters 13-16).**
Die heiden, Delila, knip Simson se haar
en so eindig sy lewe met die pilaar...
'n Verhaal van verval en onvermoë:
Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.

**Opstanding uit die dood (I Korinthiërs 15).**
Jesus, het opgestaan uit die graf as eerste gerf,
net so seker sal ons ook opstanding verwerf.
Net so seker sal die res van die oes kom,
Ja, Hy kom ons haal, en is ons ewig by Hom!

## 7. Die verenigde koninkryk.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

O God U het U al vir ons geopenbaar as Skepper, as Verbondsgod, as Verlosser en as Een wat U beloftes hou. Ons het geleer van geloof, wedergeboorte en opstanding uit die dood. Open nou ons oë om te sien wat die geskiedenis van die Verenigde Koninkryk ons wil leer. Verander ons hart, om Hom wat regeer, met eerbied en ontsag te eer met ons hele lewens.

Amen.

Ons het in die vorige les uit I Korinthiërs 15 gelees, kom ons lees nou bietjie verder daaruit:

*24Dan kom die einde, wanneer Hy die **koningsheerskappy** aan God, die Vader, sal oorgee, wanneer Hy alle heerskappy en gesag en mag vernietig het. **25Want** Christus moet as koning regeer totdat "Hy al die vyande onder sy voete gestel het". 26 Die laaste vyand wat vernietig moet word, is die dood. 27"Want Hy het alles onder sy voete gestel." Maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat dit met die uitsondering is van Hom wat alle dinge aan Christus onderwerp het. 28Wanneer alles aan Hom onderwerp is, sal die Seun Homself onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, **sodat** God alles in almal sal wees.* (I Korinthiërs 15).

Ons lees ook uit II Samuel 7:

*1 Toe die koning gevestig was in sy paleis, en die Here hom rus gegee het van al sy vyande rondom hom, 2 het die koning vir Natan, die profeet, gesê: "Begryp tog, ek woon in 'n huis van sederhout, terwyl die ark van God in 'n tent gehuisves word." 3Natan antwoord toe die koning: "Gaan doen alles wat u in gedagte het, **want** die Here is met u."*

*4**Maar** in daardie nag het dit gebeur – die woord van die Here het tot Natan gekom: 5"Gaan sê vir my dienskneg, vir Dawid, 'So sê die Here: "Gaan jý vir My 'n huis bou om in te woon? 6Ek het mos nie in 'n huis gewoon vanaf die dag dat Ek die Israeliete laat optrek het uit Egipte tot vandag toe nie. Ek het altyd rondgetrek in 'n tent en 'n tabernakel. 7Het Ek ooit, oral waar Ek rondgetrek het onder al die Israeliete, met een van die stamme van Israel, wat Ek aangestel het om my volk Israel op te pas, die saak aangeroer en gesê, 'Waarom het julle nie vir My 'n huis van sederhout gebou nie?' "*

*8Daarom, so moet jy sê vir my dienskneg, vir Dawid, 'So sê **die Here, Heerser oor alle magte:** "Ek is die Een wat jou uit die weiveld agter die kleinvee weggeneem het om 'n leier te wees oor my volk Israel. 9 Ek was met jou oral waar jy gegaan het, en Ek het al jou vyande voor jou uitgeroei. Ek sal vir jou 'n groot naam maak soos die naam van die grotes wat op aarde is. 10 Ek sal vir my volk, vir Israel, 'n plek aanwys; Ek sal hom plant, en hy sal op sy plek woon en nie weer beef van angs nie. Skurke sal hom nie meer verdruk soos vroeër nie, 11soos van die dag af dat Ek rigters oor my volk Israel aangestel het. En Ek sal jou rus gee van al jou vyande. " ' "Die Here maak aan jou bekend dat Hy, die Here, 'n huis vir jou sal oprig. 12Wanneer jou tyd aangebreek het en jy by jou voorvaders gaan rus, sal Ek jou nakomeling ná jou, hy wat uit jou liggaam sal voortkom, na vore laat tree, en Ek sal sy koningskap vestig. 13Hy is die een wat vir my Naam 'n huis sal bou, en Ek sal sy koninklike troon vir altyd laat vasstaan. 14Ek sal vir hom*

*'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees.* ***Daarom,*** *wanneer hy afdwaal, sal Ek hom straf met 'n stok wat manne gebruik en met houe wat mense toedien.* ***15Maar*** *my troue liefde sal nie van hom wyk nie, soos wat Ek dit aan Saul onttrek het wat Ek voor jou verwyder het. 16Jou huis en jou koningskap sal vir altyd bestendig wees voor My, jou troon sal vir altyd in stand bly." ' " 17 Ooreenkomstig al hierdie woorde en hierdie hele onthulling, presies so het Natan die boodskap aan Dawid oorgedra.*

*18Koning Dawid het toe ingegaan en voor die Here gaan sit. Hy het gesê: "Wie is ek, Here, my Heer; en wie is my huis dat U my tot hier gebring het? 19En asof dit nie genoeg is in u oë nie, Here, my Heer, het U ook oor die huis van u dienskneg gepraat, tot in die verre toekoms, en dit as voorskrif vir mense, Here, my Heer. 20Maar wat kan Dawid verder vir U sê? U ken self u dienskneg, Here, my Heer. 21Ter wille van u belofte en volgens u wil het U hierdie hele groot saak so bewerk dat dit aan u dienskneg bekend kon word.* ***22Daarom,*** *U is groot, Here, my Heer; ja, daar is niemand soos U nie. Daar is geen God behalwe U nie, volgens alles wat ons met ons eie ore gehoor het.*

*23 En wie is soos u volk, soos Israel, die enigste nasie op aarde van wie dit geld dat God gegaan het om hulle vir Homself vry te koop as 'n volk, en om vir Homself naam te maak deur aan hulle grootse en wonderlike dade te doen, en aan u land, ter wille van u volk wat U vir U vrygekoop het van Egipte, van die nasies en die gode van Egipte? 24U het u volk Israel vir U as volk gevestig vir altyd. U, Here, U het hulle God geword.*

*25 Here, God, doen dan nou die woord gestand wat U gespreek het oor u dienskneg en sy huis, vir altyd; doen wat U gesê het,* ***26sodat*** *u Naam vir ewig groot sal wees, en daar gesê sal word,* ***'Die Here, Heerser oor alle magte,*** *is God oor Israel.' En wat die huis van u dienskneg Dawid betref, mag dit voor U in stand bly, 27want U, Here,* ***Heerser oor alle magte,*** *God van Israel, het aan u dienskneg dit geopenbaar, en gesê, 'n Huis sal Ek vir jou bou.'* ***Daarom*** *het u dienskneg die moed om hierdie gebed tot U te bid. 28En nou, Here, my Heer, U is God, en u woorde is betroubaar. U het hierdie goeie woord oor u dienskneg uitgespreek. 29 Wees dan nou bereid om die huis van u dienskneg te seën,* ***sodat*** *dit vir altyd voor U sal wees. U, Here, my Heer, het dit immers self gesê, en deur u seën sal die huis van u dienskneg altyd geseënd wees."* (II Samuel 7).

**b. Ek sien.**

**i. Inleiding.**

Sover het ons in die Oergeskiedenis God as die Skepper ontmoet. Ons het gesien hoe die mens in sonde val en hoe die verhouding met God verbreek is. Die moederbelofte (Gen 3:15) het reeds vooruit gewys na Christus.


Deur die Aartsvaders het ons God as die Verbondsgod leer ken en gesien hoe geloof in God se beloftes lyk.

God het Sy almag in die Uittog verhale openbaar en die verbond voorwaardes en rituele aan die volk gegee. Dit het die volk 'n tydelike weg tot reiniging, versoening en gemeenskap met God gegee. Al die rituele was 'n skaduwee van wat deur Jesus Christus vervul sou word, met die klem op sonde vergifnis en versoening.

Die Woestyntog verhale het die ongeloof en opstandigheid van die volk beklemtoon, maar daarteenoor God se genade en sorg. Net die wedergeboorte wat van God af kom, kan die mense se hart verander om God se heerlikheid te sien en in afhanklikheid van Hom te lewe.

Ons kyk nou na die verenigde koninkryk – 'n tydperk van die eerste drie konings wat elk veertig jaar geregeer het: Saul, Dawid en Salomo. Hierdie gebeure speel af vanaf 1095 tot 975vC.

Tot hier in die Ou Testament is die geskiedenis een boek op 'n slag aangebied. Kyk onder op ons tydlyn: Van hier af begin ons sien dat die boeke oorvleuel. Die boeke I en II Samuel, tesame met I en II Konings, kan gesien word as een verhaal. II Konings sluit af met die Babiloniese ballingskap, met sy finale verse in die middel van die ballingskap. Die skrywer reflekteer dus vanuit die ballingskap, terwyl hy probeer verstaan waarom hulle in hierdie situasie is. Die teks evalueer deurlopend die volk se optrede en bevind dat hulle goddeloos gehandel het in die oë van die Here.




Aan die ander kant vertel die boeke I en II Kronieke ook dieselfde geskiedenis, maar vanuit 'n ander perspektief. II Kronieke eindig ook met die Babiloniese ballingskap, maar sy laaste verse vertel ons hoe Kores 'n proklamasie gemaak het wat die mense van God toegelaat het om na Jerusalem terug te keer en die tempel te herbou. In plaas daarvan om slegs op die redes vir die ballingskap te fokus, beklemtoon hierdie boeke die verbondstrou van God. Die boek wy meer tyd daaraan om die bou van die tempel te vertel en hoe sommige van die konings dit herstel het. Die ballingskap word afgebeeld as 'n straf vir ongehoorsaamheid aan die verbond, maar dit beklemtoon ook dat God getrou gebly het aan Sy verbond gedurende hierdie gebeure.

### ii. Oorgang van rigters na konings

Die verhaal begin waar Hanna kinderloos was en God haar gebed verhoor het en so is Samuel gebore. Sy het haar belofte gehou en Samuel het in die tempel onder Eli, die hoëpriester, groot geword. Met die bekende woorde: "Spreek Here, U dienskneg luister", het Samuel die laaste rigter geword, maar is ook gesien as profeet en leier van die volk. Hierdie oorgangstydperk

oorvleuel met die laaste rigters. Die volk het gevra dat hulle ook ‘n koning, soos die ander nasies wou hê en so eintlik God verwerp as hulle Koning:

*4Al die oudstes van Israel het toe byeengekom en na Samuel in Rama gegaan. 5Hulle het vir hom gesê: “Kyk, u het oud geword, en u seuns volg nie in u voetspore nie. Stel dan nou vir ons 'n koning aan om ons te rig, soos dit by al die nasies is. ”6Dit was egter verkeerd in die oë van Samuel dat hulle gesê het: “Gee vir ons 'n koning om ons te rig.” Samuel het toe tot die Here gebid. 7Die Here het vir Samuel gesê: “Luister na die volk in alles wat hulle vir jou sê, want dit is nie jou wat hulle verwerp het nie, maar My het hulle verwerp om oor hulle koning te wees. 8Dit stem ooreen met al die dade wat hulle gedoen het, van die dag dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe: Hulle het My verlaat en ander gode gedien. Presies so maak hulle nou ook met jou. 9Luister dan nou na hulle. Maar jy moet hulle net ernstig waarsku, en aan hulle die regte verduidelik van die koning wat oor hulle gaan regeer. ”* (I Samuel 8).

**iii. Saul en Dawid**

Na aanvanklike sukses, lees ons dat Saul nie altyd God se bevele gehoorsaam het en God nie deur sy dade verheerlik het nie. Daar was oomblikke waar Saul uit vrees en ongeduld opgetree het, sake in sy eie hande geneem het, eerder as om op God se leiding te vertrou.

Een so gebeurtenis wat Saul se ongehoorsaamheid beklemtoon het, was tydens 'n geveg met die Amalekiete:

*17Samuel sê toe: “Is jy nie, alhoewel jy klein is in jou eie oë, die hoof van die stamme van Israel nie? En het die Here jou nie as koning gesalf oor Israel nie? 18Die Here het jou op 'n pad gestuur. Hy het gesê, ‘Gaan tref die sondaars, die Amalekiete, met die banvloek. Veg teen hulle totdat jy hulle uitgewis het.’ 19Waarom het jy dan nie na die stem van die Here geluister nie, maar op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here?”*

*20Saul sê toe vir Samuel: “Ek het geluister na die stem van die Here. Ek het gegaan op die pad waarop die Here my gestuur het. Ek het Agag, die koning van die Amalekiete, saamgebring, maar die Amalekiete het ek met die banvloek getref. 21Die manskappe het egter uit die buit kleinvee en beeste geneem, die beste van die bangoed, om aan die Here u God in Gilgal te offer.”*

*22Daarop het Samuel geantwoord: “Is daar vir die Here vreugde in brandoffers en maaltydoffers, soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as maaltydoffers, om te luister beter as die vet van ramme. 23Ja, opstandigheid is soos die sonde van waarsêery, en eiesinnigheid soos die euwel van huisgode. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”* (I Samuel 15).

In die tweede helfte van die boek I Samuel, leer ons Dawid ken. As skaapwagter word hy gesalf as die volgende koning, maar baie jare sou verloop voor hy koning sou word. Deur geloof het hy Goliat, die reus, met ‘n slingervel verslaan. Saul het hom in sy leër en paleis begin gebruik, maar hoe meer sukses Dawid verkry het, hoe groter het Saul se jaloesie geword. Soveel so, dat hy hom probeer vermoor het.

Dawid moes vlug en Saul het hom agtervolg. Gedurende hierdie tydperk het Dawid verskeie geleenthede gehad om Saul se lewe te neem, veral toe Saul kwesbaar en onbewus was. Tog het Dawid dit nie gedoen nie, uit eerbied vir die feit dat Saul die gesalfde koning van Israel

was. Hy het erken dat dit nie sy plek was om sake in sy eie hande te neem nie, maar eerder om te vertrou op God se tydsberekening en plan vir sy lewe en die nasie.

### iv. Dawid se sukses

Na Saul se dood het Dawid die koning van Israel geword. Aanvanklik het hy oor die stam van Juda en Benjamin geheers, en later, na sewe jaar, het hy die koning oor al twaalf stamme geword.

Baie van die psalms is deur Dawid geskryf, en pas in by verskillende gebeure in sy lewe. Dit help ook met die verstaan van die geskiedenisboeke as mens die psalms saam lees. Van die psalms word ook beskryf as koning- of troonsbestyging psalms. Psalm 110 is ‘n bekende voorbeeld: *1Van Dawid. 'n Psalm. Dit is die uitspraak van die Here vir my heer: “Sit aan my regterhand* ***totdat*** *Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak.”* (Psalm 110).

Een van die belangrike gebeure gedurende sy bewind, was om Jerusalem die hoofstad van Israel te maak. Hy het die stad van die Jebusiete ingeneem en dit as die politieke en geestelike sentrum van die nasie gevestig. In Jerusalem het Dawid 'n groot paleis vir homself gebou, wat sy posisie as 'n kragtige en invloedryke koning bevestig het. Onder sy leiding was die koninkryk van Israel polities en ekonomies baie voorspoedig.

Dit bring ons dan by die hoofstuk wat ons saam gelees het in II Samuel 7. Dit word ook presies so vertel in I Kronieke 17. Dawid wil graag vir God ‘n huis bou, maar God antwoord dat Hy vir Dawid ‘n huis gaan bou. Hy belowe hom dan, daar vir ewig iemand iemand uit sy nageslag op sy troon sal bly sit.

### v. Dawid se probleme

Die boek Kronieke, met sy fokus op die verbond van God en Dawid as voorbeeld vir die volk, laat grootliks die sondes van Dawid weg. Daarteenoor beskryf die boek II Samuel dit in detail.

Een van die bekendste voorvalle is Dawid se owerspel met Batseba en die daaropvolgende moord op haar man, Uria. Hierdie ernstige sonde het 'n reeks probleme tot gevolg gehad wat Dawid en sy koninkryk diep geraak het.

Na sy sonde het Dawid groot onrus in sy persoonlike lewe en binne sy familie ervaar. Die kind wat uit sy onwettige verhouding met Batseba gebore is, het gesterf, wat Dawid diep hartseer en smart veroorsaak het. Verder het die gevolge van sy sonde sy kinders ook geraak. Sy seun Absalom het probeer om sy koningskap omvêr te werp en die troon oor te neem. Dit het gelei tot 'n bittere en hartverskeurende konflik tussen Dawid en Absalom, wat tot 'n einde gekom het met Absalom se dood tydens die opstand.

Benewens die interne stryd binne Dawid se familie was daar ook eksterne uitdagings en gevegte teen vyandige nasies. Die gevolge van Dawid se sonde het wye uitwerking gehad, wat die stabiliteit en veiligheid van sy koninkryk beïnvloed het.

Ten spyte van hierdie verontrustende tye en die beproewings wat deur sy eie optrede veroorsaak is, het Dawid die diepte van sy geloof in God gedemonstreer. Hy het openlik berou getoon oor sy sondes en vergifnis by die Here gesoek. Die psalms wat hy gedurende hierdie tyd geskryf het, bied 'n diepgaande insig in sy hart en geestelike reis. Psalms soos Psalm 32 en Psalm 51 is kragtige uitdrukkings van Dawid se berou en erkenning van sy oortredings.

Ons lees byvoorbeeld in Psalm 32: *1Van Dawid. 'n Maskiel. Gelukkig is die een wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. 2 Gelukkig is die mens vir wie die Here sondeskuld nie toereken nie, en in wie se gees geen bedrog is nie. 3Toe ek stilgebly het, het my gebeente broos geword onder my gekreun die hele dag. 4Ja, dag en nag was u hand swaar op my; my lewenskrag het weggekwyn soos in die hitte van die somer. 5 My sonde het ek teenoor U erken; my sondeskuld het ek nie bedek nie. Ek het gedink, ek wil my oortredings teenoor die Here bely, en U het my sondeskuld vergewe.* (Psalm 32).

**vi. Koning Salomo**

Na Dawid se dood het Salomo 'n koninkryk geërf wat stabiel en voorspoedig was. Hy is bekend vir sy keuse van wysheid bo voorspoed en rykdom en staan bekend as die wysste koning wat ooit geleef het. Hy is ook deur God gekies om die belofte te vervul om die tempel in Jerusalem te bou, die permanente woonplek vir die Ark van die Verbond.

Die voltooiing van die tempel was 'n belangrike gebeurtenis, en toe Salomo sy gebed van toewyding voltooi het, het God se heerlikheid op die tempel neergedaal in die vorm van vuur, wat die offers verteer het. Die teenwoordigheid van die Here was so oorweldigend dat die priesters nie in die huis van die Here kon ingaan nie. Ons lees daarvan in II Kronieke 7:

*Net toe Salomo klaar gebid het, het vuur uit die hemel neergedaal en die brandoffer en maaltydoffers verteer, en die heerlikheid van die Here het die tempel gevul. 2Die priesters kon nie die huis van die Here binnegaan nie, want die heerlikheid van die Here het die huis van die Here gevul. 3Al die Israeliete het gesien hoe die vuur en die heerlikheid van die Here op die tempel neerdaal. Hulle het met hulle gesigte na die grond gekniel op die plaveisel, en in aanbidding gebuig. Hulle het die Here geprys met: "Want Hy is goed; ja, vir ewig duur sy troue liefde."* (II Kronieke 7).

God het aan Salomo verskyn en hom gewaarsku:

*12Toe verskyn die Here in die nag aan Salomo en sê vir hom: "Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir My gekies as 'n tempel vir offers. 13 As Ek die hemelruim sluit, sodat daar geen reën is nie, of as Ek die koringkrieke opdrag gee om die land kaal te vreet, of as Ek 'n pessiekte onder my volk loslaat, 14en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, en my teenwoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemel hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle land genees.* ***15 My oë*** *sal nou oop wees en* ***my ore*** *sal aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek. 16So het Ek dan nou hierdie tempel gekies en geheilig,* ***sodat*** *my Naam vir altyd daar sal wees.* ***My oë en my hart*** *sal altyd daar wees. 17 En jy, as jy voor My leef soos jou vader Dawid geleef het, deur op te tree volgens alles wat Ek jou beveel, en my vaste voorskrifte en beslissings, as jy dit nakom, 18 sal Ek jou koninklike troon laat standhou, volgens die verbintenis wat Ek met jou vader Dawid aangegaan het deur te sê, 'Daar sal vir jou nooit iemand ontbreek wat in Israel heers nie.'*

*19"As julle egter van My af wegdraai, en my vaste voorskrifte en gebooie wat Ek aan julle voorgehou het, verlaat en ander gode gaan dien en voor hulle in aanbidding buig, 20 sal Ek julle uitpluk uit my grond wat Ek aan julle gegee het, en hierdie tempel wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek uit my teenwoordigheid verwerp. Ek sal dit tot 'n spreuk en 'n spotnaam maak by al die volke. 21Hierdie tempel wat so verhewe was – elkeen wat daar verbygaan, sal verslae wees en vra, 'Waarom het die Here so iets gedoen aan hierdie land en aan hierdie*

*tempel?' 22Dan sal hulle antwoord, 'Omdat hulle die Here, die God van hulle voorouers, wat hulle uit Egipteland uitgelei het, verlaat en ander gode aangehang het, in aanbidding voor hulle gebuig en hulle gedien het – dit is waarom Hy al hierdie onheil oor hulle gebring het.' " (II Kronieke 7).*

Ten spyte van sy wysheid, het Salomo nie na God se waarskuwing geluister nie. As gevolg daarvan het God aangekondig dat die koninkryk in twee sou verdeel:

*1 Koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad. Saam met die dogter van die farao was daar Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese en Hetitiese vroue, 2 vroue uit die nasies van wie die Here vir die Israeliete gesê het: "Julle mag met hulle nie omgaan nie, en hulle mag met julle nie omgaan nie. Hulle sal beslis julle harte verlei om hulle gode te volg." Salomo was juis aan hierdie gode verknog. 3Hy het sewehonderd vroue van koninklike stand en driehonderd byvroue gehad. Sy vroue het sy hart verlei. 4Teen die tyd dat Salomo oud was, het sy vroue sy hart verlei om ander gode te volg, en was sy hart nie meer volkome by die Here sy God, soos wat die hart van sy vader Dawid was nie. 5Salomo het Astarte, die godin van die Sidoniërs, en Milkom, die verfoeilike god van die Ammoniete, gevolg. 6Salomo het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het nie die Here met volharding gevolg soos sy vader Dawid nie. 7 Salomo het toe 'n offerhoogte vir die verfoeilike god van Moab gebou op die berg wat oos van Jerusalem lê, en ook vir Moleg, die verfoeilike god van die Ammoniete. 8So het hy gemaak vir al sy uitlandse vroue, wat gewoonlik reukwerk gebrand en offers geslag het vir hulle gode.*

*9Die Here was toornig op Salomo, omdat sy hart afgewyk het van die Here, die God van Israel, wat twee maal aan hom verskyn het, 10 en hom juis oor hierdie saak beveel het om nie ander gode te volg nie. Hy het egter nie nagekom wat die Here beveel het nie. 11Toe sê die Here vir Salomo: "Omdat jy hiervan bewus was, en jy nie my verbond en my vaste voorskrifte wat Ek jou beveel het, nagekom het nie, sal Ek beslis die koningskap van jou afskeur en dit vir jou dienaar gee. 12In jou leeftyd sal Ek dit egter nie doen nie, ter wille van jou vader Dawid. Uit jou seun se hand sal ek dit wegskeur. 13Die hele koninkryk sal Ek egter nie wegskeur nie. Een stam sal Ek vir jou seun gee, ter wille van Dawid, my dienskneg, en ter wille van Jerusalem, wat Ek gekies het."* (I Konings 11).

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Ons het vroeër na Psalm 110 verwys en die eerste betekenis daarvan was wel vir Dawid, die koning:

*1Van Dawid. 'n Psalm. Dit is die uitspraak van die Here vir my heer: "Sit aan my regterhand **totdat** Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak."* (Ps 110:1).

As ons sien hoe die Nuwe Testament dit aanhaal, besef ons dit verwys eintlik na Jesus Christus. Handelinge 2 wys duidelik dat Jesus Christus die een is wat die belofte aan Dawid kom vervul het. Dawid het die belofte gekry dat daar vir altyd iemand op sy troon sal sit. Uit sy nageslag is Jesus Christus gebore en Hy regeer vir ewig:

*33Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor. 34Dawid het immers nie na die hemele opgevaar nie, maar sê self: " 'Die Here het vir my Here gesê: Sit aan*

*my regterhand,* ***35totdat*** *Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete gemaak het.' 36 "Laat die hele huis van Israel dan vir seker weet dat God Hom Here en Christus gemaak het – hierdie Jesus wat julle gekruisig het."* (Hand 2).

Hy regeer tot al die vyande oorwin is. Die laaste vyand is die dood. Luister hoe word dit in 1 Korinthiërs 15 gestel:

*20Maar nou, Christus ís opgewek uit die dood – die eersteling van die ontslapenes. 21 Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens. 22Want soos almal deur Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word; 23 maar elkeen volgens 'n bepaalde orde: as eersteling Christus, daarna, met sy koms, hulle wat aan Christus behoort. 24Dan kom die einde, wanneer Hy die koningsheerskappy aan God, die Vader, sal oorgee, wanneer Hy alle heerskappy en gesag en mag vernietig het. 25Want Christus moet as koning regeer* ***totdat*** *"Hy al die vyande onder sy voete gestel het". 26 Die laaste vyand wat vernietig moet word, is die dood. 27"Want Hy het alles onder sy voete gestel." Maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat dit met die uitsondering is van Hom wat alle dinge aan Christus onderwerp het. 28Wanneer alles aan Hom onderwerp is, sal die Seun Homself onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal sal wees.* (I Korinthiërs 15).

Hy is ons Koning wat alles sal oorwin en ons sal kom haal. Tot dan toe moet ons ook as konings heers oor ons sonde.

**d. Ek vertel en verheerlik.**

Kom ons verheerlik God met 'n samevattende gedig:



**Oorgang van rigters na konings (I Samuel 1-15).**

Eli, die priester, het swak regeer.

Samuel weer tot God se eer.

Die volk het 'n koning verlang.

Rigters na konings, die oorgang.



**Saul en Dawid (I Samuel 16-31).**

Dawid sou later die nuwe koning wees.

Vir Goliat, die reus, het hy geen vrees.

Saul wil hom doodmaak, hy kruip weg.


Saul se uiteinde: Selfmoord in 'n geveg...



**Dawid se sukses (I Kronieke 11-20, II Samuel 1-10).**
Dawid het vertrou op God drie enig
En die twaalf stamme onder hom verenig.
Vir die tempelbou die weg gebaan.
Belofte: Sy nageslag bly vir ewig staan.



**Dawid se probleme (II Samuel 11-24, I Kronieke 21-29).**
Die profeet Natan sê: “Dit is jy!”
En Dawid het sy sonde bely.
God het hom wel vergeef,
maar hy het probleme beleef.



**Koning Salomo (I Konings 1-12, II Kronieke 1-10).**
Salomo het wysheid begeer
en hy kry ook rykdom en eer.
Die nuwe tempel is met ‘n wolk omhul
en is met God se teenwoordigheid gevul.

**Vir ewig op die troon (Handelinge 2 en I Korinthiërs 15).**
In Christus is die belofte aan Dawid vervul,
Hy het die plek aan God se regterhand gevul.
Hy moet as koning oor alles regeer,
en alles onderwerp tot die Vader se eer.

**Toepassing.**
As jy dan weet dat Jesus vir ewig regeer,
gee Hom dan, as Koning, al die eer.
Weet verseker: As oorwinnaar kom Hy weer.
Tot dan toe moet jy, as koning, oor sonde regeer.

## 8. Die verdeelde koninkryk.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

O God, U wat oë en ore gemaak het, open tog asseblief ons oë en ore om te hoor en sien wat hierdie tyd van baie konings en profete vandag vir ons wil sê.

Amen.

Ons lees saam uit Hebreërs 8:

*10 Dit is dan die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee, en op hulle harte sal Ek dit neerskryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 11Niemand sal meer sy medeburger of sy broer onderrig en sê, 'Ken die Here!' nie, omdat hulle almal My sal ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle. 12Ek sal genadig wees oor hulle ongeregtighede, en aan hulle sondes sal Ek glad nie meer dink nie."* (Hebreërs 8).

Ons kern hoofstuk vir hierdie les is Jeremia 31:

*31 " 'Kyk, daar kom dae," is die uitspraak van die Here, "dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit. 32 Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorouers gesluit het die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle self verbreek het, al was Ek Heer oor hulle," is die uitspraak van die Here. 33 "Nee, dít is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit," is die uitspraak van die Here: "Ek sal my wet **in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf.** Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 34 Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê, 'Ken die Here!' nie, want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle," is die uitspraak van die Here. **"Want** Ek sal hulle sondeskuld vergewe en aan hulle sonde sal Ek nie weer dink nie."* (Jeremia 31).

### b. Ek sien


#### i. Inleiding

Kom ons kyk weer na die oorhoofse tydlyn van die eerste les en sien waar trek ons al. In die oergeskiedenis (die eerste 2000 jaar) was daar vier groot gebeure: Skepping, sondeval, toring vloed. Die mens het al verder van God af weg beweeg.


Die eerste groot tydperk van 430 jaar was van die verbond met Abraham tot by Sinai. Daar het ons die aartsvaders Abraham, Isak, Jakob en Josef ontmoet en gesien God maak 'n nuwe begin met 'n gesin. In Egipte het die gesin 'n volk geword. Met wonders het God het hulle uit slawerny, onder leiding van Moses, uitgelei en by Sinai die verbond met die hele volk gesluit en hulle 'n manier tot versoening met Hom gegee met die groot versoendag in die tabernakel.

Die tweede groot tydperk was die 480 jaar vandat die tabernakel gebou is by Sinai totdat die tempel gebou is in Salomo se tyd. Die tydperk het begin met die volk wat van vanweë hulle ongeloof veertig jaar in die woestyn moes swerf. Daarna het hulle, onder leiding van Josua, die beloofde land ingetrek en is die land tussen die twaalf stamme verdeel. Die boek Rigters het ons vertel van die sonde siklusse en Rut het voor uitgewys na Jesus se koms. Samuel het die

oorgangstyd ingelei en Saul as die eerste koning gesalf. Na sy ongehoorsaamheid, is Dawid in sy plek as koning gesalf. Hy wou vir God ‘n huis bou, maar God het aan hom ‘n ewige huis – Iemand vir altyd op sy troon, belowe. Sy seun Salomo het toe die tempel gebou.




Hierdie les bring ons nou by die vierde groot tydperk van 390 jaar – die verdeelde ryk wat loop vanaf Salomo tot by die Babiloniese ballingskap. Ons kry die bevestiging van die tydperk in Esegiël 4: *5 En Ek, Ek het vir jou die aantal jare van hulle sondeskuld 'n getal dae gemaak – driehonderd-en-negentig dae lank moet jy die sondeskuld van die huis van Israel dra.* (Esegiël). As ‘n mens die jare van elke koning van die Suidelike Ryk bymekaartel is dit 390 jaar.



Hierdie geskiedenis word vertel in I Konings en II Konings as een storie en in parallel ook in II Kronieke vanaf 'n ander hoek. In hierdie tydperk begin die profete boeke ook oorvleuel. In ons Bybels is die geskiedenis boeke die eerste helfte van die Ou Testament. Die profete sit eers na Job, Spreuke en Psalms in die tweede helfte van die Bybel, maar hulle gebeur in dieselfde tyd as die konings. Ons gaan in hierdie les 'n paar voorbeelde deurwerk van hoe mens die geskiedenis en die profeet se boodskap beter verstaan as jy dit in kronologiese volgorde lees. 'n Meer detail tydlyn is in aanhangsel 2 as jy die kronologie van al die konings en profete beter wil verstaan.

**ii. Die Ryk verdeel.**

Toe Salomo in sonde geval het, was die straf wat hy ontvang het dat die Ryk sou verdeel, maar eers na sy tyd. Dit het toe so gebeur: Die Ryk het verdeel in die Noordelike Ryk en die Suidelike Ryk. Die Noordelike Ryk is ook Israel genoem. Die Ryk het bestaan uit tien stamme. Die Suidelike Ryk is ook Juda genoem en het bestaan uit die twee stamme Juda en Benjamin.

Ons het in die vorige les gesien dat God aan Dawid beloof het daar sal Iemand vir ewig op sy troon sit. As ons deur al die konings in hierdie tydperk werk, sal ons elke keer sien die koning word deur 'n seun van hom opgevolg. Daarteenoor sien ons in die geskiedenis van die Noordelike Ryk dat die koningshuise dikwels verander. Die geskiedenis is eintlik te veel om in een les te behandel, so net om 'n gevoel te kry van hoe die konings boeke en profete mekaar belig, gaan ons Bybel gedeeltes lees oor vier voorbeelde eerder as om die hele storie te vertel.

**iii. Elia in tyd van Agab (Noord) en Josafat (Suid).**

Koning Agab was 'n sondige koning in die Noordelike Ryk. Onder sy leiding het die hele volk die Baäl profete aanbid. Die Here het die profeet Elia geroep en deur sy gebed het dit vir drie jaar nie gereën nie. Hy is deur kraaie en 'n weduwee versorg. Deur hom het God vele wonders verrig. Na die drie jaar het hy koning Agab oortuig om al die profete op die berg Karmel bymekaar te bring. Hy het hulle uitgedaag dat hulle hulle gode moes aanroep en hy sal God aanroep. Die god wat sou antwoord met vuur uit die hemel is die ware God.

Ons lees van die Baäl profete:

*26Hulle neem toe die bul wat vir hulle gegee is, berei dit voor en roep van die oggend tot die middag die naam van Baäl aan, met die woorde: "Baäl, antwoord ons!" <u>Maar daar was geen stem nie en niemand wat antwoord nie.</u> Hulle het hink-hink gedans by die altaar wat voorberei is. 27Teen die middag het Elia hulle gespot en gesê: "Roep harder, want hy is mos 'n god! Hy is dalk ingedagte, of hy sonder hom af, of is op pad. Dalk is hy aan die slaap en moet wakker word." 28Hulle het toe harder geroep en, soos hulle gewoonte was, hulleself met swaarde en steekspiese stukkend gekerf totdat die bloed oor hulle geloop het. 29Ná die middag het hulle waansinnig te kere gegaan, totdat dit tyd was vir die bring van die graanoffer. <u>Daar was egter geen stem nie, nie een wat antwoord nie, en geen reaksie nie.</u>*

Daarna het Elia sy offer met water nat gemaak en toe tot God gebid:

*36Toe dit tyd was vir die bring van die graanoffer, het Elia, die profeet, na vore getree en gesê: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God is in Israel en dat ek u dienskneg is, en dat dit op gesag van u woord is dat ek al hierdie dinge gedoen het. 37Antwoord my, Here, antwoord my, sodat hierdie volk kan weet dat U, Here, die God is, en*

*dat dit U is wat hulle harte weer laat terugkeer." 38 Toe slaan die vuur van die Here neer en verteer die brandoffer, die hout, die klippe en die los grond. Dit het selfs die water wat in die sloot was, opgelek. 39Toe die hele volk dit sien, val hulle neer met hulle gesigte teen die grond en sê: "Die Here, Hy is God! Die Here, Hy is God!"* (I Konings 18).

In die Suidelike Ryk in dieselfde tyd, lees ons van koning Josafat. Hy was bedreig deur 'n oormag van die vyand. Kom ons lees sy gebed:

*5Josafat het in die byeenkoms van Juda en Jerusalem, in die huis van die Here, voor die nuwe binneplein gestaan 6en gesê: "Here, God van ons voorouers, is U nie 'n God wat in die hemel is nie? U heers oor al die koninkryke van die nasies. In u hand is krag en mag, en niemand kan teen U standhou nie. 7Is dit nie U, ons God, wat die inwoners van hierdie land voor u volk Israel uitgedryf het en dit vir ewig aan die nageslag van u vriend Abraham gegee het nie? …*

*12Ons God, sal U hulle dan nie oordeel nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, teen te staan nie. Ons self weet nie wat om te doen nie, maar op U is ons oë gerig. "*

*13Die hele Juda het voor die Here gestaan, selfs hulle kleuters, hulle vroue en kinders. 14Jagasiël, seun van Sagaria, seun van Benaja, seun van Jeïel, seun van Mattanja, 'n Leviet uit die nageslag van Asaf, oor hom het die Gees van die Here midde-in die byeenkoms gekom, 15en hy het gesê: "Luister mooi, die hele Juda, inwoners van Jerusalem en u, koning Josafat! So sê die Here vir julle, 'Julle moenie bang wees of julle laat afskrik deur hierdie groot menigte nie, want dit is nie julle geveg nie, maar God s'n. 16Trek môre af, teen hulle uit. Kyk, hulle gaan met die opdraande van Hassis opkom, en julle sal hulle by die eindpunt van die dal voor die Jeruelwoestyn aantref. 17Julle hoef nie in hierdie geval te veg nie. Neem stelling in, Juda en Jerusalem, staan en aanskou dan die verlossing deur die Here wat met julle is! Moenie bang wees nie en moet julle nie laat afskrik nie. Trek môre teen hulle uit, en die Here sal met julle wees. ' "*

…

*21Nadat hy met die manskappe beraadslaag het, het hy sangers vir die Here aangestel wat sy glansryke heiligheid moes loof terwyl hulle voor die gewapende manne uitgaan. Hulle moes sê: "Prys die Here, want vir ewig duur sy troue liefde!"*

*22Die oomblik toe hulle met 'n jubelkreet 'n loflied begin sing, het die Here 'n hinderlaag beskik teen die Ammoniete, Moabiete en die mense van die Seïrberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle is verslaan. 23Die Ammoniete en Moabiete het teen die inwoners van die Seïrberge opgestaan om hulle aan volledige vernietiging oor te gee en uit te delg. Toe hulle klaar was met die inwoners van Seïr, het hulle mekaar help vernietig.*

*24En Juda, toe hulle by die uitkykpos in die woestyn kom en rondsoek na die menigte, kyk, toe lê daar net lyke op die grond, niemand het ontkom nie*. (II Kronieke 20).

**iv. Jona in tyd van Jerobeam II (Noord) en Ussia (Suid).**

Die ander bekende profeet is Jona. Hy het opgetree in die tyd van die goddelose koning Jerobeam II in die noorde en Ussia, koning oor die Suidelike Ryk. 'n Mens verstaan beter hoekom Jona wegvlug as die Here hom na Nineve stuur as ons besef Nineve is die hoofstad

van die vyand, Assirië. Jona het geweet, die Here gaan die vyand, deur sy optrede spaar. Hoor maar wat sê hy self in Jona 4:

*1Maar dit het Jona erg ontstel, en hy het kwaad geword. 2Hy bid toe tot die Here en sê: "Ag, Here, is dit nie wat ek gesê het toe ek nog in my land was nie? **Daarom** het ek vroegtydig na Tarsis gevlug, **want** ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, geduldig en oorvloedig in troue liefde, 'n God wat berou het oor die onheil*. (Jona 4).

Ons kan die kort boekie so opsom:

- Jona 1: Jona weier God se genade.
- Jona 2: Jona bid om God se genade.
- Jona 3: Jona vertel van God se genade.
- Jona 4: Jona leer self van God se genade.

Dit is opvallend dat Jerobeam II en Ussia van die konings was wat die langste regeer het. Dit was waarskynlik as gevolg van die feit dat hulle vyand tot bekering gekom het en nie God se volk aangeval het nie!

**v. Jesaja in tyd Hiskia (Suid) en Noordelike Ryk se val.**

Die profeet Jesaja profeteer oor die tydperk wat die Noordelike Ryk geval het. Die eerste 39 hoofstukke van Jesaja fokus op die onmiddellike historiese konteks van Israel en Juda voor hul ballingskap. Jesaja profeteer oor die naderende oordeel en ballingskap van die Noordelike Koninkryk (Israel) en die Suidelike Koninkryk (Juda) as gevolg van hul volgehoue ongehoorsaamheid, afgodery, en verwerping van God se gebooie.

Die Noordelike Koninkryk het in 721 v.C. voor die Assiriërs geval. Dit word beskryf in II Konings 17:

*6In die negende regeringsjaar van Hosea het die koning van Assirië Samaria ingeneem en Israel weggevoer na Assirië. Hy het hulle in Galag en aan die Gabor, 'n rivier in Gosan, en ook in dorpe van Medië, laat woon.*

***7 Dit het gebeur omdat** die Israeliete gesondig het teen die Here hulle God wat hulle uit Egipteland laat optrek het, onder die hand van die farao, die koning van Egipte, uit. Hulle het vir ander gode ontsag gehad 8en die voorskrifte gevolg van die nasies wat die Here voor die Israeliete uit verdryf het, en van die konings van Israel wat dit nagekom het. 9Die Israeliete het dinge versin oor die Here hulle God wat nie reg is nie. Hulle het vir hulle offerhoogtes gebou in al hulle dorpe, of dit nou by 'n wagtoring of by 'n versterkte stad was. 10Hulle het gedenkstene en asjeras opgerig op elke hoë heuwel en onder elke skaduryke boom. 11Hulle het daar op al die offerhoogtes offers verbrand, net soos die nasies wat die Here in ballingskap voor hulle uit verdryf het. Hulle het verkeerde dinge gedoen en so die Here uitgetart. 12Hulle het die afgodsbeelde gedien waarvan die Here vir hulle gesê het: "Julle mag so iets nie doen nie!" 13Die Here het Israel en Juda by monde van elkeen van sy profete, deur elke siener, gewaarsku: "Draai terug van julle verkeerde paaie af! Kom my gebooie en vaste voorskrifte na, volgens die hele wet wat Ek julle voorouers beveel het en wat Ek by monde van my diensknegte, die profete, aan julle voorgehou het."*

*14Maar hulle het nie geluister nie. Hulle was so hardnekkig soos hulle voorouers, wat hulle vertroue nie gestel het in die Here hulle God nie. 15Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp, ja, sy bepalings waardeur Hy hulle gewaarsku het. Hulle het agter nuttelose afgode aangeloop en self nutteloos geword. Hulle het die nasies wat rondom hulle was, gevolg – nasies oor wie die Here hulle opdrag gegee het om nie soos hulle te maak nie. 16Hulle het al die gebooie van die Here hulle God verontagsaam en vir hulle gegote beelde gemaak – daardie twee kalwers! Hulle het 'n asjera gemaak. Hulle het voor al die hemelliggame in aanbidding gebuig en Baäl gedien. 17Hulle het hulle seuns en hulle dogters in die vuur geoffer, voorspellings gemaak en wiggelary beoefen. Hulle het hulle daaraan oorgegee om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hom so uitgetart.*

*18Die Here het baie toornig geword op Israel en hulle uit sy teenwoordigheid verwyder. Niemand het oorgebly nie – slegs die stam van Juda.* (II Konings 17).

Kort daarna was Jerusalem ook omsingel. Die tien noordelike stamme is weggevoer, stede is geplunder en die mense in Jerusalem was so honger dat van die vroue hulle kinders begin eet het… Menslik gesproke was daar geen oplossing nie, hulle sou binnekort ook weggevoer word. In kontras met die Noordelike Ryk, lees ons egter hoe koning Hiskia na Jesaja se boodskap luister en in afhanklikheid tot die Here bid. Ons het nie genoeg tyd om dit te lees nie, maar gaan lees gerus die geskiedenis in Konings, Kronieke en hier in Jesaja. Die verhaal sluit af met God se wonderbaarlike uitkoms:

*36 Die engel van die Here het uitgetrek en in die kamp van die Assiriërs honderd vyf-en-tagtigduisend neergevel. Toe die mense van Jerusalem vroeg die oggend opstaan, was hulle morsdood, almal lyke!* (Jesaja 37).

**vi. Jeremia in tyd van Suidelike Ryk se val.**

Jeremia het geprofeteer in die tyd van die laaste konings voor die Suidelike Ryk sou val tot en met die val. In die tyd van koning Josia waarsku hy:

*11Het 'n nasie sy gode al verruil? En dit is nie eers gode nie! Maar my volk het sy Majesteit verruil vir hulle wat geen voordeel bied nie. 12Staan verslae daaroor, hemele! Sidder en beef onbedaarlik!" is die uitspraak van die Here. 13"Want twee wandade het my volk gepleeg: My, die fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle opgaarputte uit te kap – gebarste opgaarputte wat nie water hou nie* (Jeremia 2).

Jeremia se profesieë het gelei daartoe dat Josia opdrag gegee het dat die tempel herstel moes word en daar ontdek hulle toe weer die boekrol, die Bybel van daardie tyd. Die impak van die Woord het 'n tydperk van groot herlewing gebring en het hulle vir sie eerste keer in baie jare weer Pasga gevier.

Hierdie herlewing was egter van korte duur – die konings wat hom opgevolg het, het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en die afwaartse spiraal was vinnig oppad na hulle val.

Jeremia se profesieë, veral in hoofstuk 25, het die komende oordeel oor Juda vir hulle ongehoorsaamheid aan God voorspel:

***8Daarom**, so sê die Here, Heerser oor alle magte, **'Omdat** julle nie na my woorde geluister het nie – 9 kyk, Ek gaan al die familiegroepe van die noorde ontbied,' is die uitspraak van die Here, 'ook Nebukadresar, koning van Babilonië, my dienskneg, en Ek sal hulle bring na hierdie land en sy inwoners, en na al die omliggende nasies. Ek sal hulle met die banvloek tref, en hulle 'n skrikbeeld maak, die rede vir 'n gefluit, en puinhope vir altyd. 10 Ek sal by hulle die klank van vrolikheid en vreugde laat verdwyn, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die geskuur van maalklippe en die lig van lampe. 11 Hierdie hele land sal 'n puinhoop, 'n woesteny word; en hierdie nasies sal die koning van Babilonië sewentig jaar lank dien.*

***12" 'Maar** as die sewentig jaar verby is,' is die uitspraak van die Here, 'sal Ek oor hulle sondeskuld rekenskap eis van die koning van Babilonië en van daardie nasie, en van die land van die Galdeërs. Ek sal dit vir altyd woestenye maak. 13Ek sal oor hierdie land al my woorde wat Ek daaroor uitgespreek het, in vervulling laat gaan.' "* (Jeremia 25).

Ons lees van die laaste koning, Sedekia:

*11Sedekia was een-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het elf jaar lank as koning geheers in Jerusalem. 12Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here sy God. Hy het hom nie verootmoedig voor Jeremia, die profeet, wat die mondstuk van die Here was nie. 13 Selfs teen koning Nebukadnesar, wat hom by God 'n eed laat aflê het, het hy in opstand gekom. Hy was hardnekkig en het sy hart verhard, en nie na die Here, die God van Israel, teruggekeer nie. 14Ook al die leiers van die priesters en die volk het, in navolging van die afstootlike gebruike van die nasies, al hoe meer ontrou opgetree. Hulle het die huis van die Here wat Hy in Jerusalem geheilig het, verontreinig.*

*15 Die Here, die God van hulle voorouers, het telkens weer aan hulle boodskappe gestuur by monde van sy boodskappers, want Hy het omgegee vir sy volk en sy woonplek. 16 Hulle het egter telkens die gek geskeer met die boodskappers van God en sy woorde versmaai, terwyl hulle met sy profete die spot gedryf het, totdat die Here se woede teen sy volk opgelaai het, totdat geen herstel meer moontlik was nie.* (II Kronieke 36).

II Konings 25 vertel in nog meer detail wat verder gebeur het:

*1 In die negende jaar van Sedekia se regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand, het Nebukadnesar, die koning van Babilonië, by Jerusalem aangekom, hy met sy hele leër, en dit beleër. Hy het beleëringswerke reg rondom die stad opgerig, 2en so het die stad onder beleg gekom tot die elfde regeringsjaar van koning Sedekia.* (II Konings 25).

Juis in hierdie tyd lees ons dan die woorde waarmee ons ook geopen het. Die belofte van Jeremia oor die nuwe verbond:

*31 " 'Kyk, daar kom dae," is die uitspraak van die Here, "dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit. 32 Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorouers gesluit het die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle self verbreek het, al was Ek Heer oor hulle," is die uitspraak van die Here. 33 "Nee, dít is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit," is die uitspraak van die Here: "Ek sal my wet **in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf.** Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 34 Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê, 'Ken die Here!' nie, want hulle almal sal My ken,*

*van die kleinste tot die grootste onder hulle," is die uitspraak van die Here.* ***"Want** Ek sal hulle sondeskuld vergewe en aan hulle sonde sal Ek nie weer dink nie."* (Jeremia 31).

In die volgende les sal ons dan sien dat die volk direk hierna in ballingskap weggevoer word.

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Soos ons in die vorige lesse beklemtoon het, wys die Ou Testament vooruit na Jesus Christus. In hierdie gedeeltes is daar baie sulke voorbeelde. Jona se drie dae in die vis word byvoorbeeld in die Nuwe Testament verbind aan Jesus se drie dae in die graf.

In die geskiedenis hierbo het ons gefokus op Jesaja 1-39. Jesaja 40-66 bevat weer profesieë van hoop. Hoofstukke 40-48 sou as troos dien vir die volk in ballingskap. Hoofstukke 49-57 is profesieë oor die koms van die komende Messias, Jesus Christus. Daar is verskeie pragtige Knegliedere oor Hom. Hoofstukke 58-66 is profesieë oor die eindtyd.

Luister maar net hoe akkuraat beskryf Jesaja 53 Jesus en hoe duidelik die blye boodskap:

*1 Wie het geglo wat ons gehoor het? En die arm van die Here, aan wie is dit geopenbaar? 2Hy het soos 'n jong loot voor Hom opgegroei, soos 'n wortelstok uit droë grond. Hy het nie 'n gestalte gehad, geen glans, dat ons na hom sou kyk nie, nie 'n goeie voorkoms, dat ons hom sou begeer nie. 3 Hy is verag, deur mense verlaat, 'n mens van smarte, bekend met siekte, soos iemand vir wie 'n mens jou gesig verberg. Hy is verag, en ons het hom nie geag nie. 4* ***Nogtans,*** *ons siektes, hy het dit gedra, en ons smarte, hy het dit op hom gelaai. Maar ons het hom beskou as iemand wat gekasty word, geslaan deur God, en verneder. 5 Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op hom, en deur sy wonde is daar vir ons genesing.* (Jesaja 53).

Hierdie straf wat Hy vir ons gedra het oor ons sonde, sluit mooi aan by wat ons het saam gelees in Jeremia hoe hy die nuwe verbond voorspel het. Dit bring ons dan terug by ons teks waarmee ons geopen het in Hebreërs 8. Kom ons lees dit weer:

*10 Dit is dan die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee, en op hulle harte sal Ek dit neerskryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 11Niemand sal meer sy medeburger of sy broer onderrig en sê, 'Ken die Here!' nie, omdat hulle almal My sal ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle. 12Ek sal genadig wees oor hulle ongeregtighede, en aan hulle sondes sal Ek glad nie meer dink nie." (Hebreërs 8).*

Hierdie verbond het die twee beloftes:

- Die vergifnis van sonde.
- Die inwoning en werking van die Heilige Gees.

Onthou jy nog? Ons het by die instelling van die Pasga by die uittog verhale gelees hoe Pasga na Jesus se kruisiging vooruit gewys het. Ons het in die volgende les by die Sinai gebeure geleer hoe die gee van die wet op die kliptafels, vooruit gewys het na die uitstorting van die Heilige Gees.

Hier, in hierdie geskiedenis, direk voor hulle grootste krisis van ballingskap, word daardie feeste wat na Jesus voor uitgewys het, se betekenis nou baie duideliker geopenbaar deur die

profete. Die volk word as gevolg van hulle sonde in ballingskap weggevoer. Maar Jesus word duidelik beskryf as die komende Messias wat hulle sou kom herstel en hulle sonde vergewe. Daar word duidelik gewys hoe hulle harte van klip (soos die kliptafels) met harte van vlees vervang sou word sodat hulle Hom sou ken en vir Hom 'n volk kon wees.

**d. Ek vertel en verheerlik.**

Kom ons verheerlik God met 'n samevattende gedig.



**Die ryk verdeel.**
Jerobeam het uit Egipte teruggekeer
Die tien stamme het hom as koning vereer.
Net twee stamme was Rehabeam sin:
Juda en die stam Benjamin.



**Elia in tyd van Agab (Noord) en Josafat (Suid).**
Die sondige Agab en die volk het Baäl vereer.
Elia se gebed bring vuur wat die altaar verteer.
In 'n geveg sit Josafat sy sangers voor
en deur God se hand het die vyand verloor.



**Jona in tyd van Jerobeam II (Noord) en Ussia (Suid).**
Jona wou nie na die vyand se hoofstad gaan,
want hy het God se genade verstaan.
Daarteenoor wou sy eie volk hul nie bekeer,
en moes Amos en Hosea ook kom profeteer.



**Jesaja in tyd Hiskia (Suid) en Noordelike Ryk se val.**
Die Noordelike Ryk het in ballingskap gegaan,
want op profete waarskuwings het hulle nie ag geslaan.
Hiskia het in gebed vertrou en Jerusalem is bevry.
Die Suidelike Ryk het by Jesaja troos boodskappe gekry.



**Jeremia in tyd van Suidelike Ryk se val.**
Jeremia en Miga het Josia laat reformeer,
Die volgende konings het hulle nie daaraan gesteur.
Daarom is Jerusalem en die tempel verbrand
en die volk in ballingskap weggevoer uit hul land.

**Die nuwe verbond (Jeremia 31, Hebreërs 8).**
Die nuwe verbond sal beter wees:
Dit beloof die inwoning van die Gees.
Sy volk se sondes dan vergete en vergeef
en hulle sal met kennis van God vir Hom leef.

**Toepassing.**
Here, U het ook ons sonde vergeef,
laat ons nou daarom anders leef.
Ja, vul ons harte met U Gees,
dat ons lewens tot U eer sal wees.

# 9. Die ballingskap.

## a. Ek hoor.

Kom ons bid saam: O God, U is in beheer van alle dinge, selfs in swaarkry. Daarom vra ons dat U ons oë sal open as ons van die swaarkry tyd van die volk in ballingskap lees. Verander ons harte om te weet en te glo dat U die enigste ware God is en sal besef dat elke knie voor U sal buig.

Amen.

Ons Nuwe Testament teks is Filippense 2:

*En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, 8het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis. 9Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is, 10sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig – van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde – 11en elke tong sal bely, "Jesus Christus is die Here!" tot eer van God die Vader.* (Filippense 2).

Ons kern hoofstuk uit die Ou Testament is Esegiël 37:

*1Die hand van die Here was op my. Hy het my deur die Gees van die Here uitgelei en my neergesit in die laagte – dit was vol beendere. 2Hy het my keer op keer daar rondom laat loop; en kyk, daar het geweldig baie versprei oor die laagte gelê, en hulle was heeltemal verdroog!*

*3 Hy vra toe vir my: "Mensekind, kan hierdie beendere leef?" Ek het geantwoord: "My Heer, Here, net U weet dit." 4Toe sê Hy vir my: "Profeteer oor hierdie beendere. Sê vir hulle, 'Verdroogde beendere, luister na die woord van die Here. 5 So sê my Heer, die Here vir hierdie beendere: "Kyk, Ek gaan gees in julle laat kom, en julle sal leef. 6Ek sal senings aan julle heg, vleis aan julle sit, vel oor julle trek, asem in julle gee,* ***sodat*** *julle kan leef.* ***Dan sal julle besef dat Ek die Here is." ' "***

*7Ek het geprofeteer soos ek beveel is. Daar was 'n geluid net toe ek profeteer – 'n geratel! Die beendere het nader aan mekaar beweeg, been na been toe. 8Ek het gekyk, en sowaar, aan hulle is daar senings, en vleis kom te voorskyn! Vel is van bo af oor hulle getrek, maar daar was nog geen asem in hulle nie.*

*9 Hy sê toe vir my: "Profeteer vir die wind! Profeteer, mensekind, en sê vir die wind, 'So sê my Heer, die Here: "Wind, kom uit die vier windrigtings! Blaas in hierdie doodgemaaktes,* ***sodat*** *hulle kan leef." ' "*


*10Ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Die wind het in hulle ingegaan en hulle het lewend geword en op hulle voete gaan staan – 'n buitengewone groot leër! 11Hy sê toe vir my: "Mensekind, hierdie beendere, hulle is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê, 'Ons beendere is verdroog, ons hoop is verlore, ons is afgesny.'* ***12 Daarom,*** *profeteer en sê vir hulle, 'So sê my Heer, die Here: "Kyk, Ek maak julle grafte oop, en Ek sal julle uit julle grafte laat opkom, my volk! Ek sal julle terugbring na die grond van Israel.* ***13Julle sal besef dat Ek die Here is*** *wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat opkom, my volk. 14 Ek sal my Gees in julle gee, en julle sal leef. Ek sal julle tot rus bring op julle grond.* ***Dan sal julle besef***

***dat Ek die Here is.*** *Ek het gepraat en Ek sal dit doen." ' " Dit is die uitspraak van die Here.* (Esegiël 37).

### b. Ek sien

### i. Inleiding

In ons vorige les het ons gesien hoe die aanhoudende sonde van die volk van God gelei het na die ballingskap van die Noordelike Koninkryk deur die Assiriërs, sonder enige vooruitsig op terugkeer. Daarna het ons gesien hoe, 120 jaar later, die Suidelike Koninkryk beleër is en na drie jaar deur Babiloniërs in ballingskap geneem is.




As ons na die tydlyn kyk, sal ons sien dat die ballingskap nie 'n enkele gebeurtenis was nie.

In die eerste wegvoering is onder andere Daniël en sy vriende weggevoer in 606 v.C. In die tweede wegvoering was koning Jojagin, die koning se moeder en die profeet Esegiël in 598 v.C. weggevoer. In die derde en finale wegvoer in 586 v.C., is die die tempel afgebrand en die mure van Jerusalem vernietig.

Onthou jy dat Jeremia voorspel het dat die ballingskap sewentig jaar sou duur? As ons die jare optel vanaf die vernietiging van die tempel tot koning Kores se aankondiging dat die eerste ballinge kon terugkeer, is dit slegs vyftig jaar. Beteken dit 'n fout in Jeremia se voorspelling? Beslis nie.

Daniel sou begin tel vandat hy weggevoer is. As hy sewentig jaar sou aftel, sou dit presies eindig by Kores se aankondiging.

Netso, as die mense wat die afbrand van die tempel beleef het, begin tel het tot hulle weggevoer is en hulle tel totdat die tempel weer herbou is, sou dit ook optel na sewentig jaar. God is so in beheer dat dit in beide gevalle optel na die sewentig jaar profesie!

Kom ons kyk nou na die detail van die gebeure.

### ii. Wegvoering 1: Daniël en sy vriende.

Ons het al in die vorige les gedeeltes uit die tydperk aangehaal. Hier oorvleuel die Bybelboeke nog meer. Om die hele prentjie raak te sien moet ons lees in II Konings 23:31-24:1-7, II Kronieke 36:1-12 om die geskiedenis te lees. Jeremia 13-23 speel ook in die tyd af en in Daniël 1 en 2 lees ons direk van die wegvoering. Dit het gebeur in die tyd van koning Jojakim.

*1 In die derde jaar van die regering van Jojakim, die koning van Juda, het Nebukadnesar, die koning van Babilonië, na Jerusalem gekom en dit beleër. 2Die Heer het Jojakim, die koning van Juda, en ook 'n deel van die voorwerpe in die huis van God in sy hand oorgegee. Hy het dit na die land Sinar, na die tempel van sy gode geneem – die voorwerpe het hy na die skatkamer van sy gode geneem.* (Daniël 1).

Daniël en sy vriende se gehoorsaamheid aan God se voorskrifte staan in sterk kontras met die volk se sonde wat na die ballingskap gelei het.

Net voor die tyd kom die boodskap van die profeet Habakuk:

*17 Al sou vyebome nie bot nie, daar geen opbrengs aan die wingerdstokke wees nie, die drag van die olyfbome teleurstel, die landerye niks te ete lewer nie, kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle oor wees nie;* ***18 nogtans*** *sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God wat my verlos. 19 Die Here, my Heer, is my krag, Hy maak my voete soos wildsbokke, op my hoë plekke laat Hy my loop.* (Habakuk 3).

### iii. Wegvoering 2: Koning Jojagin, Esegiël en Mordegai.

Ons lees van hierdie tydperk in II Koning 24:8-20, II Kronieke 36. Die profesieë van Jeremia 23-28 en Esegiël 1-31, val in hierdie tyd. Jeremia vanaf Jerusalem en Esegiël uit ballingskap. Daarmee saam speel Daniël 3 ook in hierdie tyd af.

Koning Jojakim is deur sy seun Jojagin opgevolg. Jojagin het net drie maande geregeer en is toe in 598 v.C. weggevoer saam met die koningin moeder en die profeet Esegiël.

Luister hoe Esegiël profeteer in die tyd:

*1Die woord van die Here het tot my gekom: 2" Mensekind, draai jou gesig na die berge van Israel en profeteer teen hulle. 3 Jy moet sê, 'Berge van Israel, hoor die woord van my Heer, die Here. So sê my Heer, die Here, vir die berge en heuwels, die stroombeddings en valleie: "Kyk, Ek gaan 'n swaard oor julle bring, en Ek gaan julle offerhoogtes vernietig. 4 Julle altare sal verwoes word, julle wierookaltare sal stukkend gebreek word, en Ek sal julle gesneuweldes voor julle afgodsbeelde laat neerval. 5 Ek sal die Israeliete se lyke voor hulle afgodsbeelde neergooi.*

*" ' "Ek sal julle beendere rondom julle altare strooi. 6Oral waar julle woon, sal die dorpe in puin lê, en die offerhoogtes verlate wees, sodat julle altare puin sal word en verlate lê, julle afgodsbeelde stukkend gebreek word en tot niet gaan, julle wierookaltare stukkend gekap word, en julle maaksels uitgewis word. 7 Die gesneuweldes sal tussen julle lê; dan sal julle besef dat Ek die Here is.*

*8" ' " Ek sal sommige laat oorbly wanneer julle, tydens julle verstrooiing in ander lande tussen die nasies, aan die swaard ontkom. 9 Dié van julle wat ontkom, sal aan My dink onder die nasies waarheen hulle in gevangenskap weggevoer is, en onthou dat Ek gebroke was deur*

*hulle owerspelige harte wat van My afgewyk het, en hulle oë wat agter die afgodsbeelde aan gehoereer het. Hulle sal walg van hulleself oor die gruwels wat hulle aangerig het; hulle sal walg van al hulle afstootlike dade, 10en hulle sal besef dat Ek die Here is. Nie tevergeefs sê Ek dat Ek hulle hierdie onheil sal aandoen nie."*

*11" 'So sê my Heer, die Here: "Klap jou hande en stamp jou voete, en sê, 'Helaas!' oor al die afstootlike, bose dade van die huis van Israel, want deur die swaard, hongersnood en pessiekte sal hulle val. 12Wie ver weg is – aan pessiekte sal hy sterf; wie naby is – deur die swaard sal hy val; wie oorbly, wie se lewe gespaar is – van honger sal hy omkom. Ek sal my woede op hulle laat uitwoed. 13Hulle sal besef dat Ek die Here is wanneer hulle gesneuweldes tussen hulle afgodsbeelde lê, reg rondom hulle altare, op elke hoë heuwel, op al die bergtoppe, onder elke skaduryke boom, onder elke blaarryke terebintboom, die plekke waar hulle offers met 'n aangename geur vir al hulle afgodsbeelde aangebied het. 14Ek sal my hand teen hulle uitstrek en die land 'n woesteny maak, 'n afgryslike plek, van die woestyn af tot by Ribla, oral waar hulle woon. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is." ' "* (Esegiël 6).

In hierdie hoofstuk sien ons drie keer die sin: *Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.* As ons deur die hele boek Esegiël blaai, kry ons die sin ses en sestig keer. Die boodskap was soms vir Israel, maar ook vir ander nasies en selfs ander dinge. Dit is duidelik dat Esegiël klem lê op die feit dat die ballingskap almal sal laat besef wie die Here werklik is.

Dit gebeur dan ook presies so alreeds vroeg in die ballingskap. Daniël se drie vriende het geweier om voor Nebukadnesar se beeld te buig. Hulle het openlik oor Hom getuig en is in die vuuroond gegooi. Luister net wat gebeur:

*26Daarop gaan Nebukadnesar nader na die opening van die vlammende vuuroond en sê toe: "Sadrag, Mesag en Abednego, diensknegte van die Allerhoogste God, kom uit en kom hier!" Toe kom Sadrag, Mesag en Abednego reg uit die vuuroond. 27 Die satrape, landvoogde, streekgoewerneurs en raadsmanne van die koning het byeengekom en merk toe aan hierdie manne dat die vuur nie mag gehad het oor hulle liggame nie, dat die hare op hulle koppe nie geskroei was nie, dat hulle mantels nie verander het nie, en dat daar geen brandreuk aan hulle was nie. 28 Nebukadnesar het daarop gereageer en gesê: "Die God van Sadrag, Mesag en Abednego moet geprys word, wat sy engel gestuur en sy diensknegte gered het – hulle wat op Hom vertrou het, die bevel van die koning verontagsaam en hulle liggame op die spel geplaas het, omdat hulle geen ander god behalwe hulle God sou dien en vereer nie. 29'n Bevel word deur my uitgevaardig dat enige volk, nasie en taal wat iets godslasterliks sê teen die God van Sadrag, Mesag en Abednego, se ledemate afgekap sal word en sy huis in 'n vullishoop omskep sal word. Want daar is nie 'n ander god wat so kan verlos nie."* (Daniël 3).

Net soos Esegiël voorspel het, het elke volk, nasie en taal toe besef wie die Here is.

### iv. Wegvoering 3: Jerusalem val en die tempel verbrand.

Tydens die derde wegvoering is die tempel verbrand en die mure om Jerusalem is afgebreek. Om die volle prentjie van die dramaties gebeure raak te sien, moet mens die volgende gedeeltes saamlees: II Konings 25:1-26, II Kronieke 36:13-21, Jeremia 39-52, Esegiël 32-48, Obadja en Klaagliedere. Ons lees die gebeure in II Kronieke 36:

*17God het die koning van die Galdeërs teen hulle laat optrek. Hy het hulle jong manne binne-in hulle heiligdom met die swaard doodgemaak. Hy het geen jong man of maagd, oumens of verswakte gespaar nie. Almal is in sy hand gegee. 18Al die toebehore in die huis van God, groot en klein, die skatte van die huis van die Here en van die koning en sy hoë amptenare, alles het hy na Babel geneem. 19 Hulle het die huis van God afgebrand, die stadsmure van Jerusalem afgebreek, al die stad se vestings verbrand en so alle kosbare voorwerpe daarin vernietig. 20 Hy het dié wat oorgebly het ná die gevegte, in ballingskap weggevoer na Babilonië, waar hulle slawe was vir hom en sy nageslag, totdat die koninkryk van Persië aan die bewind gekom het. 21Dit het gebeur, sodat die woord van die Here, aangekondig by monde van Jeremia, vervul is. Totdat die land sy verlore Sabbatsjare ingehaal het, het dit gerus, die hele tyd wat dit onbewerk gelê het, om die profesie van sewentig jaar te vervul.* (II Kronieke 36).

Die boek Klaagliedere is deur Jeremia in hierdie tyd geskryf. Dit is in die vorm van ‘n alfabet gedig geskryf. In die oorspronklike taal begin elke vers met ‘n ander letter van die alfabet, so ons sien dat hoofstukke 1 en 2 asook 3 en 4 elk uit 22 verse bestaan. Dit is opmerklik dat die middelste hoofstuk, hoofstuk 3, uit 66 verse bestaan. In die middel van al die klaagliedere kry ons hierdie verse van hoop:

*21 Dít roep ek in herinnering, daarom het ek hoop: 22 Dit is deur die troue liefde van die Here dat ons nie omgekom het nie, ja, sy ontferming ken geen einde nie. 23 Dit is elke oggend weer nuut – groot is u getrouheid. 24 My erfdeel is die Here, sê ek;* ***daarom*** *hoop ek op Hom. 25 Goed is die Here vir hulle wat op Hom wag, vir die mens wat na Hom soek. 26 Goed is dit om stil te hoop op die verlossing van die Here.* (Klaagliedere 3).

### v. Gedurende die ballingskap.

Esegiël hoor in hoofstuk 31 van die ballingskap. Daarna het hy grootliks boodskappe van hoop vir die toekoms gegee. Ons het hoofstuk 37 saam gelees. Die dooie beendere het die volk Israel voorgestel. Vir die eerste lesers het die dooie beendere wat weer lewend sou word deur die Gees, hoop gegee vir uitkoms uit die ballingskap. In hierdie hoofstuk word die frase *Dan sal hulle besef dat Ek die Here is* weer drie keer gebruik.

Dit is baie opmerklik dat beide die groot boeke Jeremia en II Konings se laaste paar verse eindig met die verhaal waar koning Jojagin vrygelaat word, in die 37ste jaar van die ballingskap. Koning Jojagin het net 3 maande geregeer en is met die tweede wegvoering weggevoer. Dit is opmerklik dat die geslagsregister in Matteus 1 hom plaas direk na koning Josia. Koning Joahas en Jojakim voor hom en Sedekia na hom word uitgelaat (sien detail tydlyn in die aanhangsel). Hy word dan in ‘n jubeljaar vrygelaat - ‘n duidelike bevestiging dat selfs in die ballingskap hou God sy beloftes.

### vi. Naby die einde van die ballingskap.

Daniël 5-12 speel af naby die einde van die ballingskap. Die bekende verhaal van Daniël in die leeukuil speel hier af. Weereens sien ons hoe Esegiël *Dan sal hulle besef dat Ek die Here is* vervul word as koning Darius daarop reageer:

*26 Daarna het koning Darius aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele aarde woon, geskryf: Mag julle vrede groot wees! 27 'n Bevel is deur my uitgevaardig dat, in die hele magsgebied van my koninkryk, almal met vrees en bewing vervul moet wees vir die God van*

*Daniël. Want Hy is die lewende God wat in ewigheid bestaan; sy koninkryk is een wat nie vernietig word nie, en sy heerskappy is tot die einde toe. 28Hy wat red en verlos en tekens en wonders doen in die hemel en op die aarde, dit is Hy wat Daniël gered het uit die kloue van die leeus.* (Daniël 6).

Deur die hele boek Daniël sien ons dat Daniël in biddende afhanklikheid van die Here geleef het. Ons lees in Daniël 9: *1 In die eerste regeringsjaar van Darius, seun van Ahasveros, uit die nageslag van die Mede, wat as koning aangestel is oor die koninkryk van die Galdeërs, 2in die eerste jaar van sy koningskap, het ek, Daniël, in die boekrolle opgemerk dat die getal jare wat moes verloop vir die puinhope van Jerusalem, waaroor die woord van die Here tot Jeremia gekom het, sewentig jaar sou wees* (Daniël 9).

Hy bid dan om vergifnis van sy sonde asook die van die volk. Die gebed sluit dan so af met die versoek van vergifnis en uitkoms, maar ter wille van die eer van God: 16 *My Heer, laat, in ooreenstemming met al u weldade, u toorn en woede asseblief wegdraai van u stad Jerusalem, u heilige berg. Want dit is deur ons sonde en die sondeskuld van ons voorouers dat Jerusalem en u volk 'n bespotting geword het vir almal om ons.* ***17 Daarom,*** *ons God, luister na die gebed van u dienskneg en na sy smeekbede, en laat,* ***ter wille van my Heer,*** *u aangesig skyn oor u heiligdom, wat verwoes lê. 18 Draai u oor, my God, en hoor! Maak u oë oop en sien ons verwoeste plekke raak en ook die stad waaroor u Naam uitgeroep is! Want nie op grond van ons regverdige dade lê ons ons smeekbede voor u nie,* ***maar op grond van*** *u oorvloedige barmhartigheid. 19My Heer, hoor tog! My Heer, vergewe tog! My Heer, gee tog aandag en tree op! Moenie talm nie,* ***om u eie ontwil,*** *my God, want u Naam is uitgeroep oor u stad en u volk."* (Daniël 9).

Anders as II Konings, sluit II Kronieke dan af met Kores se aankondiging dat die gebed verhoor is en Jeremia se profesie vervul is.

### c. Ek glo en gehoorsaam

In die vorige les het ons gesien toe die volk op sy ergste bedreig is, het Jeremia die koms van die nuwe verbond uitgewys. Die verbond se twee beloftes was vergifnis van sonde en die inwoning en werking van die Heilige Gees.

Ons het die les begin deur saam te lees van die dooie beendere wat lewend geword het. Ons het gesien vir die eerste lesers het dit die herstel uit ballingskap beteken. Vir ons dui dit egter op die werk van die Heilige Gees om wedergeboorte te bewerkstellig.

Hierdie les het sterk beklemtoon dat almal sal weet wie die Here is. Juis in die tyd wat die volk in ballingskap is en deur hulle diepste swaarkry gegaan het, is die uitkoms: Hulle leer weer wie die Here is. Maar deur voorbeelde van gelowiges wat getrou gebly het te midde van swaarkry, het nie net Israel nie, maar almal besef wie die Here.

Die Nuwe Testamentiese teks waarmee ons geopen het vertel ook van 'n tyd waarin almal op die hele aarde sal weet en die knie sal buig voor Jesus Christus: *En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, 8het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.* ***9Daarom*** *het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is,* ***10sodat*** *in die Naam van Jesus elke knie sal buig*

*– van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde – 11en elke tong sal bely, "Jesus Christus is die Here!"* ***tot eer*** *van God die Vader.* (Filippense 2).

Het jy opgelet: Die doel hiervan is die eer van God.

So, wat beteken die boodskap vir jou vandag? Paulus skryf hierdie brief uit gevangenskap uit. Ook hier bevestig hy dat sy swaarkry die uitbreiding van die Evangelie, die goeie nuus, tot gevolg het: *12Broers, ek wil hê julle moet weet dat wat met my gebeur het, in werklikheid tot bevordering van die evangelie gelei het. 13Sodoende het dit by die hele pretorium en al die ander bekend geword dat ek ter wille van Christus in gevangenskap verkeer. 14Ook waag die meeste van die broers in die Here, omdat hulle as gevolg van my gevangenskap vertroue verkry het, dit baie meer om die woord vreesloos te verkondig.* (Filippense 1).

Na hierdie verse tot waar ons saam gelees het, roep Paulus dan die gemeente op tot eensgesindheid. As ons weer weet wie Jesus Christus werklik is, maar ons kry swaar, moet dit nie lei tot verdeeldheid nie. Nee, dit moet lei tot eensgesindheid, vriende wat kan saamstaan en deur 'n vuuroond gaan sodat die hele wêreld kan weet wie die Here is.

Na ons teks wys hy mooi waarna ons gehoorsaamheid moet lei: ***12Daarom,*** *my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam was – nie net in my teenwoordigheid nie, maar nou ook nog veel meer in my afwesigheid – werk met vrees en bewing aan julle verlossing.* ***13 Want*** *Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God. 14Doen alles sonder kla en teenpraat, 15sodat julle sonder blaam en onskuldig kan wees, kinders van God, smetteloos, te midde van 'n krom en ontaarde geslag. Julle skyn onder hulle soos sterre in die heelal,* ***16deurdat*** *julle vashou aan die woord van die lewe. Op hierdie manier sal julle op die dag van Christus my rede tot roem wees, sodat ek nie vergeefs gehardloop of my vergeefs ingespan het nie. 17Maar al word ek ook as drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, en verbly ek my saam met julle almal. 18Verbly julle ook so, ja, verbly julle saam met my.* (Filippense 2).


Ja, ons moet vashou aan die Woord van die lewe. Jesus het self gesê: *3En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus.* (Johannes 17).

### d. Ek vertel en verheerlik

Kom ons verheerlik God met 'n samevattende gedig.



**Wegvoering 1: Daniël en sy vriende.**
*(II Kon 23:31-24:1-7, II Kron 36:1-12, Dan 1, 606vC).*
Jojakim het teen Nebukadnesar in opstand gekom
en in die geveg vat hy skatte en mense na Babilon.
Dit het alles op bevel van die Here gebeur
en Daniël en sy vriende het in ballingskap verkeer.




**Wegvoering 2: Koning Jojagin, Esegiël en Mordegai.**
*(II Kon 24:8-20, II Kron 36, Dan 3, Eseg 1-31, 598vC).*
Jojagin het gedoen, wat verkeerd is in die oë van die Heer.
Nebukadnesar het toe weer Jerusalem beleër.
Jojagin en Esegiël is weggevoer en die tempel onteer.
Esegiël het in Babel begin profeteer.



**Wegvoering 3: Jerusalem val en die tempel verbrand.**
*(II Kon 25:1-26, II Kron 36:13-21, Jer 39-52, 597-586vC).*
Sedekia het nege jaar sondig geregeer,
toe het Nebukadnesar die stad beleër.
In die elfde jaar is die tempel afgebrand
en die mense is weggevoer uit die land.



**Gedurende die ballingskap.**
*(Jer 52:31-34, II Kon 25:27-30, Dan 4, Klaag).*
Esegiël moes lewe oor die doodsbeendere profeteer,
as hulle weer lewe, sal julle weet Ek is die Heer!
Nebukadnesar, kranksinnig tot hy God bely.
Jojagin is deur Nebukadnesar se seun bevry.



**Naby die einde van die ballingskap.**
*(Dan 5-12, II Kron 36:22-23).*
Daniël verklaar vir Belsasar die skrif aan die muur
en onder Darius moes hy die leeukuil verduur.
Hy leer uit Jeremia se boekrol die ballingskap is amper om
en sien gesigte oor al die gebeure wat nog sou kom.



**Klaagliedere.** *(Gelees in herinnering van ballingskap, 10de maand).*
Klaagliedere is 'n interessante boek.
Elke vers begin met 'n letter van die alfabet.
In sy middel moet jy die boodskap soek,
dis net God wat uit die nood kan red.

**Elke knie sal buig (Filippense 2).**
Daarom het God Hom bo alles verhef,
sodat elke knie sou buig en besef:
Jesus Christus is die Heer,
tot God die Vader se eer!

## 10. Terugkeer uit Ballingskap.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam:

O God, wat in U troue liefde U verbond nooit vergeet nie, open nou ons oë om hierdie Skrif gedeeltes te verstaan. Help ons om ook die dieper betekenis van die terugkeer van die volk en die herbou van die tempel in ons lewens te verstaan.

Amen.

Ons lees uit I Petrus 1:

*1Petrus, 'n apostel van Jesus Christus, aan die vreemdelinge van die Diaspora in Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië, 2hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur **die heiligmaking** van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word: Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!*

*3Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in sy groot ontferming, deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, opnuut verwek het, sodat ons 'n lewende hoop mag hê 4op 'n erfenis wat nooit vergaan, besmet word of verwelk nie, en wat in die hemel vir julle in bewaring gehou word – 5ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.*

*6Jubel hieroor, al moes julle onlangs vir 'n kort tydjie deur allerhande beproewings bedroef word. 7Die doel was dat dit duidelik sou blyk dat die egtheid van julle geloof – 'n egtheid wat baie kosbaarder is as goud, wat verganklik is, maar nogtans met vuur getoets word – uitloop op **lof en heerlikheid en eer** wanneer Jesus Christus geopenbaar word. 8Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie; en al sien julle Hom nie nou nie, glo julle in Hom, en jubel julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap, **9 omdat** julle reeds deel het aan die doel van julle geloof, naamlik die verlossing van julle siele.*

*10 Oor hierdie verlossing het die profete, wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, nagedink en navraag gedoen. 11Hulle het probeer naspeur na watter persoon of na watter spesifieke tyd die Gees van Christus, wat in hulle was, verwys het toe Hy vooruit getuig het oor Christus se lyding, en die heerlikheid wat daarop sou volg. 12Aan hulle is geopenbaar dat hulle, wat hierdie dinge betref, nie besig was om hulleself nie, maar júlle, te bedien. Hierdie dinge is nou aan julle meegedeel deur hulle wat die evangelie aan julle verkondig het, deur die Heilige Gees, wat van die hemel gestuur is. Selfs engele begeer om insig hierin te verkry.*

***13Daarom,** omgord die lendene van julle verstand, en deur nugter op te tree, hoop volkome op die genade wat tydens die openbaring van Jesus Christus vir julle gebring sal word. 14As gehoorsame kinders moet julle nie lewe in ooreenstemming met julle natuurlike begeertes van vroeër, toe julle nog sonder kennis was nie. 15Inteendeel, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle in julle hele lewenswandel heilig wees. 16Daarom staan daar geskryf: "Wees heilig, want Ek is heilig."* (I Petrus 1).

In die Ou Testament lees ons van Haggai 1 en 2:

*1 In die tweede regeringsjaar van koning Darius, op die eerste dag van die sesde maand, het die woord van die Here by monde van die profeet Haggai gekom tot Serubbabel, seun van Sealtiël en streekgoewerneur van Juda, en tot Josua, die hoëpriester en seun van Jehosadak: 2"So sê die Here, Heerser oor alle magte,*

*'Hierdie volk sê die tyd is nog nie ryp om die Here se huis te herbou nie.' " 3Die woord van die Here het gekom by monde van die profeet Haggai: 4" Is die tyd dan wel vir julle ryp om in huise met houtpanele te woon, terwyl hierdie huis 'n bouval is?* ***5Daarom,"*** *so sê die Here, Heerser oor alle magte, "neem ter harte wat julle beleef het: 6 Julle het baie gesaai, maar dit het min opgelewer; julle eet, maar word nie versadig nie; julle drink, maar julle dors word nie geles nie; julle trek aan, maar word nie warm nie. Wie homself uithuur, doen dit vir 'n beursie vol gate." 7So sê die Here, Heerser oor alle magte: "Neem ter harte wat julle beleef het: 8Gaan teen die berge uit, bring hout en herbou my huis; dit sal vir My vreugde verskaf* ***en Ek sal daardeur verheerlik word."***

*Dit is wat die Here sê. 9"Julle verwag baie, maar kyk, julle kry bloedweinig. As julle iets huis toe bring, blaas Ek dit weg. "En waarom? Omdat my huis 'n bouval is, terwyl elkeen van julle rondhardloop vir sy eie huis." Dit is die uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte.*

***10 "Daarom*** *het die hemel bo júlle die dou teruggehou en die aarde sy opbrengs. 11Ek het droogte uitgeroep oor die land en oor die heuwels, oor die koring, die nuwe wyn en die olie, oor alles wat die grond oplewer; oor mens en dier en alles wat met moeite tot stand gebring is."*

*12 Serubbabel, seun van Sealtiël, en Josua, die hoëpriester en seun van Jehosadak, en almal wat oor was van die volk, het geluister na die stem van die Here hulle God en ag geslaan op die woorde van Haggai, die profeet, toe die Here hulle God hom gestuur het. Die volk was bang vir die Here, 13 maar Haggai, die boodskapper van die Here, het in opdrag van die Here vir die volk gesê: "Ek is met julle! Dit is die uitspraak van die Here." 14 Toe het die Here Serubbabel, seun van Sealtiël en streekgoewerneur van Juda, en Josua, seun van Jehosadak en hoëpriester, en almal wat oor was van die volk, begeester. Hulle het begin om die werk aan die huis van die Here, Heerser oor alle magte, hulle God, aan te pak.*

*15 Dit het gebeur op die vier-en-twintigste dag van die sesde maand, in die tweede regeringsjaar van koning Darius.* (Haggai 1).

Hierdie tempel was nie so mooi soos die eerste tempel nie, maar die Here het die volk moed ingepraat met hierdie belofte:


*6" Die Here, Heerser oor alle magte het immers gesê, 'Nog een keer, binnekort, sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. 7 Ek sal al die nasies laat bewe en hulle sal kom met al hulle skatte en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vul,' sê die Here, Heerser oor alle magte. 8 'Aan My behoort die silwer en aan My behoort die goud,' is die uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte. 9 'Die heerlikheid van hierdie huis sal groot wees, nog groter as tevore,' sê die Here, Heerser oor alle magte. 'En op hierdie plek sal Ek vrede gee,' is die uitspraak van die Here, Heerser oor alle magte."* (Haggai 2).

**b. Ek sien.**

**i. Inleiding.**

Hierdie les bring ons by die einde van die geskiedenis van die Ou Testament. Dit vertel van die geskiedenis van die volk se terugkeer uit ballingskap en die profete wat in daardie tyd opgetree het. Daar is groot verskille in verskillende bronne oor die tydlyn van hierdie tydperk. Van hulle plaas Ester en Nehemia ongeveer 100 jaar later as in hierdie tydlyn.

Esra, Nehemia en Ester vertel die geskiedenis van hierdie tydperk, Esra en Nehemia oorvleuel en tree saam op. Haggai en Sagaria profeteer in hulle tyd. Maleagi is die laaste profeet en ook die laaste boek in die Ou Testament.




Ons het na die boek Daniël gekyk in die vorige les. God het deur drome en visioene vir Daniël gewys hoe die geskiedenis gaan verloop. In Nebukadnesar se droom, in hoofstuk 2, het die beeld se kop van goud die Babiloniese ryk afgebeeld. Die silwer bors en arms het die ryk van die Mede en Perse afgebeeld wat Babilon sou oorneem. Die maag en heupe van koper was die Griekse ryk en die bene van yster die Romeinse Ryk. Die voete deels van yster en klei het 'n tydperk van verdeelde ryke beskryf. Die klip wat die beeld vergruis het, het die koms van Jesus voorspel.

Die visioen in Daniël 7 beskryf presies dieselfde tydperke met die leeu die Babiloniese Ryk, die beer die Mede en Perse, die luiperd die Griekse Ryk, en die draak die Romeinse Ryk. Daniël se laaste hoofstukke vertel die toekoms in soveel derail dat sommige verklaarders selfs voorstel dat dit later geskryf moes wees. God is so alwetend dat hy vir Daniël presies kon wys was sou gebeur en dit het so afgespeel.

Die verhaal ontvou rondom vier afkondigings van konings van die Mede en Persiese Ryk. Kom ons werk daardeur:

### ii. Afkondiging 1, Kores. Herbou die tempel (Esra 1-4:23, Nehemia 7:5-12:7).

Die boek Esra begin met die afkondiging van koning Kores dat die volk kan terugkeer om vir die Here 'n huis te gaan bou:

*1 In die eerste regeringsjaar van Kores, die koning van Persië, het die Here die gees van Kores, koning van Persië, aangevuur.* ***Dit het Hy gedoen om*** *sy woord, aangekondig by monde van Jeremia, te vervul. Hy het 'n boodskap dwarsdeur sy hele koninkryk gestuur en dit selfs op skrif gestel: 2" So sê Kores, koning van Persië, 'Al die koninkryke op aarde het die Here, die God van die hemel, aan my gegee. 3 Enigiemand onder julle uit enige deel van sy volk – mag sy God met hom wees – hy moet optrek na Jerusalem in Juda om die huis te herbou van die Here, die God van Israel, die God wat in Jerusalem is.* (Esra 1).

Twee lesse terug het ons gekyk na die profeet Jesaja. Hy het 180 jaar tevore geprofeteer oor hierdie gebeure en Kores op die naam genoem:

*24 So sê die Here, jou losser, Hy wat jou in die moederskoot al gevorm het: "Ek is die Here wat alles gemaak het, wat alleen die hemel oopspan, wat die aarde uitbrei – wie was by My? – 25 wat die voortekens van orakelpriesters verydel, wat van voorspellers gekke maak, wat wyses laat terugdeins en hulle kennis belaglik maak, 26wat die woord van sy dienskneg bevestig, wat die plan van sy boodskappers uitvoer, die Een wat oor Jerusalem sê, 'Sy sal bewoon word,' en oor die dorpe van Juda, 'Hulle sal herbou word, Ek sal sy puinhope weer oprig,' 27 die Een wat vir die diepsee sê, 'Word droog! Jou seestrome gaan Ek drooglê,' 28 die Een wat oor* ***Kores*** *sê, 'Hy is my herder; en alles wat Ek wil, sal hy uitvoer,' deur oor Jerusalem te sê, 'Sy sal herbou word,' en die tempel – 'sy fondament sal gelê word.' "* (Jesaja 44).

*1" So sê die Here vir sy gesalfde, vir Kores, wie se regterhand Ek vasgegryp het om nasies voor hom te verslaan, deur konings te ontwapen om voor hom deure oop te maak, sodat poorte nie vir hom gesluit sal bly nie, 2 'Ek self sal voor jou uit gaan, die berge sal Ek gelyk maak. Deure van brons sal Ek stukkend breek, en sluitbalke van yster sal Ek stukkend kap. 3 Ek gee aan jou skatte in die donker, rykdomme in verborge plekke,* ***sodat*** *jy kan weet dat dit Ek, die Here, is wat jou op jou naam roep, die God van Israel, 4* ***ter wille van*** *my dienskneg Jakob, en Israel, my uitverkorene. Ek roep jou op jou naam, Ek gee jou 'n erenaam, al het jy My nie geken nie. 5Ek is die Here, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen god nie. Ek omgord jou, al het jy My nie geken nie,* ***6 sodat*** *hulle van waar die son opkom, en van waar hy ondergaan, kan weet dat daar niks is buiten My nie. Ek is die Here, en daar is geen ander nie – 7 die Een wat die lig vorm en die duisternis skep, wat voorspoed bewerk en onheil skep. Ek, die Here, bewerk al hierdie dinge.* (Jesaja 45)

Die soewereine God is in beheer van die geskiedenis – aan Hom die eer!

### iii. Afkondiging 2: Darius. Maak die bouwerk klaar (Esra 4:24-6:22).

Die volk het sterk teenstand gekry kort na die fondamente van die tempel gelê is. Hulle teenstanders het selfs reggekry dat die volgende koning die bouwerk offisieel gestop het:

*17Die koning het toe die volgende boodskap gestuur: "Aan Regum, die hoof van die koninklike verteenwoordigers, en Simsai, die sekretaris, en die res van hulle ampsgenote wat in Samaria woon, en aan die res van die mense van Wes-Eufraat: Vrede!*

*18" Die brief wat julle aan ons gestuur het, is vertaal en aan my voorgelees. 19Ek het toe opdrag gegee en ondersoek is ingestel; en daar is bevind dat daardie stad hom van altyd af teen konings verset het en dat opstand en oproer daar gestook is. 20 Daar was al magtige konings oor Jerusalem. Hulle het oor die hele Wes-Eufraat regeer en belasting, heffings en tolgeld is aan hulle betaal. 21 Gee daarom opdrag dat hierdie manne moet ophou werk. Daardie stad mag nie herbou word totdat ek die opdrag gee nie. 22Wees versigtig om nie nalatig hiermee te wees nie. Waarom moet die koning deur nog groter skade benadeel word?"*

*23Onmiddellik nadat die afskrif van die brief van koning Artasasta aan Regum en Simsai, die sekretaris, en hulle ampsgenote voorgelees is, het hulle inderhaas na Jerusalem gegaan, na die Judeërs, en hulle met mag en geweld gedwing om die werksaamhede te staak. 24 Die werk aan die huis van die God van Jerusalem is toe gestaak tot in die tweede regeringsjaar van Darius, koning van Persië*. (Esra 4)

Ons lees in Esra 5 hoe die profete Haggai en Sagaria die volk aangemoedig het om met die bouwerk voort te gaan:

*1 Toe het die profete Haggai en Sagaria, kleinseun van Iddo, teen die Judeërs in Juda en Jerusalem begin profeteer in die naam van die God van Israel onder wie se gesag hulle gestaan het. 2 Serubbabel, seun van Sealtiël, en Jesua, seun van Josadak, het gereedgemaak en die bouwerk aan die huis van die God van Jerusalem hervat. Hulle is daarin ondersteun deur die profete van God*. (Esra 5).

Dit sluit dan aan by die gedeeltes van Haggai wat ons saam gelees het in die begin van die les. Haggai het hulle aangemoedig om die werk van die Here te prioritiseer. Ons lees dan in Esra 6 hoe die volgende koning Darius in die argiewe gaan soek het en die opdrag van Kores gevind het dat die volk die tempel moes gaan bou. Hy het weer toestemming gegee en die bouwerk is hervat en gee daarmee saam die waarskuwing:

*12 "En mag die God wat sy Naam daar laat woon, elke koning en volk tot 'n val bring wat 'n hand uitsteek om hierdie beslissing te wysig en sodoende daardie huis van God wat in Jerusalem is, te vernietig. Ek, Darius, gee so opdrag. Dit moet noukeurig uitgevoer word." (Esra 6).*

Hierdie gedeelte sluit dan nou aan by Haggai en Sagaria en die tempel is voltooi presies 70 jaar na dit afgebrand is:

*14 Die oudstes van die Judeërs het aanhou bou en was voorspoedig, danksy die profetiese prediking van die profeet Haggai en Sagaria, seun van Iddo. Hulle het gebou en die werk voltooi volgens die opdrag van die God van Israel en die opdragte van Kores, Darius en Artasasta, die konings van Persië. 15 Hierdie huis is op die derde dag van die maand Adar in die sesde jaar van koning Darius se regering voltooi. (Esra 6)*

Sagaria het ook in hierdie tyd geprofeteer. Met agt naggesigte het hy die volk ook bemoedig om die tempel te herbou. Die tweede helfte van Sagaria het baie profesieë oor die toekoms en die eindtyd. Die bekendste is in Sagaria 9:9 waar hy profeteer hoe Jesus Jerusalem op 'n donkie sou binnery wat vervul is die week voor Sy kruisiging.

### iv. Afkondiging 3: Esra, gaan verfraai die tempel (Esra 7-10).

In Esra 7-10 sien ons dat Esra ongeveer 15 jaar later weer teruggestuur is Jerusalem toe om die tempel te gaan verfraai.

*27 Lofwaardig is die Here, die God van ons voorouers! Dit is Hy wat dit op so 'n manier in die koning se hart gelê het om luister te verleen aan die huis van die Here wat in Jerusalem is, 28 en wat aan my sy troue liefde bewys het voor die koning en sy raadgewers en al die magtige amptenare van die koning. En ek, ek het moed geskep omdat die hand van die Here my God oor my was, en ek het besluit om die familiehoofde uit Israel bymekaar te laat kom om saam met my te reis.* (Esra 7).

Hy het egter daar aangekom en uitgevind die volk het met heidense vroue getrou. Hy het groot hervorming bewerkstellig.

### v. Afkondiging 4: Nehemia, gaan herstel die mure. (Nehemia 1-7:4, 12:8-13:31).

Nehemia was die koning se skinker. Hy het die nuus gehoor dat die mure van Jerusalem steeds nie herbou was nie. Die boek beskryf hoe hy in biddend afhanklikheid die bouwerk voltooi het.

*4Toe ek hierdie woorde hoor, het ek gaan sit en huil; ek het dae lank getreur. Ek het aanhou vas en voor die God van die hemel gebid.*

*5 Ek het gesê: "Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God, wat die verbond en trou handhaaf vir hulle wat Hom liefhet en sy gebooie nakom, 6laat u oor asseblief aandagtig wees, en u oë oop wees, om te luister na die gebed van u dienskneg wat ek vandag, wat ek dag en nag voor U bid oor die Israeliete, u diensknegte, die gebed waarmee ek die sondes van die Israeliete bely wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig. 7Ons het ons uiters sleg gedra teenoor U en nie die gebooie, vaste voorskrifte en bepalings nagekom wat U u dienskneg Moses beveel het nie. 8 Onthou asseblief die woord wat U u dienskneg Moses opgedra het, 'As julle ontrou is, sal Ek julle verstrooi onder die volke, 9maar as julle na My terugkeer en my gebooie nakom en dit uitvoer – selfs al is julle verstrooi tot aan die einde van die aarde – sal Ek julle daarvandaan bymekaarmaak en na die plek bring wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon. ' 10 Hulle is tog u dienaars en u volk wat U deur u groot mag en met u sterk hand bevry het. 11Ag my Heer, laat u oor asseblief aandagtig gerig wees op die gebed van u dienskneg en op die gebed van u diensknegte, wat vreugde daarin vind om ontsag vir u Naam te hê. Laat u dienskneg asseblief vandag slaag, en gee dat daar vir hom barmhartigheid sal wees by hierdie man. "*

*Ek was in daardie tyd die koning se skinker.* (Nehemia 1).

Die aankondiging van die koning dat Nehemia kon gaan, koppel direk met Daniël se profesie van 483 jaar van hierdie aankondiging tot die geboorte van Christus. Nehemia het groot teenstand ervaar tydens die bouwerk, maar dit in afhanklikheid van die Here gedoen. Uiteindelik gee hy ook aan God die eer vir die werk:

*15Die muur is binne twee-en-vyftig dae voltooi, op die vyf-en-twintigste dag van Elul. 16Toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bang geword, en ons vyande het in hulle oë baie laag gedaal. Hulle het besef dat hierdie werk met God se bystand gedoen is.* (Nehemia 6).

### vi. Ester en Maleagi.

Die boek Ester is die laaste boek in die geskiedenis boeke. Die boek speel af in die tyd wat sommige Israeliete reeds na Jerusalem teruggekeer het. Party verklaarders plaas die gebeure ongeveer ‘n 100 jaar later as op die tydlyn wat ons gebruik, want daar is nie duidelikheid oor die name wat vir die konings gebruik word in die Bybel teenoor wat in die buite Bybelse bronne voorkom nie.

Toe koningin Vasti nie vir die koning wou dans nie, is sy afgesit as koningin. Ester, die Joodse meisie het toe koningin geword. Haar oom, Mordegai wat saam met die profeet Esegiël weggevoer is, het vir haar gesorg. Haman, 'n belangrike amptenaar van die koning, wou Mordegai vervolg omdat hy nie voor hom gebuig het nie. Haman het uit wraak selfs 'n plan beraam om al die Jode uit te wis. Mordegai het daarvan te hore gekom en gee die volgende boodskap aan Ester deur:

*12Toe Ester se woorde aan Mordegai oorgedra is, 13het Mordegai haar laat weet: “Moenie dink dat net jy, van al die Jode, sal ontkom omdat jy in die koninklike paleis woon nie. 14 Want as jy wel in hierdie tyd sou swyg, sal daar uitkoms en redding vir die Jode van 'n ander plek af kom; maar jy en jou familie sal omkom. En wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie koninklike status verkry het nie?”* (Ester 4).

Ten spyte van die persoonlike risiko het Ester die koning genader en later sy toestemming gekry dat die Israeliete hulleself kon verdedig. Haman is aan sy eie galg opgehang en die volk is van uitwissing gered. Van toe af het die Jode die Purim fees gevier in die twaalfde maand ter herdenking van hierdie gebeure.

Die boek Maleagi is die laaste boek in die Ou Testament en ook die laaste van die profete.

Hierdie laaste gedeelte van die Bybel, na die ballingskap lê groot klem op die feit dat die Here die Heerser van alle magte is. Die frase "Here, Heerser oor alle magte" kom in 44% van die verse van Maleagi voor en 32% in Haggai en 22% in Sagaria. Dit in vergelyking met boeke soos Amos en Jesaja en Jeremia waar dit net in 5-6% van die verse voorkom.

Maleagi lê klem daarop dat die volk die verbond moet onthou. Lees gerus die volgende verse:

- Onthou die liefde van die Here (Maleagi 1:1-3)
- Onthou die wet van Moses (Maleagi 2:5-6, 4:4)
- Onthou die komende dag van die Here (Maleagi 3:1,16-17)

Die boek wys ook vooruit na Jesus se koms, maar ook na die wederkoms. Lees gerus ook die volgende twee verse:

- Die met ontsag, se name is in die Boek (Mal 3:16-17).
- Julle sal bokspring van vreugde (Mal 4:1-2).

### vii. 400 jaar van stilte.

Na die boek Maleagi volg 400 jaar van stilte in die Bybel. God sou hierdie tyd gebruik om die wêreld voor te berei vir Christus se koms. Die Romeine sou die alleenheersers word wat sou sorg dat reis deur al die lande ongehinderd kon gebeur. ‘n Padnetwerk tussen al die stede sou gebou word. Grieks sou ‘n wêreldtaal word sodat almal die Evangelie kon verstaan. Die Jode

in verspreiding sou oral sinagoges bou en sodoende kon die sendelinge in Handelinge in elke stad 'n beginpunt vir hulle verkondiging hê. Hierdie les bevestig dat God tot in die fynste detail in beheer was van die geskiedenis en daarom staan daar: *Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur.* (Galasiërs 4:4).

**c. Ek glo en gehoorsaam.**

Die volk is so pas deur 'n baie swaar tyd, maar soos ons gesien het 'n tyd waarin hulle geleer het wie God werklik is. Ons het gesien hoe Daniël en sy vriende geloofstoetse deurstaan het. In hierdie les het ons gesien hoe Haggai die volk aangespoor het om anders te lewe. Hulle moes God se werk prioritiseer. Ons het gesien hoe Esra die volk laat terugkeer het na God en hervorming gebring het. Ons het gesien hoe Nehemia biddend afhanklik die hele volk gekry het om God se werk te doen. Die volk was in 'n heiligmaking proses tot Jesus sou kom.

Ons leef ook nou in 'n tyd van afwagting van Christus se wederkoms. Dit is 'n tyd van heiligmaking soos Petrus ons beskryf: *2hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur* ***die heiligmaking*** *van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word: Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!* (I Petrus 1).

In hierdie les is die tempel herbou, maar ons lees nie daar soos die ander kere dat die tempel deur die heerlikheid van God gevul is nie. Haggai het hulle wel bemoedig dat dit eendag 'n groter heerlikheid sou bevat. Dit is finaal deur Christus vervul, maar die Nuwe Testament wys ook dat ons heilige tempels moet wees deur die Gees wat ons gevul het:

*16 Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is, en dat die Gees van God in julle woon nie? 17As iemand die tempel van God skade aandoen, sal God hom skade aandoen; want die tempel van God is heilig, en dié tempel is julle*. (I Korinthiërs 3).


Net soos die volk swaar gekry het, maar gegroei het in geloof en heiligmaking, moedig Petrus ons aan in I Petrus 1 dat ons die geloofstoets in die swaarkry moet deurstaan op die pad van heiligmaking: ***13Daarom,*** *omgord die lendene van julle verstand, en deur nugter op te tree, hoop volkome op die genade wat tydens die openbaring van Jesus Christus vir julle gebring sal word. 14As gehoorsame kinders moet julle nie lewe in ooreenstemming met julle natuurlike begeertes van vroeër, toe julle nog sonder kennis was nie. 15Inteendeel, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle in julle hele lewenswandel heilig wees. 16Daarom staan daar geskryf: "Wees heilig, want Ek is heilig."*

Hierdie heiligmaking en skoonwas met die bloed maak ons as bruid gereed vir die Bruidegom soos ons in Openbaring 21 gelees het: *2En ek het die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal. Sy is gereedgemaak, soos 'n bruid wat versier is vir haar man.*

**d. Ek vertel en verheerlik.**



**Afkondiging 1 Kores: Herbou die tempel**
**(Esra 1-4:23, Neh 7:5-12:7).**
Koning Kores van Persië het die uitspraak gegee:
Sy volk mag terugkeer, en vat tempelskatte mee.
Mense daar moet gee: silwer, goud en vee.
Vat dit alles en gaan bou julle tempel daarmee.



**Afkondiging 2: Darius: Maak die bouwerk klaar**
**(Esra 4:24-6:22).**
In koning Darius se proklomasie het gestaan:
Laat die werk aan die tempel ongehinderd voortgaan.
Laat hulle die tempel bou waar hy moet staan,
miskien sien hulle God ons genadig aan.



**Afkondiging 3: Esra, gaan verfraai die tempel (Esra 7-10).**
In Koning Artasasta se opdrag het gestaan
dat die wetsgeleerde Esra na Jerusalem moet gaan.
Esra het hom toegewy aan die wet van die Heer
en wou dit in praktyk toepas en die volk dit leer.



**Afkondiging 4: Nehemia, gaan herstel die mure.**
**(Neh 1-7:4, 12:8-13:31).**
"Jy kan die mure gaan herbou –
Ek gee ook die middele vir jou."
In twee en vyftig dae het die muur gestaan.
Dit was duidelik: God het hulle bygestaan!



**Profesië oor die toekoms (Haggai, Sagaria and Maleagi).**
Die Koning kom – wag vir Hom!
Nederig op 'n donkie sal Hy kom (Sag 9:9).
'n Gedenkboek met name van die wat My eer,
My kosbare besitting as Ek ingryp!", sê die Heer (Mal 3:16-17).



**Ester.**
(Gelees by die Purim fees, 12de maand.)
Mordegai het sy klere geskeur
en in die stad geloop en treur.
"Miskien het jy juis dié posisie gekry
om so die volk van uitwissing te bevry!"

**Heiligmaking (I Petrus 1, I Korinthiërs 3).**
Die swaarkry was 'n geloofstoets gewees,
maar nou leef as tempels van die Gees!
Ons word meer en meer heilig gemaak,
sodat ons bruid vir ons Bruidegom kan raak!

## 11. Ander boeke.

### a. Ek hoor.

Kom ons bid saam: O alwetende en alwyse God. U. Het, het Uself vir ons geopenbaar regdeur die hele Ou Testament. Ons bid nou vir wysheid hoe om dit in ons lewens toe te pas. Ja, Here, gee ons ontsag vir U sodat ons, ons lewens tot eer en verheerliking van U groot Naam sal lewe. Amen.

Ons lees oor wysheid in I Korinthiërs 1:

*26 Broers, slaan ag op julle roeping: Menslik gesproke, is daar onder julle nie baie wyses, nie baie invloedrykes, of mense van adellike afkoms nie.* ***27Maar*** *die dwaashede van die wêreld het God uitgekies om die wyses te beskaam, en die swakhede van die wêreld het God uitgekies om die sterkes te beskaam, 28en die onbelangrike en veragtelike dinge van die wêreld het God uitgekies – dit wat niks is – om wat wél iets was, tot niet te maak,* ***29 sodat*** *geen mens iets het waarop hy hom voor God kan beroem nie. 30Deur Hom is julle in Christus Jesus,* ***wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom,*** *regverdiging sowel as heiliging en bevryding.* ***31Daarom,*** *soos daar geskryf staan: "Wie hom op iets wil beroem, moet hom beroem op die Here."* (I Korinthiërs 1).

In die Ou Testament lees ons saam uit Job 28:

*1 Daar is 'n plek waar silwer vandaan kom, 'n plek vir goud, waar dit uitgewas word. 2Yster word uit delfstof verkry, en erts word gesmelt tot koper. 3Die mens maak 'n einde aan die donker; tot die verste uithoeke bly hy soek na gesteentes in die donker, in stikdonkerte. 4 Ver van waar iemand woon, sink hulle 'n skag. Vergete deur voetgangers hang hulle daar; weg van sterflinge swaai hulle heen en weer. 5Die aarde – daaruit kom kos voort; sy ondergrond word omvergewerp asof deur vuur. 6Sy gesteentes is 'n plek van lasuursteen, en daar is goudstof in. 7Dit is 'n pad wat roofvoëls nie ken nie; die oog van valke bespeur dit nie. 8Trotse wilde diere betree dit nie; die maanhaar loop nie daarop nie. 9Die mens slaan sy hand selfs aan klipharde rots; hy keer berge van hulle wortels af om. 10In die rotse breek hy myngange oop, en sy oë sien al die kosbaarhede. 11Hy stop waterare toe; wat verborge is, bring hy na die lig.* ***12 Maar*** *wysheid – waar word dit gevind, en waar is die plek van insig? 13 'n Sterflike mens ken nie die waarde daarvan nie, en in die land van die lewendes word dit nie gevind nie. 14Die diep waters sê: "In my is dit nie!" en die see sê: "Nie by my nie!"*

*15 Suiwer goud kan nie daarvoor aangebied word nie, en silwer kan nie as koopprys daarvoor afgeweeg word nie. 16Met goud uit Ofir kan nie daarvoor betaal word nie, nie met kosbare oniks of lasuursteen nie. 17 Goud en glas kan nie daarmee vergelyk word nie, en artikels uit fyngoud het nie ruilwaarde daarvoor nie. 18Pêrels en rotskristal word nie eers oorweeg nie; 'n sakkie wysheid is meer werd as korale. 19Topaas uit Kus kan nie daarmee vergelyk word nie, met suiwer goud kan nie daarvoor betaal word nie.* ***20Maar*** *wysheid – waar kom dit vandaan, en waar is die plek van insig? 21Dit is verborge vir die oë van alles wat leef, vir die voëls van die hemel is dit weggesteek. 22 Die onderwêreld en die dood sê: "Net met ons ore het ons die gerug daarvan gehoor."*


*23 God het insig in die pad daarheen, Hy ken die plek daarvan.* ***24Want*** *net Hy kyk tot by die eindes van die aarde; Hy sien alles onder die hemel, 25 sodat Hy die gewig van die wind kan*

*bepaal, en die hoeveelheid water kan vasstel. 26Toe Hy vir die reën vaste reëls neergelê het, 'n pad vir die harde donderslae, 27toe het Hy ook die wysheid gesien, en daarvan vertel; Hy het daaraan 'n vaste plek gegee, en dit ook deurgrond. 28Maar vir die mens het Hy gesê: "Kyk, ontsag vir die Heer, dit is wysheid, en om van kwaad weg te bly, is insig."* (Job 28).

### b. Ek sien

#### i. Inleiding

Ons het nou al die geskiedenis en profetiese boeke deurgewerk. Die laaste paar boeke waarna ons nog nie gekyk het nie is die Wysheid en Poëtiese boeke. Job het geleef in die tyd van die aartsvaders en staan bekend as 'n wysheidsboek. Behalwe vir hoofstuk 1 en 42 is die hele boek ook in digvorm.




Baie van die Psalms is deur Dawid geskryf, maar daar is psalms regdeur die geskiedenis. Groot dele van die bundel is saamgevoeg tydens Hiskia en Josia se hervormings.

Spreuke, Prediker en Hooglied is deur Salomo geskryf.

Kom ons kyk nou in bietjie meer detail na die boeke:

#### ii. Wysheid in Job

In die eerste hoofstuk word Job so beskryf: *1In die land Us was daar 'n man met die naam Job. Hierdie man was opreg en onberispelik in sy optrede; hy het vir God ontsag gehad en die kwaad vermy.* (Job 1).

Tog het God toegelaat dat die Satan hom deur geweldige beproewings laat gaan. Job en sy vriende worstel met die vraag: Hoekom moet 'n regverdige so swaarkry?

In ons opening het ons Job 28 saamgelees. Die hoofstuk het die soeke na wysheid beklemtoon. Dit kan nie in aardse dinge gevind word nie, maar net in ontsag (vrees) vir God. God het nooit Job se vraag oor "hoekom" geantwoord nie, maar het Homself aan Job openbaar. Lees maar net Job 38:

*1 Die Here het Job uit 'n stormwind geantwoord; Hy het gesê:*

*2" Wie is hierdie een wat 'n plan vertroebel met woorde sonder kennis? 3 Omgord maar jou heupe soos 'n man! Ek sal jou ondervra, lig jy My dan in!*

*4 Waar was jy toe Ek die fondamente van die aarde gelê het? Maak dit bekend as jy die insig verwerf het!*

*5Wie het die afmetings daarvan bepaal? Sê as jy dit weet!*

*Of wie het 'n maatband daaroor gespan? 6Waarop is sy voetstukke ingesink?*

*Of wie het die hoeksteen daarvan gelê 7 terwyl die oggendsterre saam gejubel, en al die hemelwesens gejuig het?*

*8 Wie het met dubbeldeure die see ingeperk toe dit uitgebreek, uit die baarmoeder voortgekom het, 9toe Ek wolke sy bokleed gemaak, en hom in 'n diepe duisternis toegedraai het, 10toe Ek my grens bo hom oopgebreek het, en 'n sluitbalk en dubbeldeure in plek geplaas het, 11 en toe Ek gesê het, 'Tot hier mag jy kom, maar nie verder nie; hier word my grens geplaas teen jou trotse golwe! '?*

*12" Het jy op enige van jou lewensdae'n opdrag aan die oggend gegee, vir die rooidag sy plek aangewys 13deur die some van die aarde vas te vat, sodat goddeloses daarvan afgeskud word? 14Die aarde verander soos klei onder 'n rolseël, sodat alles vorm kry soos 'n bokleed. 15 Goddeloses word van hulle lig ontneem, en 'n opgehefde voorarm word gebreek.*

*16"Het jy al gekom tot by die bronne van die see, en in die onbekende dele van die diep waters rondgeloop?*

*17 Is die poorte van die dood vir jou blootgelê, en die poorte van die pikdonkerte – het jy dit gesien?*

*18Het jy al ag geslaan op die uitgestrektheid van die aarde? Vertel, as jy dit alles weet!*

*19Waar is die pad na waar die lig woon; en die donker, waar is sy plek, 20dat jy hom na sy gebied kan neem, en die paaie na sy tuiste onderskei? 21Jy moet dit weet, want jy was toe al gebore, en die getal van jou lewensdae is baie!*

*22" Het jy al in die voorraadkamers van die sneeu ingegaan, en die voorraadkamers van die hael – het jy dit al gesien, 23dit wat Ek gereedhou vir 'n tyd van angs, vir die dag van stryd en oorlog? 24Waar is die pad na waar die weerlig verdeel word, na waar die oostewind dit oor die aarde versprei?*

*25Wie het vir die vloedwaters 'n voor oopgekloof, 'n pad vir die harde donderslae, 26 om dit te laat reën op 'n land sonder mense, op 'n woestyn waarin daar geen mens is nie, 27om so die wildernis en woesteny te versadig, en groen grasspriete te laat uitspruit? 28 Het die reën 'n vader, of wie het geboorte gegee aan die doudruppels?*

*29 Uit wie se moederskoot het die ys te voorskyn gekom, en die ysryp uit die hemel – wie het daaraan geboorte gegee, 30wanneer water asof in klip skuilgaan, en die oppervlakte van die diep waters dig sluit?*

*31" Kan jy die koorde van die Sewester knoop, of die bande van Orion losmaak?*

*32Kan jy 'n sterrebeeld uitlei op sy tyd, die Beer met haar kleintjies begelei?*

*33 Ken jy die wette van die hemelruim,*

*kan jy die invloed daarvanop die aarde vasstel?*

*34Kan jy jou stem na die wolke rig, sodat 'n watervloed jou bedek?*

*35 Kan jy weerligte vrylaat, sodat hulle gaan en vir jou sê, 'Hier is ons!'?*

*36Wie plaas wysheid in die wit wolke, of wie gee insig aan die wolke wat wegdryf? 37Wie kan met wysheid die wolkemassa aftel, en die waterkruike van die hemel – wie keer hulle om, 38wanneer die grond soos gegote metaal verhard, en die kluite saamklont?* (Job 38).

As Job besef wie God werklik is, het hy ontsag (vrees) vir God en dit is wysheid:

*1 Job het die Here geantwoord; hy het gesê: 2" Ek weet dat U alles kan vermag, dat geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. 3 Wie is die een wat 'n plan verberg, terwyl hy geen kennis het nie? **Daarom** het ek, sonder begrip, ja, sonder kennis, my mening gegee oor dinge wat vir my te wonderbaar is. 4Luister, en ek sal praat! U het gesê, 'Ek sal jou ondervra, lig jy My dan in!' 5Op hoorsê het ek van U verneem, **maar** nou het my oog U gesien. **6 Daarom** herroep ek dit, en het ek berou – in stof en as."* (Job 42).

### iii. Wysheid in Spreuke

Spreuke, Prediker en Hooglied is grootliks deur Salomo geskryf. Volgens ou oorlewering het hy Hooglied in sy jeug, Spreuke in sy middeljare en Prediker is sy ouderdom geskryf. Die boek Spreuke kan as volg ingedeel word:

| | | |
|---|---|---|
| Spreuke 1-9 | Die woorde "My seun" kom gereeld voor. 'n Ouer persoon onderrig dus 'n jongere | Die wysheid is op alle ouderdomsgroepe van toepassing |
| Spreuke 10-22:16 | Die eerste versameling van Salomo. "My seun" ontbreek. Elke vers bevat 'n spreuk wat uit twee reëls bestaan | Die godvresende word met die goddelose vergelyk asook reg met onreg. |
| Spreuke 22:17-24 | Die woorde "My seun" kom gereeld voor. 'n Ouer persoon onderrig dus 'n jongere | Die wysheid is op alle ouderdomsgroepe van toepassing |
| Spreuke 25-29 | Die tweede versameling van Salomo. Dit is saamgestel deur die manne van Hiskia tydens die oplewing van sy tyd | Die Spreuke fokus op die ekonomie en landbou eerder as etiese aspekte. |
| Spreuke 30-31 | Gebed en onderrigting van Agur en die vermanings van koning Lemuel se moeder aan haar seun | Die boek word afgesluit met 'n alfabetiese gedig – 'n loflied vir die deugsame vrou. |

Dit begin soos volg:

*1 Die Spreuke van Salomo, seun van Dawid, die koning van Israel: 2om vertroud te raak met wysheid en vermaning, om woorde van insig te verstaan; 3om vermaning wat begrip kweek, te ontvang, begrip vir wat regverdig en billik en reg is; 4 om onkundiges vernuf aan te leer, jongmense kennis en goeie oordeel 5– 'n wyse sal luister en geleerdheid vermeerder, en 'n verstandige sal leierskap verwerf – 6om 'n spreuk en 'n gesegde te begryp, die woorde van wyses en hulle raaisels. 7 Ontsag vir die Here is die begin van kennis; wysheid en vermaning – net sotte verag dit.* (Spreuke 1).

Die boek leer ons die doel van wysheid in hierdie paar verse:

*1 My seun, as jy my woorde aanvaar, my opdragte veilig by jou hou 2 deur aandagtig te luister na wysheid, jou hart te rig op verstandigheid, 3 ja, as jy om insig roep, hardop roep om verstandigheid, 4 as jy dit nastreef soos silwer, dit soos 'n verborge skat naspeur, 5 dan sal jy insig hê in ontsag vir die Here, en kennis van God sal jy vind.* (Spreuke 2).

### iv. Wysheid in Prediker

Die boek Prediker is geskryf deur Salomo in die latere deel van sy lewe. Ons sien in die boek hoe Salomo kyk na alles wat hy gedoen en vermag het en die sin daarin bevraagteken.

Om die kernboodskap van die boek te verstaan, help dit om die herhalende sinsnedes "Onder die son", wat 24 keer voorkom en "sinloos, volslae sinloos" (2020 vertaling) of "alles is tevergeefs" (1983 vertaling), wat 37 keer voorkom, in rooi te onderstreep. Hierdie sinne is die slotsom as mens die lewe slegs vanuit 'n menslike perspektief beskou. Onder die son, sonder God, is alles tevergeefs, sinloos.

*1Die woorde van Prediker, seun van Dawid, koning in Jerusalem. 2 Sinloos, volslae sinloos, sê Prediker, sinloos, volslae sinloos; alles is sinloos! 3 Watter voordeel is daar vir 'n mens met al sy inspanning waarmee hy hom afsloof onder die son? 4Geslagte kom en geslagte gaan, en die aarde bestaan vir altyd. 5Die son kom op en die son gaan onder, en haas hom na sy plek waar hy opkom.* (Prediker 1).

Maar as mens die boek deur die bril van geloof in God ondersoek, ontvou 'n ander werklikheid. Vrees (ontsag) vir God (3:14, 5:6, 7:18, 12:13-14) lei tot teenwoordige en ewige vreugde (2:24-25, 3:12-13, 22, 11:8-9). Terwyl dit vir die wêreld mag lyk asof alles nutteloos, verganklik en doelloos is, bring die vrees vir God diepgaande vreugde, want ons weet alles het ewigheidswaarde.

*12Ek het besef dat daar tussen hulle niks beter is nie as om vreugde te ervaar en die goeie te geniet in die lewe – 13 ja, elke mens – dat hy eet en drink en die goeie geniet by al sy inspanning. Dit is 'n gawe van God. 14Ek het besef dat alles wat God doen, vir altyd sal bestaan. Daaraan kan niks toegevoeg word nie, en daarvan kan niks weggeneem word nie. God het dit gedoen* ***sodat*** *hulle ontsag vir Hom sal hê.* (Prediker 4).

So, in al drie die wysheidsboeke is die gevolgtrekking dieselfde:

*13 Die slotsom is, nadat alles gehoor is: Betoon ontsag vir God en kom sy gebooie na; dit geld immers die hele mensdom.* ***14 Want*** *oor elke daad sal God self oordeel, oor alles wat verborge is, of dit goed is of kwaad.* (Prediker 12).

### v. Hooglied

Die boek is een van die uitnemendste van Salomo se gedigte. Daar is twee hoofkarakters in die boek, naamlik Salomo en sy Sulamitiese geliefde. Daar is ook ‘n koor van die dogters van Jerusalem en in die laaste hoofstuk word die broers van die bruid genoem.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

<u>Hooglied 1-3:5 Hofmakery.</u>

*Laat hy my met die soene van sy mond soen; ja, jou liefkosings is beter as wyn.* (Hooglied 1:2)

<u>Hooglied 3:6-5:1 Huwelikserimonie.</u>

*12 'n Toegesluite tuin is my suster, my bruid, 'n toegesluite put, 'n verseëlde fontein. 13 Jou bloeisels is 'n boord granate met heerlike vrugte,* (Hooglied 4:12-13)

<u>Hooglied 5:2-6:3 Huwelikslewe.</u>

*3 Ek behoort aan my liefste en my liefste behoort aan my, hy wat tussen die narsings wei.* (Hooglied 6:3).

<u>Hooglied 6:4-end Ewigdurende liefde.</u>

*“Ek behoort aan die man wat ek liefhet en dit is na my dat hy smag.* (Hooglied 7:10)

Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie. Al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal, hy sal daaroor uitgelag word.” (Hooglied 8:7)

Deur die eeue heen glo die Christene dat die boek nie net ‘n liefdeslied is nie, maar ook ‘n dieper geestelike betekenis het. Die boek sien ook op Christus se verhouding met die kerk. Hy is die Bruidegom wat die Hemelse Woning verlaat het om in hierdie donker wêreld vir Homself ‘n bruid (die gelowiges) te kom gereed maak.

### vi. Psalms

Die Psalms is deur verskillende outeurs gedig en oor ‘n periode van duisend jaar versamel. Dit strek van ongeveer 1400 v.C. toe Moses Psalm 90 geskryf het tot 444 v.C. toe volgens oorlewering Esra Psalm 1 en Psalm 119 by die bundel bygevoeg het. Dis waarskynlik dat die eerste gedeelte deur Dawid, die tweede deur Salomo en die derde deur die manne van Hiskia saamgestel is. Die vierde en vyfde gedeeltes is waarskynlik deur Esra en Nehemia saamgestel. Die enigste verklaring vir die hegte eenheid in gees en gedagte in die boek is dat dit deur ‘n Goddelike Outeur geïnspireer is. Net soos Job is die psalms vir gelowiges geskryf en nie vir ongelowiges nie.

Psalms is ‘n ongelooflike boek:

1. Geen ander boek in die Ou Testament openbaar soveel aangaande die Wese van God nie.
2. Geen ander boek word so baie in die Nuwe Testament aangehaal nie.
3. Geen ander boek besing die lof van Gods Woord soos die Psalms nie.

Hier is 'n lys van enkele van die belangrikste tipes psalms wat in die boek gevind word:

1. Lof- en Dankliedere: God word verheerlik en geprys (Psalm 8, Psalm 100).

2. Klaagliedere: Uiting van ellende of smart (Psalm 22, Psalm 69).
3. Koninklike Psalms: Die viering van goddelike of aardse koningskap (Psalm 2, Psalm 110).
4. Wysheidsliedere: Bied insigte in 'n regverdige en wyse lewe (Psalm 1, Psalm 37).
5. Boete psalms: Uiting vir berou van sonde (Psalm 51, Psalm 32).
6. Vervloekingspsalms: Bid vir oordeel oor vyande (Psalm 109, Psalm 137).
7. Vertrouenspsalms: Vertroue op God se beskerming (Psalm 23, Psalm 91).
8. Pelgrimsliedere: Liedere gesing op pelgrimstogte op pad na die tempel (Psalm 120-134).
9. Liedere oor Sion: Die viering van Jerusalem as God se woning (Psalm 48, Psalm 87).
10. Historiese psalms: Vertelling van Israel se geskiedenis (Psalm 78, Psalm 105).
11. Messiaanse Psalms: Profesieë oor die komende Messias (Psalm 22, Psalm 110).
12. Skeppingspsalms: Viering van God se skepping (Psalm 19, Psalm 104).
13. Akrostiese Psalms: Gebruik van alfabetiese struktuur (Psalm 119, Psalm 25).

Psalms 1 en 2 gee 'n oorsig oor die boek Psalms:

*1Gelukkig is die mens wat nie die raad van goddeloses volg, nie op die pad van sondaars gaan staan en nie in die byeenkoms van spotters sit nie, **2maar** wat vreugde vind in die wet van die Here en sy wet dag en nag mymerend prewel. 3So iemand sal wees soos 'n boom geplant langs watervore, wat sy vrugte op sy tyd gee en waarvan die blare nie verdor nie. Alles wat hy aanpak, gedy. 4So is die goddeloses nie; inteendeel, hulle is soos kaf wat die wind wegwaai. 5Daarom sal goddeloses nie kan opstaan tydens die regspraak, of sondaars in die byeenkoms van regverdiges nie. 6Ja, die Here dra sorg vir die pad van regverdiges, maar die pad van goddeloses loop dood.* (Psalm 1).

*1 Waarom is die volke rusteloos en maak die nasies nuttelose planne? 2 Die konings van die aarde neem stelling in en die heersers span saam teen die Here en sy gesalfde: 3"Kom ons breek hulle boeie stukkend, kom ons gooi hulle bande van ons af!" 4Hy wat in die hemel sit, lag; my Heer dryf die spot met hulle. 5Dan spreek Hy hulle in sy toorn aan, met sy woede verskrik Hy hulle: 6"Ek self het my koning gesalf op Sion, my heilige berg." 7Ek wil die vaste besluit bekend maak: Die Here het vir my gesê: "Jy is my seun, vandag het Ek jou verwek. 8 Vra dit van My en Ek sal volke gee as jou erfdeel, die uithoeke van die aarde as jou eiendom. 9 Jy sal hulle verpletter met 'n ystersepter, soos erdewerk sal jy hulle stukkend slaan." **10Daarom,** konings, wees verstandig; wees gewaarsku, regters van die aarde. 11 Dien die Here met ontsag en juig Hom toe met bewing! 12Soen die seun, **sodat** Hy nie toornig word en julle op pad omkom nie, want sy toorn vlam maklik op. Gelukkig is almal wat by Hom skuil.* (Psalm 2).

Daar is Psalms vir elke situasie waarin jy sal verkeer. Dit verdiep jou gebedslewe as jy in daardie situasies die psalms tot God bid. Daar is soveel besondere psalms, luister maar met na Psalm 19:

*1Vir die musiekleier. 'n Psalm. Van Dawid.*

*2 Die hemelruim verkondig **die eer van God** en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend. 3Dag ná dag bring dit 'n boodskap voort en nag ná nag deel dit kennis mee. 4Alhoewel daar geen spraak en geen woorde is nie en hulle stem nie hoorbaar is nie, 5gaan hulle boodskap uit oor die hele aarde en hulle woorde tot aan die einde van die wêreld. Vir die*

*son het Hy 'n tent opgeslaan in die hemel. 6Die son is soos 'n bruidegom wat by sy slaapkamer uitgaan – vol vreugde, soos 'n held wat op die pad hardloop. 7Aan die een kant van die hemel gaan hy op en aan die ander kant gaan hy onder, en niks ontkom aan sy hitte nie.*

*8Die wet van die Here is volmaak, dit gee nuwe lewenskrag;*

*die bepalings van die Here is betroubaar, dit gee wysheid aan die onkundiges.*

*9Die opdragte van die Here is reg, dit maak die hart bly;*

*die gebod van die Here is suiwer, dit verhelder die oë.*

*10Ontsag vir die Here is rein, dit hou vir altyd stand;*

*die beslissings van die Here is waar, dit is almal regverdig.*

*11Dit is begeerliker as goud, begeerliker as 'n oormaat fyngoud; dit is soeter as heuning, as 'n heuningkoek wat drup. 12Boonop, u dienskneg word daardeur gewaarsku; wanneer 'n mens daarby hou, is die beloning groot.*

*13Wie het insig in sy onbewuste dwalings? Spreek my vry van verborge sondes! 14Weerhou u dienskneg ook van vermetelheid. Laat dit nie oor my heers nie; dan sal ek onskuldig wees en vry van ernstige oortredings. 15Laat die woorde van my mond en die bepeinsing van my hart vir U aanvaarbaar wees, Here, my Rots en my Verlosser.* (Psalm 19).

Die boek beklemtoon dat almal God moet eer, loof en prys en eindig ook so:

*1Halleluja! Loof God in sy heiligdom, **loof** Hom in sy magtige hemelkoepel; **2loof** Hom oor sy kragtige dade, **loof** Hom na die omvang van sy grootheid! **3Loof** Hom met die geskal van ramshorings, **loof** Hom met harp en lier; **4loof** Hom met tamboeryn en koordans, **loof** Hom met snaarinstrument en fluit; **5loof** Hom met die klank van simbale, **loof** Hom met die slag van simbale! 6Alles wat asem het, moet die Here **loof!** Halleluja!* (Psalm 150).

### c. Ek glo en gehoorsaam

Beide die wysheidsboeke en digterlike boeke leer ons wysheid. Die Nuwe Testament bevestig God drie enig is die inhoud van hierdie wysheid:

#### i. God, die Vader is die bron daarvan:

*5 As enigiemand van julle wysheid kortkom, laat hy dit vra van God, wat aan almal gee, sonder voorbehoud en sonder verwyt, en dit sal aan hom gegee word.* (Jakobus 1).
Let op ons verkry dit deur gelowige gebed.

#### ii. Christus is die onderwerp van die wysheid:

Ons het dit saam gelees in ons opening: *30Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding*. (I Korinthiërs 1).

#### iii. Die Heilige Gees is die gewer van die wysheid:

*Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader aan wie **die heerlikheid** behoort, **deur sy Gees** aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.* (Efesiërs 1:17, 1983).

**d. Ek vertel en verheerlik**



**Job.**
In ‘n soeke na wysheid bly mense loop,
maar wysheid is nie self te vinde of te koop.
God, wat alles sien – alle wysheid is in Hom.
Ontsag vir Hom, is al hoe jy wysheid bekom.



**Spreuke (Spr 1:1-7).**
Wat die boek Spreuke probeer,
is om mense wysheid te leer:
Kennis begin met die dien van die Heer!
Ja, doen alles tot Sy eer!




**Prediker. (Gelees by die huttefees, 7e maand.)**
‘n Gejaag na wind?
Nie vir God se kind!
Dien jý vir God?
Hou jý Sy gebod!



**Hooglied. (Gelees by fees van ongesuurder brood, 1ste maand.)**
Ek smeek julle vroue
luister voor julle troue:
Moenie die liefde wakker maak
voor die tyd ryp daarvoor raak! (Refrein in Hooglied.)



**Psalms.**
Psalms is ‘n wonderlike boek,
dit besing die lewe uit elke hoek.
Jy kry daar profetiese stof
en heelwat gedigte vol lof.
Die Woord besing in wysheidspsalm.

Vloek word ook in party weergalm.
In sommige word sonde bely.
Klaag en verdriet sal jy ook kry.
Fees en pelgrimslied in vertroue,
want deur geskiedenis hul behoue.

**Wysheid in die Nuwe Testament.**
Kort jy wysheid om swaarkry te dra,
moet jy dit, in geloof, van God vra. (Jak 1:5-8).
Christus is die wysheid wat van God kom, (I Kor 1:30)
gee daarom alle eer net aan Hom. (Ef 1:12).

## 12. Samevatting

### a. Ek hoor.

O God, U is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. As ons nou terugdink en probeer saamvat wat ons geleer het, lei ons om in dankbaarheid U te eer vir wie U is en wat U vir ons gedoen het. Amen.

Ons lees uit Openbaring 20:

*7Wanneer die duisend jaar verstryk het, sal Satan uit sy gevangenskap losgelaat word. 8Dan sal hy optrek om die nasies tussen die vier uithoeke van die aarde, die Gog en Magog, op 'n dwaalspoor te lei, en om hulle te mobiliseer vir die oorlog. Hulle getal is soos die sand van die see. 9Hulle het van oor die breedte van die aarde opgeruk, en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur uit die hemel neergedaal en hulle verteer. 10Die Duiwel wat hulle op 'n dwaalspoor gelei het, is toe in die poel van vuur en swael gegooi waar die dier en die vals profeet ook is. En hulle sal dag en nag gefolter word,* vir ewig en ewig.

*11 Toe het ek 'n groot wit troon gesien, en Iemand wat daarop sit. Die aarde en die hemel het van sy aangesig af weggevlug, en daar was nie meer plek vir hulle nie. 12 En ek het die dooies, die magtiges en die geringes, voor die troon sien staan. Toe is die boekrolle oopgemaak. 'n Ander boekrol is ook oopgemaak, naamlik die een van die lewe. Die dooies is, op grond van wat daar in die boekrolle opgeteken is, volgens hulle dade geoordeel. 13Die see het toe die dooies wat daarin is, teruggegee, en die dood en Hades het die dooies wat daarin is, teruggegee. Elkeen is volgens hulle dade geoordeel. 14Toe is die dood en die Hades in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel. 15 En as gevind is dat iemand nie in die boekrol van die lewe opgeteken is nie, is hy in die vuurpoel gegooi.* (Openbaring 20).

Ons lees verder uit Openbaring 21:

*1Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het tot niet gegaan, en die see bestaan nie meer nie. 2En ek het die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal. Sy is gereedgemaak, soos 'n bruid wat versier is vir haar man. 3Ek het toe 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, God se woonplek is by die mense. En Hy sal by hulle woon; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. 4Hy sal elke traan uit hulle oë afdroog. En die dood sal nie meer daar wees nie; ook nie rou of 'n gehuil of pyn sal meer bestaan nie; want die eerste dinge het verbygegaan."*

*5Hy wat op die troon sit, het gesê: "Kyk, Ek maak alles nuut. " En Hy het ook gesê: "Skryf neer dat hierdie woorde betroubaar en waar is." 6Verder het Hy vir my gesê: "Dit is afgehandel! Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Dié wat dors is, sal Ek laat drink uit die fontein van lewegewende water – verniet! 7Wie oorwin, sal hierdie dinge beërf, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.* ***8Maar*** *vir die lafhartiges, ongelowiges, losbandiges, moordenaars, hoereerders, towenaars, afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is die brandende poel van vuur en swael; dit is die tweede dood."*

*9Daarop het een van die sewe engele wat die sewe bakke vol van die sewe laaste plae vashou, gekom en met my gepraat en gesê: "Kom hierheen, ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam." 10Hy het my toe deur die Gees na 'n groot en hoë berg geneem, en aan my die*

*heilige stad Jerusalem gewys wat van God uit die hemel neergedaal het. 11 Die stad was vol **van die heerlikheid van God** – haar glans het net soos dié van 'n baie kosbare edelsteen gelyk, soos kristalhelder jaspis.* (Openbaring 21).

…

*22 'n Tempel het ek egter nie in haar gesien nie, **want** die Here God, die Almagtige, en die Lam is haar tempel. 23Ook het die stad nie die son en die maan nodig om haar te verlig nie, **want** die **heerlikheid van God** het haar verlig, en die Lam is haar lamp. 24En die nasies sal leef in haar lig, en die konings van die aarde sal hulle heerlikheid na haar toe bring. 25 Haar poorte sal bedags nie gesluit word nie, en daar sal ook nie meer nag wees nie. 26 Hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies na haar toe bring. 27En niks wat besoedel is, en niemand wat iets gruweliks en vals gedoen het, sal ooit toegang tot haar kry nie, slegs hulle wat opgeteken is in die boekrol van die lewe van die Lam.* (Openbaring 21).

Ons lees dan ook ‘n paar verse uit Openbaring 22:

*1 Toe het die engel aan my 'n rivier met die water van die lewe gewys. Dit was helder soos kristal, en het gestroom uit die troon van God en die Lam. 2In die middel, met die hoofstraat aan die een kant en die rivier aan die ander kant, staan die boom van die lewe, wat twaalf keer vrugte dra – elke maand dra dit vrug. En die blare van die boom bring genesing vir die nasies. 3Daar sal geen vloek meer wees nie. Die troon van God en die Lam sal in die stad wees, en sy diensknegte sal Hom dien. 4Hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam is op hulle voorkoppe. 5Daar sal ook nie meer nag wees nie. Die behoefte aan die lig van 'n lamp en die lig van die son sal nie meer bestaan nie, **omdat die Here God hulle sal verlig,** en hulle vir ewig en ewig as konings sal heers.* (Openbaring 22).

**b. Ek sien**

In die eerste les het ons die eerste drie hoofstukke van die Bybel gelees. Hier het ons nou die laaste drie gelees. Hierdie boek eindes, die eerste drie en laaste drie hoofstukke kom baie ooreen.

Die Ou Testament het die heilsgeskiedenis van God openbaar deur verhale waarin God Homself meer en meer geopenbaar het: Die oergeskiedenis het hom uitgewys as die Skepper, die Aartsvader verhale as die Verbondsgod, die Uittog verhale as die almagtige God en die woestyntog verhale as die God wat straf, maar ook genade betoon.

Met die inname van die land leer ons Hom ken as die God wat beloftes vervul, maar in Rigters ook die God wat straf en tog hulp gebede verhoor. Deur die konings leer ons Hom ken as die ewige Koning en die profete wys vooruit na ‘n Nuwe Verbond en Messias wat sou kom.

Regdeur al die verhale sien ons die mens wat net verder en verder van God weg beweeg en Sy straf verdien. Die ballingskap het God se toorn, maar ook Sy regverdigheid uitgewys en alle volke, tale en nasies het geweet wie God is. Met die terugkeer het God sy verbondstrou gewys en deur Daniël se gesigte bevestig dat Hy, soewerein is, in beheer is en die heerser oor alle magte is.

Die eerste deel van die Ou Testament het gefokus op priesters, daarna konings en toe profete. Die Nuwe Testament het Jesus uitgewys as Profeet, Priester en Koning en roep ons ook nou op tot profeet, priester en koning.

Die Bybel het begin met die skepping en eindig met die herskepping. Die tuin van Eden met sy bome en waterstrome word weer geskets met die rivier wat vanaf die troon van God vloei en lewe bring met bome wat vrug dra twaalf maande van die jaar en die Boom van die lewe as simbool van ewige lewe.

Die sondeval in Genesis 3 maar ook die mense se volgehoue sonde daarna het die verhouding met God verbreek. Christus se menswording en kruisiging het vir die sonde betaal en so die verhouding met God herstel. Hy het opgestaan uit die dood, opgevaar na die hemel en so ook die dood vir ons oorwin. Hy het Sy Gees gestuur om in ons harte te kom woon en so die weg na God oopgemaak. Ons word heilig gemaak sodat ons met die wederkoms soos ‘n bruid met wit klere by die bruilofsmaal van die Lam kan aansit.

**Boekeindes.**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Heilsgeskiedenis | | | | | | | Versoening | Heiligmaking | Wederkoms |
| Oerge skiedenis | Artsvader - vreemdelinge | Israel as 12 stamme | Verenigde ryk | Verdeelde ryk | 70 jaar | Terugkeer | Evangelies | Verspreiding van die Evangelie | Die toekoms |
| Voorafbestem | | | | | | | | | Doel: God se eer |
| Skepping | | | | | | | Menswording | Wedergeborte | Herskepping |
| Sonde, eie eer, verhouding met God verloor | | | | | | | Sonde vergewe, verhouding herstel | | Bruid met wit klere |
| Paradys (bome, riviere) verloor | | Vreemdeling en tabernakel | Land met tempel | Land en tempel verloor en weer herstel | | | Christus die tempel | Tempels van die Heilige Gees | Nuwe Jerusalem (bome, rivier) |
| Werks verbond | Verbond met Abraham | Verbond en wet vir Israel | | Nuwe verbond voorspel | | | Nuwe verbond vir alle nasies | | Boek van die Lam |
| Geloof | | Gelowige oorblyfsel | | | | | Geseënde oorblyfsel uit alle nasies | | Almal bring eer aan God |
| | | Priesters | | | | | Priester | Priesters | |
| | | | Konings | | | | Koning | Konings | |
| | | | | Profete | | | Profeet | Profete | |
| **Ou Testament** | | | | | | | **Nuwe Testament** | | |
| Pentateug | | Wysheid en poëtiese boeke. | | | | | Evangelies | Handelinge / Briewe | Openbaring |
| | | Geskiedenis boeke | | Profete | | | | | |

In die paradys was daar nie ‘n tempel nie. God was teenwoordig by die mense. Na die sondeval was die tydelike oplossing die tabernakel. ‘n Weg tot versoening en ‘n teken van God se teenwoordigheid by Sy volk. In Salomo se tyd is die tabernakel met ‘n tempel vervang wat afgebrand en weer herstel is in en na die ballingskap. Die Nuwe Testament verwys eers na Christus as die tempel en later ook na christene as tempels van die Heilige Gees. In Openbaring staan daar dat in die Nuwe Jerusalem daar geen tempel of son sal wees nie, want God se heerlikheid sal die lig wees en Hy sal ten volle in die teenwoordigheid van Sy mense wees.

As opsomming kom ons stap weer deur die Ou Testament en sien hoe alles tot God se eer bedoel is:

**i. Voorbeskik: Alles tot Sy eer.**

Niks van hierdie geskiedenis was ‘n verrassing vir God nie. Dit was alles voorbestem tot Sy eer.

*3**Lofwaardig** is die God en Vader van ons Here Jesus Christus! Dit is Hy wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel. 4So het Hy ons voor die grondlegging van die wêreld in Hom uitgekies, **sodat** ons heilig en onberispelik in liefde voor Hom sou wees, **5nadat** Hy ons voorbestem het **om** ons deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem, soos Hy dit volgens sy wil goedgedink het, **6tot lof van die heerlikheid** van sy genade, waarmee Hy ons in die Geliefde begenadig het.* (Efesiërs 1).

ii. **Skepping tot God se eer.**

*26 God het gesê: "Laat Ons mense maak **na ons beeld,** as ons afbeelding, **sodat** hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg." 27God het die mens geskep **na sy beeld, na die beeld van God** het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep.* (Genesis 1).

*6Ek sê vir die noorde, 'Gee!' en vir die suide, 'Moenie gevange hou nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af. 7 Elkeen wat na my Naam genoem is – **tot my eer** het Ek hom geskep, hom gevorm, ja, hom gemaak.' "* (Jesaja 43).

iii. **Sondeval: Eie eer.**

*23...Almal het trouens gesondig, en **die eer aan God** ontbreek by hulle. (Romeine 3).*

iv. **'n Volk uit aartsvaders om Hom te eer.**

*17soos daar geskryf staan: "Ek het jou die vader van baie nasies gemaak" – dit was hy in die oë van die God in wie hy geglo het, wat die dooies lewend maak, en dit wat nog nie bestaan nie, tot bestaan roep. 18Hy het teen alle verwagting in bly hoop, en geglo dat hy die vader van baie nasies sou word, soos gesê is: "Só sal jou nageslag wees." 19Sy geloof het nie verswak nie, al het hy besef dat sy eie liggaam reeds so te sê dood was – hy was reeds ongeveer 100 jaar oud – en dat Sara se moederskoot ook reeds dood was. 20Met die belofte van God in gedagte, het hy nie in ongeloof verval en begin twyfel nie; trouens, hy het sterker geword in die geloof, **en het die eer aan God gegee.*** (Romeine 4).

v. **Uittog verhale tot Sy eer.**

*1 Toe het Moses en die Israeliete hierdie lied vir die Here gesing. Hulle het gesê: "Ek wil sing vir die Here, want Hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiter het Hy in die see geslinger. 2My krag en sterkte is die Here, en Hy was my redding. Hy is my God, **en Hom sal ek vereer,** die God van my vader, **en Hom sal ek verheerlik.** 3"Die Here is 'n krygsman, Here is sy Naam.* (Eksodus 15).

vi. **Woestyntog verhale tot Sy eer.**

*2 Dink aan die hele pad waarlangs die Here jou God jou hierdie veertig jaar in die woestyn gelei het **om** jou nederig te maak, om jou te toets, om uit te vind wat in jou hart leef: Sou jy sy gebooie nakom of nie? 3 Hy het jou nederig gemaak, jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy nie geken het nie en jou voorouers ook nie geken het nie, sodat Hy jou kon laat verstaan dat die mens nie van brood alleen sal leef nie, maar dat die mens leef van elke uitspraak uit die mond van die Here. 4 Vir hierdie veertig jaar het die klere aan jou lyf nie verslyt nie en het jou voete nie geswel nie.*

*5" Wees dan in jou hart oortuig daarvan dat die Here jou God jou opvoed soos 'n man sy seun opvoed. 6Kom daarom die gebooie van die Here jou God na deur sy paaie te volg* ***en ontsag vir Hom te hê, 7 want*** *die Here jou God gaan jou in 'n goeie land bring: 'n land met waterryke dale, fonteine en ondergrondse water wat in die valleie en op die berge uitvloei; 8'n land met koring en gars, met wingerde, vyebome en granaatboorde, 'n land met olieryke olywe en heuning; 9'n land waar jy nie in armoede brood sal eet nie, ja, waar jy geen gebrek sal hê nie; 'n land waar die klippe ystererts is en waar jy kopererts in die berge myn. 10Jy sal eet en versadig word* ***en die Here jou God prys*** *oor die goeie land wat Hy aan jou gegee het.* (Deuteronomium 8).

### vii. Inname tot rigters

*19Die volk self het uit die Jordaan opgetrek op die tiende van die eerste maand. Hulle het kamp opgeslaan by Gilgal aan die oosgrens van Jerigo. 20 Daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het Josua in Gilgal opgerig. 21Hy het vir die Israeliete gesê: "As julle kinders in die toekoms vir hulle ouers vra, 'Wat beteken hierdie klippe?' 22dan moet julle aan julle kinders verduidelik, 'Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek.' 23 Want die Here julle God het die water van die Jordaan voor julle laat opdroog, totdat julle deurgetrek het, soos wat die Here julle God gedoen het met die Rietsee wat Hy voor ons laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het,* ***24 sodat*** *al die volke van die aarde mag weet dat die hand van die Here sterk is, en sodat julle altyd* ***vir die Here julle God ontsag*** *sal hê."* (Josua 4).

### viii. Konings: Vir ewig op die troon.

*1'n Psalm. Van Dawid. Die Here is my herder; ek ly nie gebrek nie. 2 In groen weivelde laat Hy my rus; na water waar daar rusplek is, lei Hy my. 3Hy gee my nuwe lewenskrag; Hy lei my op die regte paaie* ***ter wille van sy Naam.*** (Psalm 23).

***22Daarom,*** *U is groot, Here, my Heer; ja, daar is niemand soos U nie. Daar is geen God behalwe U nie,* volgens alles wat ons met ons *eie ore gehoor* het. *23 En wie is soos u volk, soos Israel, die enigste nasie op aarde* van wie dit geld *dat God gegaan het om hulle vir Homself vry te koop as 'n volk, en om* ***vir Homself naam te maak*** *deur aan hulle grootse en wonderlike dade te doen,* en aan u land, *ter wille van u volk wat U vir U vrygekoop het van Egipte, van die nasies en die gode van Egipte? 24U het u volk Israel vir U as volk gevestig vir altyd. U, Here, U het hulle God geword. 25 Here, God, doen dan nou die woord gestand wat U gespreek het oor u dienskneg en sy huis, vir altyd; doen wat U gesê het,* **26sodat** ***u Naam vir ewig groot sal wees****, en daar gesê sal word, 'Die Here, Heerser oor alle magte, is God oor Israel.'* (II Samuel 7).

### ix. Verdeelde ryk.

*1 In die sterfjaar van koning Ussia het ek my Heer sien sit op 'n hoë en verhewe troon. Die some van sy kleed het die tempel gevul. 2 Serafs het bo Hom gereedgestaan. Elkeen het ses vlerke gehad: Met twee vlerke het elkeen sy gesig bedek, met twee het hy sy voete bedek en met twee kon hy vlieg. 3Hulle het na mekaar geroep en gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here, Heerser oor alle magte!* ***Die hele aarde is vol van sy heerlikheid."*** (Jesaja 6).

*10 Kyk, Ek het jou gelouter, maar nie in 'n silwersmeltoond nie. Ek het jou getoets in die smeltkroes van ellende. 11 Ter wille van Myself, ja, ter wille van Myself tree Ek op. Want hoe*

*sou **my Naam** nie ontheilig word nie! **En my heerlikheid** – aan geen ander sal Ek dit gee nie.* (Jesaja 48).

### x. Ballingskap ter wille van Sy Naam.

*22"**Daarom,** sê vir die huis van Israel, 'So sê my Heer, die Here: "Nie ter wille van julle doen Ek dit nie, huis van Israel, **maar** slegs ter wille van my **heilige Naam,** wat julle ontheilig het onder die nasies waarheen julle gegaan het. 23 Ek sal my groot Naam heilig, wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het. Die nasies sal besef dat Ek die Here is," is die uitspraak van my Heer, die Here, "wanneer Ek Myself deur julle as die Heilige betoon voor hulle oë. 24 Ek sal julle uit die nasies neem, en julle bymekaarmaak uit al die lande. Ek sal julle na julle grond bring. 25 Ek sal rein water oor julle sprinkel, en julle sal rein wees. Van al julle onreinhede en van al julle afgodsbeelde sal Ek julle reinig. 26 Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee, 'n nuwe gees sal Ek in julle binneste gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en vir julle 'n hart van vlees gee. 27 My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer. 28Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorouers gegee het. Julle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n God wees.* (Esegiël 36).

### xi. Terugkeer: Prioriteite tot my eer.

*7So sê die Here, Heerser oor alle magte: "Neem ter harte wat julle beleef het: 8Gaan teen die berge uit, bring hout en herbou my huis; dit sal vir My vreugde verskaf **en Ek sal daardeur verheerlik word."** Dit is wat die Here sê.* (Haggai 1).

*1Daarom dan, vir julle geld hierdie beslissing, priesters: 2 "As julle nie luister nie, en dit nie ter harte neem **om my Naam te eer** nie," sê die Here, Heerser oor alle magte, "sal Ek 'n vloek onder julle instuur en Ek sal dit wat vir julle tot seën moet wees, vervloek. Trouens, Ek het dit reeds vervloek omdat julle die saak nie ter harte neem nie.* (Maleagi 2).

### xii. Ander boeke

*1Halleluja! Loof die Here uit die hemel; loof Hom in die hoogtes! 2Loof Hom, al sy engele; loof Hom, al sy hemelse magte! 3Loof Hom, son en maan; loof Hom, al die helder sterre! 4Loof Hom, hoogste hemele en die water wat bo die hemelkoepel is!* (Psalm 148).

### xiii. Nuwe Testament

*1In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, 2maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur sy Seun. Hom het Hy aangestel as erfgenaam van alle dinge, en deur Hom het Hy ook die wêreld geskep. **3Hy is die uitstraling van God se heerlikheid, en die ewebeeld van sy wese.** Hy hou alles in stand deur sy magtige woord; en nadat Hy die reiniging van sondes bewerk het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogtes. 4Hy is hoog bo die engele verhef, net soos wat Hy **'n Naam** geërf het wat uitnemender as hulle s'n is.* (Hebreërs 1).

*1Jesus het hierdie dinge gesê, en toe sy oë na die hemel opgerig en gesê: "Vader, die uur het aangebreek. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik – 2net soos U aan Hom gesag oor die hele mensdom gegee het, **sodat** Hy aan elkeen wat U aan Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. 3En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus. 4Ek het U op die aarde **verheerlik** deur die werk te voltooi wat*

*U aan My gegee het om te doen. 5En nou, Vader, **verheerlik** My by U met die **heerlikheid** wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.* (Johannes 17).

*11Toe ek weer kyk, hoor ek die sang van baie engele rondom die troon, en van die lewende wesens en die ouderlinge. Daar was tienduisend maal tienduisende, duisend maal duisende, 12wat met harde stemme uitroep: "Waardig is die Lam wat geslag is, om die krag en rykdom en wysheid en sterkte en **eer en heerlikheid en lof** te ontvang." 13En ek het die hele skepping – in die hemel, op die aarde en onder die aarde, op die see, en alles wat daarin bestaan – hoor uitroep: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, kom toe **die lof en die eer en die heerlikheid** en die sterkte, vir ewig en ewig."* (Openbaring 5).

### c. Ek glo en gehoorsaam

*16 "Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan **verheerlik.**"* (Matteus 5).

*31 Of julle dan eet of drink of enigiets anders doen, doen **alles tot eer van God.*** (I Korinthiërs 10).

*9Ek bid juis dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in kennis en insig, 10om die dinge wat saak maak, te kan onderskei, **sodat** julle, met die oog op die dag van Christus, innerlik suiwer en onberispelik kan wees, 11gevul met die vrug van geregtigheid deur Jesus Christus **tot verheerliking en lof van God.*** (Fillippense 1).

As ons dit alles sien en glo kan ons nie anders as om God te verheerlik nie. Kom ons bely alles wat ons geleer het in die geloofsbelydenis:

<table>
<tr><th colspan="7">Opsomming.</th></tr>
<tr><td colspan="3">Heilsgeskiedenis</td><td>Versoening</td><td colspan="2">Heiligmaking</td><td>Wederkoms</td></tr>
<tr><td colspan="7">11In Hom is ons ook as erfgename uitverkies, voorbestem volgens die voorneme van die Een wat alles volgens sy raad en wil laat gebeur,<br>12sodat ons,wat van die begin af ons hoop op Christus gevestig het,kan bestaan tot lof van sy heerlikheid. (Ef 1:11-12)</td></tr>
<tr><td colspan="7">16Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het,<br>sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. (Joh 3:16).</td></tr>
<tr><td colspan="7">34 Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê.<br>Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. (Joh 13:34)</td></tr>
<tr><td colspan="7">"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. 19Gaan dan en maak dissipels van al die nasies,<br>deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees (Mat 28:19)</td></tr>
<tr><td>Ek glo</td><td colspan="3">en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;</td><td colspan="3">Ek glo in die Heilige Gees;</td></tr>
<tr><td>in God</td><td colspan="3">wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;</td><td colspan="3">Ek glo aan 'n heilige,</td></tr>
<tr><td>die Vader, die Almagtige</td><td colspan="3">wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is.</td><td colspan="3">algemene Christelike kerk,</td></tr>
<tr><td>die Skepper van hemel en aarde;</td><td colspan="3">Hy het die lyding van die hel ondergaan.</td><td colspan="3">die gemeenskap van die heiliges;</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="3">Hy het op die derde dag opgestaan uit die dood;</td><td colspan="3">die vergewing van sondes;</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="3">opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,</td><td colspan="3">die opstanding van die liggaam</td></tr>
<tr><td></td><td colspan="3">waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.</td><td colspan="3">en 'n ewige lewe.</td></tr>
<tr><th colspan="3">Ou Testament</th><th colspan="4">Nuwe Testament</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Pentateug</td><td colspan="2">5 Rolle. Wysheid en poëtiese boeke.</td><td rowspan="2">Evangelies</td><td rowspan="2">Handelinge</td><td rowspan="2">Briewe</td><td rowspan="2">Openbaring</td></tr>
<tr><td>Geskiedenis boeke</td><td>Profete</td></tr>
</table>

**d. Ek vertel en verheerlik**





**Voorbeskik: Alles tot Sy eer.**
Lof aan God oor die goeie nuus:
Hy het ons voor die skepping al uitverkies.
As kinders word ons deur Sy liefde versadig,
tot lof van Sy heerlikheid begenadig!




**Skepping tot God se eer.**
Die hemelruim verkondig God se eer,
‘n onhoorbare stem wat Hom vereer.
God het ons na Sy beeld formeer,
sodat ons lewe Hom moet vereer.




**Sondeval: Eie eer.**
Ons het die heerlikheid van God verruil,
vir dinge in Sy plek, sondig en vuil.
Ons almal is skuldig – eer aan God ontbreek:
Die heilige God gaan Hom op ons wreek!




**‘n Volk uit aartsvaders om Hom te eer.**
Abraham, Ek sal jou ‘n groot nasie maak,
sodat jy ‘n seën vir baie ander sal raak.
My volk Israel, Ek sal by jou kom woon,
deur jou wil Ek my heerlikheid toon.





**Uittog en woestyntog tot Sy eer.**
Deur tien plae en ‘n oopkloof see geleer:
Aan My kom toe al die lof en eer.
Opstandigheid in die woestyn om oor te skaam,
maar God vergewe, ter wille van Sy Naam!




**Konings: Vir ewig op die troon.**
Jy beplan ‘n tempel waarin ek moet woon,
maar Iemand regeer vir ewig op jou troon.
In ewigheid sal hulle voor Hom buig
en met lofsange Hom vereer en toejuig.




**Verdeelde ryk.**
Deur sonde het die volk in twee geskeur,
weinig konings het geleef tot God se eer.
Hiskia het God in gebed en vertroue geëer,
en God verslaan die vyand se hele leër.




**Ballingskap ter wille van Sy Naam.**
Omdat die volk nie geleef het tot God se eer,
moes hulle sewentig jaar in ballingskap verkeer.
So het hulle van God se heiligheid geleer,
en almal het besef: God is die enigste Heer.




**Terugkeer: Prioritiete tot my eer.**
Julle prioriteite is eie huise, so neem waar:
Julle bou nie my huis nie, daarom kry julle swaar.
Gaan kry hout en begin die tempel bou,
so word Ek verheerlik as julle op My vertrou.




**Profete waarsku: Julle moet my eer!**
Verwag die vloek as julle my nie eer,
sê, die Heerser oor alle magte, die Heer.
“ ‘n Gedenkboek met name van die wat My eer,
My kosbare besitting as Ek ingryp!”, sê die Heer.

## 13. Aanhangsel 1: Riglyne vir kleure gebruik.

Pers – God se eienskappe. Dinge wat God doen of as mense Hom verheerlik.

Donker blou – God se Woord. Gebede van die mens.

Groen – God se verbond en verbondsbeloftes. Vreugde van die mens.

Helder rooi – God se toorn.

Oranje – God se volk, gelowiges.

Donker rooi – die mens se sonde.

Ligblou – geloof, ontsag, hoor of sien van God se werk.

Bruin – Die tabernakel, tempel, beloofde land. Maar ook ander volke.

Grys – aanduidings van tyd.

# 14. Aanhangsel 2: Detail tydlyn, konings en profete.

